

GESKIEDENISVERSAKING

REVISIE

VAN 'N „GEKORRIGEERDE” BROSJURE VAN
PROF. DR. S. P. ENGELBRECHT

DEUR

DS. J. V. COETZEE
Gereformeerde Gemeente Potchefstroom



Prys 3/- Posvry

TB
284.268
COE

GESKIEDENISVERSAKING

REVISIE

van 'n "gekorreerde" brosjure van

Prof. Dr. S.P. Engelbrecht

deur

Ds. J.V. Coetzee



Inhoud

VOORWOORD	3
Hoofstuk I	4
'N JAMMERLIKE HAASTIGHEID.....	4
Hoofstuk II	11
NEO-CALVINISME OF GEREFORMEERDE SKOLASTIEK": OMSKRYWINGE VAN PROF. ENGELBRECHT	11
Hoofstuk III	17
DIE BELYDENIS "AKKOORD VAN KERKLIKE GEMEENSKAP"	17
Hoofstuk IV	28
DR. ENGELBRECHT EN DIE VRYE KERK	28
Hoofstuk V	37
PROF. ENGELBRECHT EN GEREFORMEERDE KERKREG	37
Hoofstuk VI	49
PROF. ENGELBRECHT OOR DR. A. KUYPER.....	49
Hoofstuk VII	53
PROF. ENGELBRECHT OOR DIE KONFESSIONELE PRAKTYK VAN DIE NED. HERVORMDE KERK	53

VOORWOORD

In hierdie brosjure wil ek prof. dr. S. P. Engelbrecht; van Pretoria van antwoord dien op sy geskrif: *Neo-Calvinisme — Ontwikkeling en Afwyking*, wat oorspronklik aan die begin van 1945 verskyn het, toe teruggeroep is en later in daardie jaar weer gewysig uitgegee is. Die rede waarom my antwoord nou eers verskyn, ná verloop van ongeveer twee jaar, het ek in die eerste hoofstuk verduidelik en ek het daar niks by te voeg nie. Die leser wat kennis geneem het van die boekie van prof. Engelbrecht sal wel sien dat ek nie op alles geantwoord het wat hy in sy boek te berde gebring het nie. Die rede hiervoor is dat die geagte professor heelwat aangeroeer het wat ongeveer glad nie verband hou met die punte waarmee die polemieë oorspronklik tussen ons begin het nie, soos hy dit gestel het in sy artikels in *Die Hervormer* en soos ek daarop geantwoord het in my boekie: *Neo-Calvinisme — Verbastering of Regte Ontwikkeling?* Hy het in sy antwoord aan my op allerlei sypaadjies afgedool en ek het dit nie nodig gevind om hom nou op hierdie sypaadjies te volg nie, omdat dit slegs die aandag kan aftrek van die kwessies wat oorspronklik deur hom aan die orde gestel is. Verder het die professor die gewone reël gevolg van 'n advokaat wat 'n swak saak het, nl. om sy teëstander uit te skel. Daarom ag ek dit ook nie nodig om bv. te antwoord op wat hy aan my adres en die van prof. dr. J.D. du Toit te sê het oor art. 36 van die Nederl. Geloofsbelydenis nie, en oor nog enkele ander sake.

In die Voorberig by sy boekie betuig prof. Engelbrecht sy leedwese dat hy sy brosjure die lig moes laat sien en se hy dat hy nie die stryd gesoek het nie, maar dat ds. Coetzee só 'n aanval op hom gedoen het dat hy nie mog swyg nie. Ek wil egter hieraan herinner dat my eerste boekie geskrywe is na aanleiding van sekere artikels van prof. Engelbrecht in *Die Hervormer* in die jare 1942 en 1943. Sonder die minste aanleiding van Gereformeerde kant daartoe het die geagte professor telkens in daardie artikels klappe aan die Gereformeerdes uitgedeel, in plaas van heeltemal objektief die artikels van die Geloofsbelydenis te behandel. As 'n man só maak, soek hy moeilikheid. En as hy dan teruggeslaan word, pas dit hom nie om verontwaardig uit te roep: "Kyk hoe slaan die man my," en dan te sê: "Ek het nie die stryd gesoek nie."

Ook in hierdie antwoord het ek gepoog om my streng te bepaal by die punte, soos dit oorspronklik deur prof. Engelbrecht self aan die orde gestel is. Ek vertrou dat ek hierin geslaag het en om die polemieë objektief te hou.

J. V. COETZEE.

Potchefstroom,
Desember 1946.

Elektroniese weergawe

In hierdie teks word die oorspronklike bladsynommers soos volg aangedui [xx].

[1] Hoofstuk I

'N JAMMERLIKE HAASTIGHEID

In Februarie 1945 het daar van die hand van prof. dr. S. P. Engelbrecht 'n brosjure verskyn onder die opskrif: *Neo-Calvinisme — Ontwikkeling en Afwyking.*" Hierdie geskrif is bedoel as 'n antwoord op die boekie: *Neo-Calvinisme — Verbastering of Regte Ontwikkeling?* wat van die hand van die skrywer van hierdie teenswoordige werkie in die loop van die jaar 1944 verskyn het. Laasgenoemde werk was 'n verweer teen sekere ongegronde beskuldigings en wanvoorstellings wat prof. Engelbrecht gepubliseer het in *Die Hervormer* in 'n reeks artikels oor die Nederl. Geloofsbelydenis — wanvoorstellings van die teologiese standpunt en rigting van wyle dr. A. Kuyper en van die Gereformeerde Kerke in Nederland en Suid-Afrika. In my boekie: *Neo-Calvinisme — Verbastering of Regte Ontwikkeling?* het ek destyds breedvoerig, met aanhalings uit wat prof. Engelbrecht self geskrywe het, die stand van die geskil weergegee, sodat dit nie nodig is om hier daarop terug te kom nie.

Toe prof. Engelbrecht in Februarie 1945 sy antwoord op my boekie die lig laat sien het, het hy aan my en aan ander persone komplimentêre eksemplare daarvan gestuur, op die titelblad waarvan geskrywe is: "Van die skrywer." Hierdie antwoord dra die spore van onbesonnenheid en haastigheid. Self moet prof. Engelbrecht dit ook wel spoedig ná publikasie agtergekom het. In alle geval, ongeveer agt dae ná ontvangs van die komplimentêre eksemplaar het ek en ander persone wat daarmee vereer was, die volgende brief ontvang:

[2]

Posbus 389,
Pretoria,
1 Maart 1945

Die Weleerwaarde Heer Ds. J. V Coetzee,
Pastorie van die Gereformeerde Kerk,
Kerkstraat,
Potchefstroom.

Weleerwaarde Heer,

In opdrag van 'n uitgewersfirma in Pretoria het ons gedruk 'n verhandeling getitel: *Neo-Calvinisme — Ontwikkeling en Afwyking.*

Ons is versoek om die werk as baie dringend te beskou, en proefeksemplare van die komplette werk binne baie kort tyd te lewer.

Onmiddellik nadat die proefeksemplare gelewer was, het ons tot ons groot spyt bemerk dat daar sinsnedes in voorkom wat ons onder geen omstandighede sou wil gepubliseer sien nie. Sonder versuim is aflewering gestaak, en opdrag gegee om alle eksemplare wat afgelewer was, terug te kry. Dit het nou geblyk dat daar een van die eksemplare aan u gepos is deur die skrywer. Sal u so goed wees die eksemplaar aan ons terug te stuur. Ons sal u later 'n verbeterde druk van die boek daarvoor in ruil gee.

Intussen wil ons weer ons groot leedwese betuig dat weens buitengewone omstandighede die drukproewe nie sorgvuldig nagesien is nie.

Hoogagtend,

Wallachs' Druk. en Uitg. My., Bpk.

Algemene Bestuurder.

Só haastig en onbesonne het dit toegegaan met die antwoord van prof. dr. Engelbrecht dat die drukkers, wat skynbaar maar gedruk het sonder om die inhoud te kontroleer,

onmiddellik nadat die publikasie die lig gesien het, moeite moes doen om dit terug te roep en ongedaan te maak, om sodoende hulself te vrywaar.

Op hierdie brief van die drukkers het die volgende antwoord gegaan:

[3]

Kerkstraat 28,
Potchefstroom,
2 Maart 1945.

Wallachs' Druk. en Uitg. Mpy., Bpk., Pretoria.

Geagte Here,

In antwoord op u brief van 1 Maart 1945 insake die verhandeling van prof. dr. S. P. Engelbrecht getitel: *Neo-Calvinisme — Ontwikkeling en Afwyking* en u versoek om terugsending van die eksemplaar in my besit, wil ek u meedeel dat ek van die skrywer self een ontvang het, volgens aantekening op die titelpagina. Indien die boek terug verlang word deur die skrywer wat my daarmee vereer het, is die regte weg seker dat die geagte skrywer en skenker self my skriftelik daarom vra, met opgaaf van redene waarom Syhooggeleerde dit terug verlang. Inmiddels bly die gevraagde eksemplaar berus onder my veilige bewaring, tesame met u brief.

Hoogagtend,
Geheel die uwe,

J. V. COETZEE.

Hierop is van prof. Engelbrecht self die volgende skrywe ontvang:

164 Lisdoganlaan,
Pretoria,
7 Maart 1945.

Vertroulik.

Waarde ds. Coetzee,

Soos die firma Wallach u reeds berig het, is die brochure wat ek aan u gestuur het, 'n ongekorrigeerde eksemplaar. Dit word nie so in die handel gebring of versprei nie. Ek bied u hiermee vriendelik my verontskuldiging aan dat ek in my haastigheid u so 'n ongekorrigeerde eksemplaar gestuur het en vra u vriendelik om daardie eksemplaar te beskou as nie-bestaande nie en dit dadelik aan my terug te stuur. Ek stuur u dan D.V. as dit gereed is, 'n gekorrigeerde eksemplaar.

Hoogagtend,
die uwe,

S. P. ENGELBRECHT.

[4] Hierdie brief van die geagte professor bevat sy eie erkenning dat hy "in sy haastigheid" gehandel het. Só onbesonne en haastig het hy gehandel toe hy sy antwoord op my boekie opgestel, met haas laat druk en aan mense komplimentêre eksemplare daarvan toegestuur het, dat hy onmiddellik nadat sy antwoord die lig gesien het, verplig was om te versoek dat dit aan hom teruggestuur moes word en om dit te beskou as "nie-bestaande nie."

Watter waarde kan daar nou geheg word aan die bewerings van 'n man wat in 'n wetenskaplik-teologiese polemiekie 'n antwoord opstel en in die lig gee wat hy self

onmiddellik daarna terugroep en ander dan vra: Beskou dit asseblief as "nie-bestaande nie"?

In sy brief het die geagte professor gesprek van 'n "ongekorrigeerde eksemplaar," sonder om egter nader te spesifiseer watter korreksiewerk daaraan nog moes gedoen gewees het en van watter foute dit nog moes gesuiwer word.

Op die bostaande brief het ek d.d. 9 Maart 1945 aan die geagte professor geskrywe en aan hom gevra om die ongekorrigeerde gedeeltes van sy brosjure vir my nader aan te dui, aangesien daarin geen druk- of spelfoute voorkom nie, waaruit 'n mens die gevolgtrekking moet maak dat die drukproewe, voordat die boek afgedruk is, goed en sorgvuldig nagelees is. Tewens het ek hom toe meegedeel dat ek nie, volgens sy versoek, dit kan beskou as "nie-bestaande" nie.

Ná ontvangs hiervan het prof. Engelbrecht in gebreke gebly om aan my mee te deel in watter opsigte die eksemplaar waarmee hy my vereer het, "ongekorrigeer" is. En so het hierdie "ongekorrigeerde eksemplaar" in my besit gebly en sal dit wel eventueel gedeponeer word in die argief van die Gereformeerde Gemeentes van Suid-Afrika, waar navorsers in die toekoms hierdie doodgebore kindjie van prof. dr. Engelbrecht, soos iemand dit tiperend genoem het, sal kan sien, saam met die korrespondensie wat daarby gelê sal word.

Later in die jaar 1945 het prof. Engelbrecht toe wel 'n boek uitgegee, getitel: *Neo-Calvinisme — Ontwikkeling en [5] Afwyking*. Dit is toe in die handel gebring. Die professor het egter toe nagelaat om te sê dat dit 'n "gekorrigeerde" uitgawe is, terwyl vergelyking met die sogenoemde "ongekorrigeerde" eksemplaar in my besit uitwys dat daar wel sekere veranderinge in aangebring is. Watter sg. korreksies die geagte professor toe daarin gemaak het, sal ek hier maar nie openbaar maak nie. Ek ag dit beter dat prof. Engelbrecht dit maar self doen. Ter wille van homself ag ek dit beter dat hy maar self daaraan openbaarheid gee en as wetenskaplike man só *amende honorable* maak, as dat navorsers later ontdek watter onbekookthede hy kon kwytraak, sodat hy self moes vra om sy werk te beskou as "nie-bestaande nie".

Dat hierdie antwoord op die sg. "gekorrigeerde" boek van prof. Engelbrecht nou eers die lig sien, het 'n goeie en gegronde rede. Hoewel die vraag opgekom het of 'n mens iemand te woord moet staan wat sulke verklarings kan doen as wat die professor in sy "ongekorrigeerde" boek gedoen het, het ons tog besluit om sy boek nie onopgemerk verby te laat gaan nie. Die rede vir die vertraging van ons antwoord lê egter elders. Professor Engelbrecht het dit goedgevind om in sy "gekorrigeerde" antwoord te verwys na 'n ernstige leergeding wat destyds in die Gereformeerde Gemeentes van Suid-Afrika hangende was en 'n deel van sy argumentasie daaraan te ontleen — iets wat hy trouens ook in die "ongekorrigeerde" uitgawe gedoen het. Hy het hierdie leergeding op sodanige manier daarby gehaal dat dit vir skrywer van hierdie verweer onmoontlik gemaak is om die professor gedurende die jaar 1945 te woord te staan. Daar moes noodwendig eers gewag word dat hierdie leergeding beëindig word. En ná die beëindiging daarvan op die buitengewone Sinode van die Geref. Gemeentes van Suid-Afrika in Februarie 1946 moes daar verder gewag word dat die Handeling van hierdie buitengewone Sinode eers in druk verskyn voordat daar gedink kon word aan 'n antwoord op die boek van prof. Engelbrecht. Want, in die eerste plaas, 'n mens skryf nie in die openbaar oor 'n geding wat hangende is in 'n hof om self vonnis daaroor te vel nie. So iets [6] is, in die wêreldlike reg, minagting van die hof. En, in die tweede plaas, om 'n juiste uitspraak in 'n saak te kan doen, moet 'n mens beskik oor al die gegewens — iets waarvoor prof. Engelbrecht destyds nie beskik het nie. En terwyl die skrywer van hierdie verweer destyds wel oor die gegewens beskik het, het goeie smaak hom verbied om hiervan gebruik te maak in 'n debat met prof. Engelbrecht. Nou is die geding egter beëindig en alle stukke wat voor die buitengewone Sinode gelê is, is beskikbaar om kennis van te neem. Daarom kan hierdie antwoord aan prof. Engelbrecht dan ook nou verskyn. Dat daardie bewuste leergeding in die Geref. Gemeentes van Suid-Afrika ook nou hierin ter sprake kom, is iets wat ons nie gesoek of gewil het nie. Liefs sou ons hieroor geswyg

het. Dit is nooit aangenaam om te praat oor 'n kwessie wat in jou eie huis voorgeval het nie. Maar prof. Engelbrecht het in sy boek op so 'n hoogs ongebillike manier na hierdie leergeding verwys dat ek verplig word om hierop terug te kom en die een en ander daarvoor te sê. Liefs sou ek hiervan verskoon gebly het, ook omdat ek as lid van die redaksie van *Die Kerkblad* en as kurator van die Teol. Skool so nou by die saak betrokke was. As prof. Engelbrecht tog maar so verstandig wou gewees het om wat hy in sy "haastigheid" hieromtrent in die "ongekorrigeerde" boek gesê het, te beskou as "nie-bestaande nie", en dit ook maar in die graffie van sy doodgebore kindjie te laat rus! Maar ongelukkig het hy goedgevind om daardie beentjie van die arme dingetjie te amputeer en te probeer aanlas aan die latere enetjie wat die lig gesien het as "gekorrigeerde eksemplaar." Was dit omdat hy bevrees was dat die bloedjie anders nie 'n beentjie sou gehad het om op te staan nie?

Die manier waarop prof. Engelbrecht die leergeding met dr. C.J.H. de Wet in sy antwoord aan ds. J. V. Coetzee te berde gebring het, getuig van 'n jammerlike "haastigheid," net soos sy hele "ongekorrigeerde brochure" daarvan getuig. Ons swyg hier maar van die goeie smaak van 'n persoon wat uitspraak doen in 'n leergeding in [7] 'n ander Kerk voordat die bevoegde kerklike vergadering nog kans gehad het om die saak te behandel!

In sy antwoord op my boekie: *Neo-Calvinisme— Verbastering of Regte Ontwikkeling?* probeer prof. Engelbrecht om die geskil tussen hom en ds. Coetzee te herlei tot verdagmakery van die geagte professor deur ds. Coetzee. Die beskuldiging dat ds. Coetzee prof. Engelbrecht probeer verdag maak, vorm skering en inslag in die betoog van sy antwoord: *Neo-Calvinisme — Ontwikkeling en Afwyking*. En met hierdie verweer: dis verdagmakery, probeer prof. Engelbrecht dan die boekie van ds. Coetzee af te kam. Dat laasgenoemde in sy boekie sekere wanvoorstellings en verkeerde bewerings van prof. Engelbrecht in *Die Hervormer* weerlê en openbaar gesignaleer het, is, volgens die geagte professor, pure verdagmakery van die kant van ds. Coetzee. Hierdie man, saam met ander Gereformeerdes, besonderlik prof. dr. S. du Toit en ds. T.T. Spoelstra, verstaan die kuns om ander mense onder verdenking te bring! Hulle skroom selfs nie om hul eie mense verdag te maak nie! En as hulle so iets met hul eie mense doen, hoeveel te meer dan nie met prof. Engelbrecht nie! So probeer die professor dan om die geskil tussen hom en die skrywer van *Neo-Calvinisme — Verbastering of Regte Ontwikkeling?* te herlei tot 'n poging van die kant van laasgenoemde om teen die professor verdenking te saai!

As bewys dat dit pure verdagmakery is, waar dit prof. Engelbrecht geld, word die volgende gesê: "Ook teen hulle eie mense tree die broeders soms op, en as voorbeeld noem ek die wyse waarop die Redaksiekommissie van *Die Kerkblad* wat uit ds. T.T. Spoelstra, ds. J. V. Coetzee en prof. S. du Toit bestaan, in die uitgawes van 18 Februarie, 3 Maart, 17 Maart, 6 April en 14 April 1944 prof. dr. C. J. H. de Wet van Potchefstroom probeer verdag maak, en wel op so 'n wyse dat prof. De Wet in *Die Kerkblad* van 5 Mei die volgende geskryf het: 'Dit is jammer dat die Redaksiekommissie nie die volle waarheid geskryf het in die inleiding van hul stuk oor my meditasies in *Die* [8] *Kerkblad* van 3 Maart 1944 nie. Wat die Kommissie verswyg het, is:

'1- Dat ek die Kommissie (die twee lede wat my kom spreek het) dringend, en ek meen ook billik, versoek het om tog nie 'n *voetnoot* onderaan my meditasie van 18 Februarie te skryf nie. As die Kommissie wil reageer op my meditasies, dan kan hulle artikels in *Die Kerkblad* skryf. In hierdie vorm sou ek reaksie selfs verwelkom.

'2. Dat ek aan die Kommissie gesê het dat na my beskouing hulle geen leertug-reg oor stukke vir *Die Kerkblad* het nie: hulle kan stukke *weier* as daar onbehoorlike of lasterlike dinge in staan, maar hulle kan dit nie weier net omdat dit nie strook met hulle sienswyse nie.

'Dit is die *volle waarheid*. Aangesien die Kommissie nie die volle waarheid openbaar het nie, en aangesien hulle my billike versoek so onbroederlik in die wind geslaan het, beskou ek dit nie nodig en ook nie wenslik om hul "opmerkinge" oor my meditasies (oor Uitverkiesing en Verwerping) te beantwoord nie. Ek moet egter die Kommissie ernstig

waarsku om nie deur ontakvolle optrede my onder verdenking van kettery by die Kerk te stel nie. Die Kommissie sal dan die gevolge daarvan moet dra."

Nadat prof. Engelbrecht hierdie stukkie *ex parte*-getuienis gegee het van die man wat self party in die geding was, gaan hy dan in sy boek voort: "As ds. Coetzee en prof. S. du Toit teen een van hulle eie professore, laasgenoemde teen 'n mede-kollega, so optree, hoe dan nie teen predikante en professore van ander Kerke nie?" (Blss. 10 en 11 van *Neo-Calvinisme — Ontwikkeling en Afwyking*, deur prof. dr. S. P. Engelbrecht.)

Hierdie verdediging dat ds. Coetzee teen prof. Engelbrecht probeer verdenking saai, met as bewys die optrede van die Redaksiekommissie van *Die Kerkblad* in verband met dr. De Wet, is deur die geagte professor neergepen aan die einde van 1944 of vroeg in 1945. Want dit het verskyn ook in die "ongekorrigeerde eksemplaar" wat my komplimentêr in die tweede helfte van Februarie 1945 toegestuur is. In daardie verband het daar in die ^[9] "ongekorrigeerde" uitgawe nog ander sinsnedes gestaan, waarvan die drukkers in hul brief aan my d.d. 1 Maart 1945 gesê het dat hulle dit "onder geen omstandighede sou wil gepubliseer sien nie" en waarvan prof. Engelbrecht self gesê het "dat ek in my haastigheid u so 'n ongekorrigeerde eksemplaar gestuur het en vra u vriendelik om daardie eksemplaar te beskou as nie-bestaande nie." Toe hy egter later in 1945 die "gekorrigeerde eksemplaar" in die lig gegee het, het hy daardie verweer dat daar teen dr. C.J.H. de Wet en gevolglik ook teen prof. Engelbrecht verdenking gesaai word in sekere mate gekorrigeer en oorgeneem, sodat hy dit toe weer nie beskou het as 'nie' bestaande nie." Daarom het ek gesê dat hy die beentjie van die doodgebore kindjie geamputeer en probeer aanlas het aan die latere enetjie en toe gevra of dit was omdat hy bevrees was dat die bloedjie anders nie 'n beentjie sou hê om op te staan nie.

Of prof. Engelbrecht ten tyde van die doodgeboorte van sy kindjie (dit was net tydens die sittinge van die Generale Sinode van die Geref. Gemeentes van Suid-Afrika in Februarie 1945) bewus daarvan was dat daar in die Geref. Kerk 'n ernstige leergeding hangende was wat voor daardie Sinode dien, laat ons hier in die midde. Toe hy egter later in 1945 die "gekorrigeerde" kindjie die wêreld ingestuur het, het hy dit wêl geweet. Want toe was daardie Sinode al maande lank agter die rug. En al was die sittinge van die Sinode in komitee en al was die Handelingte nog nie gepubliseer nie, het prof. Engelbrecht goed geweet dat die leergeding voor die Sinode gekom het, dat daar sekere uitsprake gedoen was, dat die Sinode aan dr. C.J.H. de Wet drie maande bedinktyd gegee het en die saak na die Kuratore van die Teologiese Skool terugverwys het. Hy was hom daar baie goed van bewus dat die saak nog nie finaal afgehandel was nie. Hy het nie gewag om eers in besit van die Handelingte van die Sinode te kom om te sien watter uitsprake die Sinode gedoen het nie, maar hy gaan skryf maar "in haastigheid" neer dat ds. Coetzee en die ander lede van die Redaksie kommissie van *Die Kerkblad* dr. De Wet "verdag maak." ^[10] Hy het nie nodig om presies op die hoogte te kom nie, want dit is vir hom alles so klaar soos 'n klontjie! Dit is pure "verdagmakery". Hy is natuurlik die bevoegde regter wat alles haarfyn weet en 'n apodiktiese uitspraak in verband daarmee kan gee!

En waarop is hierdie apodiktiese uitspraak en bevinding van prof. Engelbrecht gegrond? Op niks meer as 'n briefie van verweerder in die geding nie, waarin hy *ex parte*-verklarings doen, Maar dit is vir prof. Engelbrecht genoegsaam om tot 'n bevinding te kom en uitspraak te doen. Watter ander getuienis het hy dan nog nodig? Hy het dit mos self van die verweerder in die saak alleen gehoor!

Waarom het die geagte professor dan so gehandel? Was dit omdat hy bang was om verder te ondersoek en beter op hoogte van sake te kom, uit vrees dat daardie beentjie omtrent verdagmakery wat nou die uitgang- en steunpunt van sy hele betoog vorm, nutteloos mog bevind word?

Het hy dit egter maar liever in die graffie laat rus!

Want wat is daar aan van al daardie fraaiigheid omtrent verdagmakery van dr. C.J.H. de Wet deur die Redaksiekommissie van *Die Kerkblad*? Kyk, daar het 'n bevoegde kerklike

vergadering hieroor gesit, nl. die Generale Sinode van 1945. Voor daardie Sinode het dr. De Wet die volgende klag ingedien oor die Redaksiekommissie van *Die Kerkblad*:

"(a) Teen die *laakbare metode* wat die Redaksiekommissie van *Die Kerkblad* toegepas het teen my in verband met sekere meditasies wat ek geskryf het in *Die Kerkblad*. Die Kommissie het eers 'n *voetnoot* geplaas onderaan een van my meditasies; toe het die Kommissie 'n stuk geskryf in *Die Kerkblad* waarin die onderhoud, tussen ons ten dele verdraaid voorgestel is en ten dele verswyg is; en eindelijk het die Kommissie 'n artikelreeks geskryf teen my meditasies oor Jakob en Job — en dit geskryf in so 'n trant dat dit die indruk moes verwek asof ek ketters is in my opvatting: ek is also onder verdenking **[11]** van kettery gestel voor ons hele Kerk." (Bls. 58: Handeling van die Sinode, 1945.)

Hierdie klagte van dr. De Wet is deur die Sinode verwys na 'n kommissie om 'n voorstel hieroor te formuleer en aan die vergadering voor te lê. Rapporteur van hierdie kommissie was dr. J.M. de Wet, neef van die klaer. Hierdie kommissie het, anders as prof. Engelbrecht, oor al die gegewens en getuienisse beskik. En wat was toe hul uitspraak? Die bevindings kan gevind word op bls. 160, art. 156 van die Handeling van die Sinode, 1945, en lui as volg:

"Wat punt (a) van die beswaarskrif van prof. dr. C.J.H. de Wet betref, oordeel u kommissie dat die beste weg sou gewees het dat die Redaksiekommissie van *Die Kerkblad* die meditasies, waarin betwisbare beskouings voorkom, nie geplaas het nie.

"Waar egter onder besondere omstandighede die bepaalde meditasie tog geplaas is, waar prof. De Wet plasing geëis het ook kragtens sy mandaat, is u kommissie van oordeel dat die plasing van 'n voetnoot in hierdie geval nie laakbaar genoem kan word nie.

"Wat die aantyging betref dat die Redaksiekommissie die onderhoud ten dele verdraaid voorgestel het, oordeel u kommissie dat dit blyk uit die voordragte en getuienis dat hierdie punt nie bewys is nie.

"Wat die aantyging betref dat die Redaksiekommissie die onderhoud ten dele verswyg het in die inleiding wat die redaksie tot hul artikelreeks geskryf het, oordeel u kommissie dat die verswyging, met name van die deel van die onderhoud insake die plasing van die voetnoot, prof. De Wet nie benadeel het nie.

"Wat die skrywe van die artikelreeks teen die meditasies van prof. De Wet betref, oordeel u kommissie: Gesien dat uit die standpunt van prof. De Wet, wat homself betref, hy die reg gegee het aan die Redaksiekommissie om te reageer op sy meditasies, die verskyning van die artikel-reeks teen sekere beskouings van die meditasies nie laakbaar is nie.

[12] "Wat die trant waarin die artikelreeks geskrywe is, betref, oordeel u kommissie dat dit vanselfsprekend is dat die trant tot groot mate deur die stof bepaal word, aangesien dit 'n saak is van standpunt teenoor standpunt."

Hierdie bevindings van die kommissie is deur die Sinode met algemene stemme aangeneem en tot sy eie gemaak.

Hierdeur is die Redaksiekommissie in die gelyk gestel teenoor die beskuldiging dat hulle laakbaar gehandel en dr. C.J.H. de Wet verdag gemaak het.

Maande ná hierdie bevinding en uitspraak van die Sinode stuur prof. Engelbrecht, sonder om in die minste te probeer om op hoogte van sake te kom, die beskuldiging die wêreld in: Ds. Coetzee, prof. S. du Toit en ds. T.T. Spoelstra probeer om dr. C.J.H. de Wet verdag te maak. En as hulle dit met hul eie mense doen, hoe sal hulle dan nie teen predikante en professore van ander Kerke, met name teen prof. Engelbrecht, optree nie?

Nou wil ons maar net vra: Sal prof. Engelbrecht nou nie maar erken dat hy "in haastigheid" so 'n onbewese bewering neergepen het en sal hy nie maar vir ons sê: Ek versoek u vriendelik om dit te beskou as nie-bestaande nie?

Maar hoe moet 'n mens nou oordeel oor die apodiktiese uitsprake van 'n man wat in staat is om op grond van sulke gebrekkige, hoogs partydige getuienis so 'n stellige uitspraak te doen, sonder om moeite te doen om agter die juiste toedrag van sake te kom? Dit is al erg genoeg dat die geagte professor moet erken dat hy "in haastigheid" 'n "ongekorrigeerde brochure" die wêreld ingestuur het en toe moes vra om dit te beskou as "nie-bestaande nie". Maar dit is nog erger as hy hersenskimme die wêreld instuur asof hulle werklik bestaande feite is.

In die tyd toe prof. Engelbrecht daardie beskuldiging omtrent verdagmakery die wêreld ingestuur het, het hy geweet dat die saak wat hy so smakeloos in sy antwoord daarby gehaal het, nog nie afgeloop was nie. Die Kuratore van die Teologiese Skool het, deur omstandighede daartoe genoodsaak, 'n subkommissie aangewys om die saak in sy [13] hele omvang te ondersoek en daarvoor te rapporteer. Uiteindelik is 'n buitengewone Sinode opgeroep om die geding tot 'n beslissing te bring. Hierdie Sinode het vergader in Februarie 1946. Die Kuratore van die Teologiese Skool het skriftelik oor die saak in sy hele omvang en al sy aspekte gerapporteer. 'n Breedvoerige verslag oor die onderwys wat dr. De Wet oor 'n tiental jare aan die studente gegee het, is voor die Sinode gelê, om die Sinode in staat te stel om tot 'n gegronde bevinding te kom. Daardie verslag van die Kuratore wat al die informasie oor die geding bevat, is opgeneem in die Handeling van die buitengewone Sinode van 1946. Elkeen is nou in staat om op die hoogte te kom van die besonderhede. Terwyl die Sinode besig was om die stukke te lees en kennis te neem van sake, het dr. De Wet bedank as professor aan die Teologiese Skool en homself aan die kerklike gemeenskap en die behandeling van die saak onttrek, sodat die Sinode nie nodig gehad het om 'n uitspraak te doen nie. Nadat die saak op hierdie manier beëindig was, het die Sinode die verslag van die Kuratore en alle stukke verwys na 'n kerkregtelik-dogmatiese kommissie wat daarvoor voorstelle voor die Sinode gelê het wat algemeen aanvaar is. Hierin het die Sinode die Kuratore bedank vir hul arbeid en vir hul verslae waardeur, soos die Sinode uitgespreek het, hulle hul optrede *gestewig* en *geregverdig* het.

Daardie getuienis en bewysvoering staan daar vir altyd. Ook prof. Engelbrecht kan daarvan kennis neem en op hoogte van sake kom. Uit die stellige bevinding van die geagte professor egter, nl. dat die here ds. J.V. Coetzee, prof. S. du Toit en ds. T.T. Spoelstra probeer het om dr. C.J.H. de Wet verdag te maak — 'n bevinding wat niks anders is nie as 'n klakkelose napratery van 'n ongegronde bewering van dr. De Wet self nie — volg noodwendig dat ook die Kuratore van die Teologiese Skool geprobeer het om deur hul breed gedokumenteerde verslag en bewysvoering dr. De Wet verdag te maak. Die Sinode van 1945 het egter, soos bo aangetoon, die beskuldiging van dr. De Wet en dr. Engelbrecht dat die Redaksiekommissie op laakbare [14] manier teen eersgenoemde opgetree het en hom verdag gemaak het, ongegrond bevind; en die Sinode van 1946 het die Kuratore spesiaal bedank vir hul verslag waardeur hulle hul optrede *gestewig* en *geregverdig* het. Laat elke onbevooroordeelde leser nou maar sê of prof. Engelbrecht nie sy bevinding omtrent "verdag maak" in hersiening moet neem en nog verdere korreksies moet aanbring in sy "gekorrigeerde brochure" nie. Hier is maar een voorbeeld. Verdere voorbeelde van bewerings wat korreksie-behoewend is, sal verder nog gegee word.

[15] Hoofstuk II

NEO-CALVINISME OF GEREFORMEERDE SKOLASTIEK": OMSKRYWINGE VAN PROF. ENGELBRECHT

In 'n artikel in *Die Hervormer* van 21 Maart 1943 het prof. Engelbrecht gesê: "Op 'n vorige keer het ons daarop gewys dat die Neo-Calvinisme of Gereformeerde Skolastiek ernstig dwaal waar dit die Skrif volgens die Belydenis wil uitlê Die wat wil ontken dat die Neo-Calvinisme dit doen, verwys ons na die praktyk van die Neo-Calvinisme"

Skrywende oor die "Neo-Calvinisme of Gereformeerde Skolastiek" het prof. Engelbrecht in sy artikels in *Die Hervormer* gesprek van "onskriftuurlike euwel", "stry met die Reformatoriese Skrifbeskouing", "Roomse standpunt van die Neo-Calvinisme", "Neo-Calvinistiese dwaling", "Independentistiese dwaling van die Neo-Calvinisme", "anti-Calvinistiese en onreformatoriese en onskriftuurlike standpunt van die Neo-Calvinisme", "noodlottige standpunt", ens., ens. Ook het prof. Engelbrecht daarop nadruk gelê dat die Hervormde Kerk steeds afwysend teenoor die Neo-Calvinisme gestaan het — iets wat natuurlik begryplik is indien die Neo-Calvinisme waarteen prof. Engelbrecht te velde getrek het, nl. die Gereformeerde rigting soos dit onder die arbeid van dr. A. Kuyper en andere herleef en tot ontwikkeling gekom het, werklik is soos prof. Engelbrecht dit signaleer het, nl. as "dwaling", "noodlottig", "Rooms", "anti-Calvinisties, onreformatories en onskriftuurlik."

Daarop het ek in my boekie: *Neo-Calvinisme— Verbastering of Regte Ontwikkeling?* (blss. 13-15) geantwoord dat prof. Engelbrecht hierdie twee terme waarmee hy by voorkeur die mense van die Geref. Kerke in Nederland, Noord-Amerika en Suid-Afrika bestempel, *nie in gunstige sin* gebruik nie, maar intendeel 'n baie [16] ongunstige betekenis daaraan heg. Ek het aangetoon dat 'n mens die term "Neo-Calvinisme" ook in gunstige sin kan gebruik, wanneer hy in daardie rigting sien 'n goeie ontwikkeling volgens die *grondlyne* wat deur Calvyn en die Calviniste van die 16e eeu getrek is.

Ek het toe verder geskrywe: "Maar prof. Engelbrecht gebruik die woord in *ongunstige* sin, want hy ag homself geroepe om dit te bestry as 'n gevaarlike rigting. As hy praat van Neo-Calvinisme, dan bedoel hy daarmee 'n *verbasterde, gedegenererde Calvinisme* wat ontrou is aan die grondlyne wat deur Calvyn en die Hervormers getrek is, en wat daarom met alle middele uit die Hervormde Kerk alhier geweerd moet word, en waarteen die mense van die Hervormde Kerk en die aankomende predikante gewaarsku moet word."

In sy "gecorrigeerde" brosjure sê prof. Engelbrecht (bls. 14) dat "waar hier van Neo-Calvinisme gepraat word, bedoel ek die Neo-Calvinisme van dr. Kuyper." Verder sê hy op bls. 13: "nou moet die leser weet dat ek nie die woord 'verbastering' gebruik het nie, maar ds. Coetzee bring sy lesers onwillekeurig onder die indruk dat ek die Neo-Calvinisme 'n verbastering genoem het. Dit is een van die vele voorbeelde hoe ds. Coetzee aan my 'n skyn-bewering of uitdrukking toedig en dit dan weerlê En tog is dit niks anders nie dan dat ds. Coetzee met hierdie woord 'Verbastering' soos 'n tweede Don Quichote teen windmeulens veg" Dan gaan die geagte professor op bls. 13 voort: "Ek ontsê aan ds. Coetzee dan ook ten enemale die reg om te beweer, soos hy op bls. 13 van sy brosjure doen, dat ek aan daardie 'verjonging, vernuwing en ontwikkeling' van die ou Calvinisme 'n baie ongunstige betekenis heg. Mens hoef tog nie aan alles waar jy dit nie mee eens is nie so 'n baie ongunstige betekenis te heg nie."

En dan haal prof. Engelbrecht 'n hele lys van name van teoloë uit Nederland aan wat ook gepraat het van "Neo-Calvinisme" om daarmee die teologie van dr. A. Kuyper aan te dui. Ja, hy beroep hom op dr. A. Kuyper *self*, wat in die eerste deel van sy *Antirevolutionaire* [17] *Staatkunde* (1916) hierdie benaming aanvaar: "Door van Neo-Calvinisme te spreken, drukt ge alsoo niets anders uit, dan dat het Calvinisme geen petrefact was."

Prof. Engelbrecht kon ons maar gerus daardie bibliografie bespaar het, want daarmee bewys hy nou net presies niks nie. Dat baie mense voor prof. Engelbrecht al die term

"Neo-Calvinisme" gebruik het vir die teologie en rigting van dr. A. Kuyper en ander Gereformeerdes van die tweede helfte van die 19e eeu, weet ons almal. Dit is nie nuus nie! Dat daar onder die mense wat hierdie term gebesig het sommige was wat dit in gunstige en ander wat dit in ongunstige sin gebruik het, weet ons ook. Dat dr. A. Kuyper self die term "Neo-Calvinisme" aanvaar het as daarmee bedoel word om uit te druk dat "het Calvinisme geen petrefact was", is ook nie so 'n spiksplinternuwe atoombom-ontdekking van prof. Engelbrecht nie. Ons weet dit alles al jare lank. Maar wat wel "nuus" is, is dat die term "Neo-Calvinisme" in die mond van prof. Engelbrecht nie 'n baie ongunstige betekenis het nie, hoewel hy praat van die "onskriftuurlike euwel," "dwaling," "Roomse, anti-Calvinistiese, onreformatoriese en onskriftuurlike standpunt" van die Neo-Calvinisme. Hoe 'n mens hierdie inhoud aan die term kan gee en dan nog kan sê: "Ek heg daar nie 'n ongunstige betekenis aan nie", gaan ons begrip 'n bietjie te bo.

Maar ondertussen vorder ons darem, al is dit langs sulke kronkelweë. En dit is verblydend. Miskien is ons op pad om mekaar te verstaan. Prof. Engelbrecht "ontsê aan ds. Coetzee ten enemale die reg om te beweer dat ek aan daardie verjonging, vernuwing en ontwikkeling van die ou Calvinisme 'n baie ongunstige betekenis heg." Nou weet ons ten minste dat prof. Engelbrecht nie 'n baie ongunstige betekenis heg aan die rigting wat hy "Neo-Calvinisties" noem nie, bepaaldelik nie die ongunstige betekenis wat prof. dr. B. Eerdmans van Leiden en dr. C.H. Hylkema in hulle dae daaraan geheg het nie. En ds. Coetzee is ook maar baie dankbaar om van prof. Engelbrecht self te mag verneem dat hy dit mis gehad het toe hy uit die Hervormer-artikels van Syhooggel. die indruk [18] gekry het dat die professor 'n baie ongunstige betekenis heg aan die term "Neo-Calvinisme" wanneer hy dit gebruik om daarmee die teologie van dr. A. Kuyper te benoem.

Nee, ons vorder werklik. Prof. Engelbrecht praat nou reeds van "Neo-Calvinisme — Ontwikkeling en Afwyking." Só tipeer hy nou die rigting en teologie van dr. A. Kuyper. En dit is al groot vordering! Dat dit "ontwikkeling" is van die Calvinisme van die 16e eeu — hierin stem ons met mekaar ooreen. Want in die woord "ontwikkeling" lê opgesluit die gedagte dat dit ontwikkeling is volgens die grondlyne van die ou Calvinisme, d.w.s. dit is ontwikkeling in goeie, regte rigting. Dit begin lyk of die geagte professor die teologie van Kuyper as 'n goeie ontwikkeling begin te sien. Prof. Engelbrecht noem dit ook nog wel "afwyking". Maar hy ontsê ds. Coetzee "ten enemale die reg om te beweer dat ek daaraan 'n baie ongunstige betekenis heg. Mens hoef tog nie aan alles waar jy dit nie mee eens is nie so 'n baie ongunstige betekenis te heg nie". En ds. Coetzee het soos ou Don Quichote teen windmeulens geveg toe hy gemeen het dat dit uit die Hervormer-artikels van prof. Engelbrecht duidelik was dat Syhooggel. die "Neo-Calvinisme" van dr. A. Kuyper en die Gereformeerdes beskou as "verbastering." Nee, dit is ontwikkeling en afwyking. Maar blykbaar moet aan die "afwyking" nie 'n baie ongunstige betekenis geheg word nie. Blykbaar nie só ongunstig dat die woord "verbastering" geregverdig is nie. Miskien net 'n klein bietjie ongunstig!

En nou is ds. Coetzee ten slotte maar baie dankbaar dat hy soos ou Don Quichotte op Rosinant te kere gegaan het! Dit het tog die lug gesuiwer. Dit het prof. Engelbrecht in die geleentheid gestel om te sê: "My liewe broeder, moenie so hard veg teen my voorstellings en opvattinge van die Neo-Calvinisme nie. Daardie opvattinge is glad nie so vyandig en onsimpatiek as wat jy dink nie. Hulle is somaar windmeulens."

Sal die geagte professor nie nou, siende dat hy blykens sy brosjure die Neo-Calvinisme van dr. Kuyper en die Gereformeerdes tipeer, eensdeels as "ontwikkeling" en anderdeels as "afwyking" wat egter nie die woord [19] "verbastering" regverdig nie en waaraan nie 'n baie ongunstige betekenis moet geheg word nie, maar verder gaan en vir ons sê: "My Hervormer-artikels van 1943 waarteen ds. Coetzee oorspronklik opgekom het, het ek "in my haastigheid" die lig laat sien. Beskou hulle asseblief as "nie-bestaande nie". En die uitdrukkings: 'onskriftuurlike euwel', 'stry met die Reformatoriese standpunt', 'Roomse standpunt', 'dwaling', 'anti-Calvinistiese, onreformatoriese en onskriftuurlike standpunt' — alles aan die adres van die Neo-Calvinisme van die Geref. Kerke — was te skerp. Hulle kan die indruk wek dat ek 'n baie ongunstige betekenis aan die Neo-Calvinisme heg.

Maar ek ontsê iemand ten enemale die reg om dit te beweer. Beskou asseblief daardie uitdrukking as 'nie-bestaande nie'."

'n Ander iets waarteen ons opgekom het, is dat prof. Engelbrecht die Geref. rigting in die teologie noem "Gereformeerde Skolastiek". Hy praat in een asem van "Neo-Calvinisme of Gereformeerde Skolastiek". En ook hieraan heg hy 'n ongunstige betekenis. Ek het destyds geskrywe: "Wat prof. Engelbrecht bedoel met 'Gereformeerde Skolastiek', het hy ook nie nader omskrywe nie. Uit sy verbinding daarvan met die term 'Neo-Calvinisme' wat hy in ongunstige sin verstaan, is dit egter duidelik dat hy ook hierdie term in ongunstige sin gebruik. Sonder 'n nadere omskrywing hiervan, is dit egter nie moontlik om uit te maak wat die geagte professor presies daarmee bedoel nie. Ek weet wel wat Skolastiek is, en weet verder dat dit kan beteken: die wetenskaplike beoefening van die Teologie. Maar sodanige Skolastiek kan die geagte professor die Gereformeerdes tog nie kwalik neem nie, want hy is tog immers nie 'n man van die Wederdoperse sektes nie! Tog praat hy van die Gereformeerde Skolastiek as iets wat geweer en bestry moet word, omdat dit natuurlik gevaarlik is. Daarom sou ons dit baie op prys stel as hy homself duideliker wil uitspreek en presies sê wat hy met daardie liefvallige benaming bedoel. Dan kan 'n mens hom wel te woord staan. Daarom sal ons hiermee wag tot tyd en wyl hy homself nader verklaar het en verduidelik ^[20] het wat hy met 'Gereformeerde Skolastiek' bedoel. Tot dan toe sal ons maar aanneem dat 'Gereformeerde Skolastiek' in die mond van prof. Engelbrecht 'n term is met 'n onbepaalde ongunstige betekenis, net soos die skelwoord 'doppers' in die mond van ander mense.

In 'n voetnoot het ek self gesê hoe die uitdrukking "Gereformeerde Skolastiek" kan verstaan word. Nadat ek gewys het op die betekenis van die werk: *Cur Deus homo?* van Anselmus, die vader van die Skolastiek, het ek verder geskrywe: "nou weet ek wel dat die Skolastiek homself later in allerlei spitsvondighede en onsinnighede verloop het, maar dit neem nie weg dat die Skolastiek groot dienste bewys het aan die ontwikkeling van die teologie. Die Skolastiek is na verdienste getugtig in latere eeue, maar nie na verdienste gewaardeer nie. Baie critici, wat die staf oor die Skolastiek gebreek het, het die fout begaan om die kind saam met die badwater buite te gooi. Misbruike waaraan die Skolastiek homself skuldig gemaak het, mag ons nie verhinder om sy strewe om goed te onderskei en dus ook goed te leer, na verdienste te waardeer nie...."

Op ons versoek om homself duideliker uit te spreek en te verklaar wat hy met die term "Gereformeerde Skolastiek" bedoel wanneer hy dit in verband met die "Neo-Calviniste" gebruik, het die professor nou geantwoord. Nadat hy eers verklaar het dat ds. Coetzee sy opvatting heeltemal verkeerd verstaan het en toe eksepsie geneem het daarteen dat ds. Coetzee gesê het dat hy, tot tyd en wyl prof. Engelbrecht hom duideliker hieroor verklaar, maar ondertussen aanneem dat die woord in die mond van prof. Engelbrecht 'n onbepaalde ongunstige betekenis het; en nadat die geagte professor 'n tirade gehou het oor die onchristelikheid en liefdeloosheid van ds. Coetzee om so iets te sê en die mening gelug het dat ds. Coetzee nie reg het op die gevraagde verduideliking nie, het die geagte professor tog in sy goedheid 'n poging aangewend om 'n nadere verklaring te gee van wat "Gereformeerde Skolastiek" is.

Waarop kom daardie antwoord en verduideliking nou neer? ^[21]

(a) Prof. Engelbrecht vertel een en ander wat dr. A. Kuyper jr. Geskrywe het oor Johannes Maccovius, wat beskou word as die oorgang van die gereformeerde patres tot die gereformeerde doctores, en dan gee hy twee voorbeelde van "onderskeidinge" van Maccovius en 'n "Wysgerige regel" van dieselfde man. Die geagte professor noem Maccovius 'n "bandelose dronklap".

(b) Verder vertel prof. Engelbrecht wat die heer A. Janse in 1934 gesê het oor Johannes Maccovius, dieselfde bandelose dronklap van flussies, en hoe hy op die Dordtse Sinode vermaan is. Hy deel ook nog mee dat dr. A. Kuyper jr. gesê het dat Gisbertus Voetius die kroon gesit het op die Gereformeerde Skolastiek.

Terloops wil ons hier maar net vra: Hoekom praat prof. Engelbrecht nie van "Hervormde

Skolastiek" nie? Die 17e-eeuse Maccovius en Voetius het tog nie aan die Gereformeerde Kerke van die 19e eeu behoort nie! En prof. Engelbrecht doen anders gewoonlik so baie moeite om aan te toon dat die kerk waaraan Maccovius en Voetius in die 17e eeu behoort het juis die *Hervormde* Kerk was en dat die Hervormde Kerk in Nederland en Suid-Afrika die wettige voortsetting is van die Nederlandse *Hervormde* Kerk van die 16e en die 17e eeu! Sou hy nie, as hy van "Hervormde Skolastiek" gepraat het, miskien 'n bietjie minder onsimpatiek daarteenoor gestaan het nie?

(c) Verder word vertel van sekere blykbaar onsinnige vrae wat Voetius in sy *Disputationes* en *Politica Ecclesiastica* behandel het. Hierdie man het dan met spitsvondige redeneringe en dooie begrippe die waarheid benader en hy was die grootmeester van die Gereformeerde Skolastiek! En dan haal prof. Engelbrecht aan dat Voetius in sy *Disputationes* "ondersoek doen na die wyse waarop aan Adam 'n ribbetjie ontnem is sonder dat hy seer gekry het. By die behandeling van die skeppingsleer vra hy aan sy respondent of daar mense met sterfte bestaan. Hy behandel die vraag in die hoeveelste graad iemand familie van Adam is. Teen Kepler ontken hy die draai van die aarde omdat dit met die Skrif en die rede in stryd is.

[22] Teenoor sy amppgenoot Henricus Regius, professor in die medisyne, het hy die teenswoordige algemeen aanvaarde teorie aangaande die bloedsomloop met die Aristoteliese wysbegeerte bestry" Verder word dan enige skynbaar nuttelose vrae aangehaal wat in die *Politica Ecclesiastica* bespreek is.

Hieruit moet ons die gevolgtrekking maak dat, volgens prof. Engelbrecht, Gereformeerde Skolastiek beteken die behandeling van dwase en onsinnige vrae op skerpsinnige manier met dooie begrippe.

(d) Verder deel die professor mee dat dr. P.J. Kromsigt in 1902 gewaarsku het teen *hierdie soort* Gereformeerde Skolastiek.

(e) Ook deel hy mee dat dr. G. Vellenga in 1915 by die verskyning van die proefskrif van dr. V. Hepp gevra het of die Vrye Universiteit nie besig is om die objektiewe in objektivisme te laat ontaard nie. En of genoemde universiteit nie ten koste van die subjek oordryf nie. Dan word verder verwys na lesings wat prof. dr. V. Hepp tydens sy besoek aan Suid-Afrika voor 1939 in Pretoria gehou het en na "leergeskille" wat daar in die Geref. Kerke van Nederland was (dáár het hulle self gepraat van "meningsverschillen").

Dit is nou die antwoord van prof. Engelbrecht op die versoek om hom duideliker uit te spreek en te sê wat hy bedoel as hy die Gereformeerde teologie bestempel as "Gereformeerde Skolastiek" en hierdie term verbind met "Neo-Calviniste". 'n Mens is nie veel wyser nadat hy die antwoord van prof. Engelbrecht gelees het nie en moet nou maar uit die aangehaalde voorbeelde self distilleer wat die professor daaronder verstaan.

Uit die voorbeelde wat die professor uit Voetius aangehaal het, moet ons aflei dat hy met "Gereformeerde Skolastiek" bedoel "*die behandeling van dwase en onsinnige vrae op spitsvondige manier.*" (Die verskille met Kepler en Henricus Regius is nie spesiaal Voetiaans en dus nie van enige betekenis nie.) En as die professor nie *dit* bedoel wanneer hy praat van "Gereformeerde Skolastiek" nie, dan moet hy maar nog 'n slag probeer verduidelik, [23] want dan is dit vir my en ander lesers van sy boek nog glad nie duidelik wat hy wel met daardie term in verband met die Neo-Calvinisme wil te kenne gee nie.

Maar as ek nou uit die breë omhaal wat prof. Engelbrecht daaromtrent ten beste gegee het reg gekonkludeer en gedistilleer het, dan blyk dit dat die term "Gereformeerde Skolastiek" in die mond van die professor 'n *ongunstige* betekenis het. Maar waarom dan al die misbaar op bls. 17 van sy boekie oor die onchristelikheid en liefdeloosheid van ds. Coetzee? Dan het laasgenoemde die geagte professor mos tog reg verstaan.

Nou sal dit my seker wel nie weer kwalik geneem word nie as ek vra: Weet prof. Engelbrecht waarlikwaar van die Skolastiek van Gisbertus Voetius niks meer en niks

anders nie as net alleen dat hy af en toe 'n skynbaar onsinnige en dwase vraag bespreek het? (Net soos prof. Engelbrecht self ook al baie tyd en kragte verspil het aan die bespreking van die vraag: *An nomen Ecclesia Reformata prius sit quam nomen Ecclesia Reformata?* D.w.s. of die naam Hervormde Kerk ouer is as die naam Gereformeerde Kerk? — 'n vraag wat vir ons ook taamlik onsinnig en dwaas voorkom, maar deur die professor self van die allerhoogste belang geag word.) Ek herhaal: Weet die professor waarlik nie (om maar net by die *Disputationes* te bly) dat Voetius op skerpsinnige manier die Christelike leerstukke behandel het nie? Ons noem maar net 'n paar stukke uit die groot aantal wat hy in die vyf dele van sy *Disputationes* bespreek het, bv. "Oor die voortplanting van die erfsonde"; "Moet Christus as Middelaar aanbid word?"; "Vraagstukke oor die soenverdienste van Christus"; "Oor die Persoon van die Middelaar, Christus"; "Oor die staat van die uitverkorenes voor die bekering"; "Oor die wedergeboorte"; "Oor Wet en Evangelie"; "Oor die noodsaaklikheid en nuttigheid van die dogma van die Heilige Drieëenheid"; "Hoe ver strek die gesag van die Heilige Skrif?"; "Hoedanig het die engele 'n vrye wil tot goed en kwaad gehad?"; "Of die gelowige vaders van die Ou Testament deur Christus as Middelaar, en bepaaldelik deur sy lyde en verdienste, geregverdig en gesalig is?"; [24] "Disputasie oor die gemeenskap van die heiliges"; "Disputasie oor die geestelike mens".

Bostaande is maar net 'n paar uit die honderde onderwerpe en vrae wat deur Voetius in sy *Disputationes* behandel is. Dit is tog nie onsinnige en dwase vrae nie, maar vraagstukke en onderwerpe wat elke professor in Gereformeerde dogmatiek wat sy sout werd is, met sy studente bespreek — miskien soms net op minder skerpsinnige manier en met minder goeie onderskeiding as wat Voetius, die ou scholasticus, dit gedoen het.

Nogmaals: Weet prof. Engelbrecht dan van dit alles niks nie? En indien hy dit wel weet, waarom gee hy dan aan die lesers van sy boek so 'n uiters skewe voorstelling van die Skolastiek van Voetius deur net 'n klompie skynbaar dwase vrae aan te haal wat hierdie teoloog behandel het, en só die indruk te wek dat hierdie man hom gedurig met dwase, onsinnige en triviale dinge besig gehou het?

Hierop sal die professor seker wel 'n antwoord wil gee, sonder om weer gewag te maak van "verdagmakery."

As prof. Engelbrecht niks anders van die Skolastiek van Voetius weet as wat hy in sy boek aangehaal het nie, dan mis hy seker wel alle bevoegdheid om 'n waarde-oordeel daaroor uit te spreek en dan is dit geen wonder dat sy oordeel so ongunstig is nie.

Nadat prof. Engelbrecht op bls. 19 van sy "gecorrigeerde brochure" hierdie bogetekende voorstelling van die Skolastiek van Voetius ten beste gegee het, sê hy op bls. 20: "Ook van Hervormde kant is teen hierdie soort Gereformeerde Skolastiek gewaarsku." En dan haal hy as voorbeeld aan dr. P.J. Kromsigt in 1902 in *Troffel en Zwaard*. Maar ek dink dat prof. Engelbrecht vir dr. Kromsigt onreg aandoen. Die sou seker wel nie teen *hierdie soort* Gereformeerde Skolastiek (d.w.s. soos dit op die voorgaande bladsy deur prof. Engelbrecht getipeer is, heeltemal buitekant die verband waarin daardie vrae voorkom) gewaarsku het nie. Want wie teen hierdie soort Skolastiek op Gereformeerde erf sou wil waarsku in die 19e en die 20e eeu doen oorbodige moeite en maak soos Don Quichote. Ons ken darem ook die werke van [25] Gereformeerde dogmatici en teoloë van die afgelope driekwart-eeu en het sodanige "Gereformeerde Skolastiek" nie daarin gevind nie as wat prof. Engelbrecht te kenne gee wanneer hy die term "Gereformeerde Skolastiek" in die mond neem. Want die "Neo-Calviniste of Gereformeerde Scholastici" mag wel eienaardige mense wees, volgens die oordeel van prof. Engelbrecht, maar hulle het darem nog nie gekwalifiseer vir die kranksinnige-gestig nie!

Ook Voetius was geen dwaas nie. Want as 'n mens daardie skynbaar dwase vrae lees in die verband waarin hulle gestel en behandel is, dan kom 'n mens agter dat hulle lank nie so dwaas is as wat dit by die eerste oogopslag mag lyk nie. Gewoonlik is hulle ontleen aan argumente van teëstanders en vyande van die godsdienstige geloof en word hulle gestel om deur grondige argumentasie die beweringe van die teëstanders te ontsenu. Só word die vraag aangaande die ribbetjie van Adam behandel om te wys op die almag en

wonderdadige werk van God, teenoor ongelowiges in die 17e eeu (toe narkose onbekend was) wat beweer het dat die Bybelverhaal nie waarheid kan wees nie, omdat 'n ribbebeen nie pynloos uit 'n mens se liggaam verwyder kan word nie. Is dit ten slotte so dwaas en onsinnig as 'n dogmatikus die dwase en onsinnige argumente van die ongelowiges bespreek?

In sy "gecorrigeerde brochure" het prof. Engelbrecht sy "ongekorrigeerde" opvatting van "Gereformeerde Skolastiek" die wêreld ingestuur, sodat sy lesers onder die indruk moes kom dat dit beteken: die bespreking en behandeling van dwase en triviale vrae met 'n mate van skerpsinnigheid. Sy antwoord op die vraag om duidelik te maak wat hy bedoel as hy spreek van "Gereformeerde Skolastiek" dra die spore van die professor se "haastigheid" en het bepaaldelik korreksie nodig voordat dit 'n ewewigtige waardeoordeel kan genoem word. Ondertussen, totdat hy die nodige korreksie en hersiening daarin aanbring, sal 'n mens goed doen om dit ook maar te beskou as "nie-bestaande nie". Dit sou die billikste en regverdigste teenoor die professor wees. 'n Mens moet liever nie aan 'n windmeul dink nie!

[26] Hoofstuk III

DIE BELYDENIS "AKKOORD VAN KERKLIKE GEMEENSAP"

Uit die verskynsel dat dr. A. Kuyper en die "Neo-Calviniste" die belydenis beskou as "akkoord van kerklike gemeenskap" het prof. Engelbrecht gekonkludeer dat hierdie mense die belydenis hoër stel as die Heilige Skrif en daaraan meer waarde en gesag toeken as aan die Woord van God. Toe ek die geagte professor daarop gewys het dat hy dr. A. Kuyper o.a. gevoelens in die skoene skuif wat in lynregte teëspraak is met dr. Kuyper se eie, pertinente uitsprake, het hy geantwoord dat hy dit nie het oor die uitsprake van dr. Kuyper en die "Neo-Calviniste" nie — uitsprake wat aan hom goed bekend is — maar oor die konsekwensies van hul standpunt, dat hulle nl. die belydenis tot akkoord van kerklike gemeenskap maak. Hierdie standpunt sou dan 'n "Neo-Calvinistiese dwaling" wees, "anti-Calvinisties, onreformatories en onskriftuurlik," en dit sou noodwendig lei tot daardie tweede "anti-Calvinistiese, onreformatoriese en onskriftuurlike dwaling," nl. dat die geloofsbelydenis hoër gestel word as die Skrif, sodat dit die eintlike norm vir geloof en lewe sou wees waaraan die Woord van God dan ondergeskik sou wees.

In my boekie: *Neo-Calvinisme — Verbastering of Regte Ontwikkeling?* het ek hierdie voorstelling van sake deur prof. Engelbrecht weerlê en aangetoon dat die belydenis wêl akkoord van kerklike gemeenskap is, maar dat dit nie meebring dat die belydenis die Skrif vervang of ook maar enigmate in gelyke waarde met die Woord van God te staan kom nie. Ek sou dan ook nou wel kon volstaan met wat ek destyds in hoofstuk 5 van *Neo-Calvinisme — Verbastering of Regte Ontwikkeling?* daaromtrent geskrywe het, as dit nie was dat prof. Engelbrecht in sy "gecorrigeerde brochure" (bls. 20 w.) laat blyk dat hy [27] blykbaar nie verstaan wat bedoel word wanneer daar van die belydenis gespreek word as akkoord van kerklike gemeenskap nie. Dit skyn asof ons dus bymekaar verby redeneer en dat die geagte professor eintlik nie te velde trek teen die Gereformeerde of "Neo-Calvinistiese" opvatting nie, maar teen sy eie opvatting of konstruksie van wat daar bedoel word wanneer ons van die belydenis in die genoemde sin spreek. Uit sy brosjure blyk dat ons hier blykbaar te doen het met 'n geveg teen "windmeulens" — alleen maar: dit is nie Kuyperiaanse of Neo-Calvinistiese windmeulens nie, maar konstruksies van prof. Engelbrecht self.

Dit blyk oorduidelik uit wat die geagte professor op bls. 25 van sy boek skrywe: "*Op die Sinode (van Emden, 1571) is Latyn gepraat en die notule is in Latyn opgestel en later in Nederlands vertaal.* Artikel 2 daarvan lui:

"Om die eendrachtigheyt in de Leere tusschen de Nederlantsche Kercken te bewysen, heeft het den broederen goet ghedocht de belydinghe des Gheloofs der Nederlantsche Kercken te onderschryven, insgelycx oock de belydinghe der Kercken in Vranckryck te onderteecken, om daarmede hare verbindunghe ende eenigheyt met derselver Françoischer Kercken te betuygen, seeckerlyck vertrouwende, dat de Dienaren derselver Françoischer Kercken oock op hare syde de belydenisse des Gheloofs der Nederlantsche Kercken, tot ghetuyghnisse des onderlingher eendrachtigheyt onderschryven sullen."

"Dié mense wat soos ds. Coetzee op die kerkregtelik verkeerde standpunt van dr. Kuyper en dr. Rutgers staan deur in elke gemeente 'n komplette Kerk te sien, wat met ander soortgelyke Kerke gefedereer is en wel op so 'n wyse dat die belydenis die akkoord is waarop die federasie tot stand gekom het, beroep hulle op hierdie artikel en stel hulle die gang van sake as volg voor: In Emden het afgevaardigdes van verskillende sulke komplette Kerke saamgekom en hulle het besluit om hulle Kerke 'confoederatief' te verbind. Met die oog op hierdie federasie is toe 'n ooreenkoms of 'n akkoord of kontrak aangegaan vir die 'kerklike gemeenskap' van hierdie groep [28] Kerke. Hierdie 'akkoord' is die Nederlandse Geloofsbelydenis en hierdie aangehaalde tweede artikel vermeld die ondertekening van die akkoord of kontrak. Die ondertekenaars teken namens hulle Kerke as kontrakterende partye om so tot die 'bant van Eenicheyt' te geraak. "Maar hierdie voorstelling is ten enemale onjuis" Voordat ons spreek oor die

belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap, om aan die hand van die geskiedenis te verduidelik wat ons daaronder verstaan, wil ons eers die een en ander aanmerk oor art. 2 van die notule van die Sinode van Emden.

Dit is opmerklik dat hier telkens gepraat word van "Kercken" in die meervoud en nie van "Kerck" in die enkelvoud nie. Daar word gepraat van "eendrachtigheydt in de Leere tusschen de Nederlandsche Kercken," van "de belijdinghe des Gheloofs der Nederlandsche Kercken," van die "belijdinghe der Kercken in Vranckrijck," van verbinding en enigheid met "derselver Françoischer Kercken." Dit is telkens meervoud en nie enkelvoud (Kerck) soos prof. Engelbrecht dit blykbaar lees nie. Die notule is oorspronklik in Latyn opgestel en in die oorspronklike kom dan ook telkens die meervoudsvorm voor, sodat ons nie met 'n foutiewe Nederlandse vertaling of 'n ou tweede naamval enkelvoud te doen het nie. En het prof. Engelbrecht homself dan nog nie afgevra nie waarom die meervoudsvorm telkens gebruik word as dit ongereformeerd is om die plaaslike gemeente te beskou as 'n "komplete kerk"? As elke gemeente nie, soos prof. Engelbrecht voorgee, 'n "komplete kerk" is nie, hoe moet ons dan hierdie spraakgebruik van Emden verklaar? Want ons het hier nie met 'n toevallige verskynsel te doen nie. Dit is die bestendige spraakgebruik van die Gereformeerdes van die 16e eeu, waarvan die verskillende Kerkordes o.a. oorvloedig getuie is. Wat ons vandag 'n "gemeente" noem, het die geref. vaders van die 16e eeu 'n "kerk" genoem, en wat onder die versamelnaam "Kerk" (onder invloed van die kollegialistiese kerkregbeskouing) uitgedruk word vandag, het hulle uitgedruk deur die meervoud "Kercken."

[29] Hieruit blyk dat dit glad nie 'n "Neo-Calvinistiese dwaling" is om te praat van die "kerke" (meervoud) as die plaaslike gemeentes bedoel word nie. Dit is 'n ou 16e-eeuse regsinnigheid. En dit is glad nie so 'n kerkregtelik verkeerde standpunt om in elke gemeente 'n "komplete kerk" te sien soos Kuyper en Rutgers gedoen het nie. Dit is maar die ou Reformatoriese standpunt van die 16e eeu wat o.a. by die Sinode van Emden tot openbaring gekom het, toe hulle daar gepraat het van "belijdinghe des Gheloofs der Nederlandsche Kercken" en van die "belijdinghe der Kercken in Vranckrijck."

Agter hierdie spraakgebruik sit 'n bepaalde kerkregtelike beskouing, nl. dat die plaaslike gemeente 'n "komplete kerk" is en dat meerdere "kerke" met mekaar in verband tree. Natuurlik verskil hierdie kerkregtelike beskouing van die kollegialistiese kerkopvatting van prof. Engelbrecht, nl. van die een ondeelbare Hervormde Kerk waarvan die plaaslike gemeentes inkomplete en ondergeskikte, onderhorige afdelings is. Die mense wat soos prof. Engelbrecht op die kerkregtelik verkeerde standpunt staan van die kollegialistiese reglement vir die Hervormde Kerk van Nederland wat deur koning Willem I in 1816 uitgevaardig is, en wat onder die indruk is dat die standpunt van daardie reglement nog altyd dieselfde is as die kerkregtelike standpunt en beskouing van die gereformeerde vaders van die 16e eeu, moet noodwendig in die verleentheid sit met die kerkregtelike beskouings en spraakgebruik van die 16e eeu en met die daarop gegronde spraakgebruik van Kuyper en Rutgers in die 19e eeu. Want die "afwyking" is in hierdie verband nie by die "Neo-Calvinisme" nie, maar by prof. Engelbrecht.

Ek het gesê dat daar 'n kerkregtelike beskouing sit agter daardie spraakgebruik van die 16e eeu. Dit is nl. die beskouing dat die plaaslike gemeentes "kerke" is wat met mekaar 'n verband sluit. Hulle is nie ondergeskikte, inkomplete afdelings van 'n groot, ondeelbare Hervormde Kerk nie, maar selfstandige, komplete "kerke" wat op voet van gelykheid naas mekaar staan en met mekaar 'n kerkverband afsluit. Vandaar dan ook dat dieselfde Sinode [30] van Emden in art. 1 van sy Handeling uitspreek: "*Gheen Kercke sal over een ander Kercke, gheen Dienaar des Woorts, gheen Ouderlinck, noch Diaken sal d'een over d'ander heerschappie voeren, maar een yeghelijck sal hen voor alle suspicien ende aenlockinge om te heerschappen wachten.*"

So kom ons nou by die punt van die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap.

Prof. Engelbrecht gee in die gedeelte wat ons hierbo aangehaal het uit sy brosjure, bls. 25, sy voorstelling van wat deur ons bedoel word wanneer ons spreek van die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap. Hy sê hoe ds. Coetzee en die mense wat op die

"kerkregtelik verkeerde standpunt" staan hulself die gang van sake voorstel. Dit kom hierop neer: "In Emden het afgevaardigdes van verskillende sulke complete 'kerke' saamgekom en hulle het besluit om hulle Kerke 'confoederatief' te verbind. Met die oog op hierdie federasie is toe 'n ooreenkoms of 'n akkoord of kontrak aangegaan vir die 'kerkelyke gemeenskap' van hierdie groep Kerke. Hierdie 'akkoord' is die Nederlandse Geloofsbelydenis en hierdie aangehaalde tweede artikel vermeld die ondertekening van die akkoord of kontrak. Die ondertekenaars teken namens hulle Kerke as kontrakterende partye om so tot die 'bant van Eenicheyt' te geraak...." En dan verklaar prof. Engelbrecht: "Hierdie voorstelling is ten enemale onjuis."

Ons stem van harte saam met die geagte professor dat hierdie simplistiese voorstelling van die gang van sake ten enemale *onjuis* is. Maar dit is dan ook nie die voorstelling omtrent die gang van sake van "die mense wat soos ds. Coetzee op die kerkregtelik verkeerde standpunt van dr. Kuyper en dr. Rutgers" staan nie. Dit is maar net prof. Engelbrecht se eie konsepsie en opvatting van daardie standpunt. En daardie opvatting is seker histories onjuis.

Die "Neo-Calviniste", dr. Kuyper en dr. Rutgers en die mense wat saam met hulle op die "kerkregtelik verkeerde standpunt" staan, het nie so 'n uiters simplistiese opvatting van die gang van sake as prof. Engelbrecht hulle toedig ^[31] nie. Ons moet darem veronderstel dat hulle ook 'n bietjie kerkgeskiedenis geken het en geweet het dat al die persone wat op daardie vergadering teenwoordig was hul name onder die *notule* geteken het. En ons moet darem aanneem dat hulle geweet het wat dit bedui *as die notule geteken word*. "Neo-Calviniste" mag wel dom wees, maar hulle begaan darem nie die domheid wat prof. Engelbrecht hulle toedig nie, om nl. die ondertekening van die notule van die Sinode van Emden te gaan sien as die ondertekening van 'n kontrak of ooreenkoms of 'n "akkoord van kerklike gemeenskap" nie! Hulle is waarlik darem nie só simpel om te gaan beweer dat die ondertekening van die notule van die Sinode van Emden deur die 29 man wie se name daaronder staan die ondertekening was van 'n formele akte van ooreenkoms of van die Nederlandse Geloofsbelydenis nie! Hulle weet darem ook wat die verskil is tussen daardie notule en die Confessio Belgica. En daarom is die triomfantelike vrae van prof. Engelbrecht: namens wie bv. Herman Modet en Franciscus Pauli, wat êrens in Vlaandere predikant was, of namens wie Jasperus Bogardus wat proponent was, geteken het, glad nie ter sake nie. Ds. Coetzee en ander Neo-Calviniste is darem ook nie só eenvoudig nie om te glo dat hulle 'n akte of akkoord teken telkens as hulle deur hul handtekening die notule van een of ander kerklike vergadering sertifiseer vir korrek!

As ons praat van die belydenis as "akkoord van kerklike gemeenskap" bedoel ons heeltemal iets anders. Daarmee sê ons dat *eenheid van belydenis die onmisbare grondslag is waarop alle kerklike korrespondensie, en dus ook alle kerkverband, moet rus*.

Hiermee word 'n historiese feit gekonstateer. *Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke in die verskillende lande leer dat kerkverband gelê is tussen kerke (gemeentes) wat dieselfde belydenis had en dat dit aangegaan is nadat die eenheid in belydenis openbaar geword het en op grond van daardie eenheid*.

Om dit aan te toon, sal ons die verloop van sake in die Gereformeerde Kerke van Frankryk en Nederland nagaan.

^[32] Die Gereformeerde Kerke van Frankryk was die eerste kerkegroep wat in die 16e eeu 'n gereformeerde kerkverband afgesluit het. Die kerk van Genève was wel die moederkerk van die presbiteriaal ingerigte kerke in die verskillende lande van Europa, maar daar was geen presbiteriale kerkverband in Switserland nie. Ná die terugkeer van Calvyn is die kerk van Genève wel presbiteriaal ingerig en georganiseer, maar dit het die enigste presbiteriaal georganiseerde kerk in Switserland gebly, sodat daar geen sprake was van 'n presbiteriaal georganiseerde kerkverband met meerdere vergaderinge, volgens gereformeerde opvatting nie. Die Zwingliaanse reformasie het die regeermag oor die kerk toegeken aan die wêreldlike owerheid en wou nie weet van 'n kerklike

instituut vir die oefening van die kerklike tug nie, met die gevolg dat die Calvinistiese beginsels in verband met gemeente-inrigting en kerkverband in Switserland geen toepassing gevind het nie. Eers in Frankryk is daardie Calvinistiese beginsels prakties toegepas. Daar is die presbiteriale beginsels nie alleen in die inrigting van die plaaslike kerke, volgens die voorbeeld van die kerk van Genève, deurgevoer nie, *maar is ook 'n gereformeerde kerkverband, volgens hierdie beginsels, tot stand gebring*. Dit was die eerste gereformeerde kerkverband wat daar in die 16e eeu ontwikkel het kragtens die kerkregtelike opvattinge van Calvyn.

Wat was nou die verloop van sake in Frankryk?

Nadat Jacob Faber van Etaples (Stapulensis), deur sy humanistiese en Bybelse studie-
arbeid, en Willem Bricconnet, biskop van Meaux, deur praktiese hervorminge in sy
bisdom, die Reformasie voorberei het, is dit gegrond en gevestig geword deur die
geskifte van Luther, sinds 1517. Reeds van die jaar 1524 af het baie Evangelies-
gesindes die waarheid met die marteldood beseël. Maar die Lutherse Reformasie het in
Frankryk geen *kerkreformasie* tot stand gebring nie. Dit het wel *individuele gelowiges*
gekweek wat hulself in die geheim, hier en daar, in huise en in die privaat gestig het met
die Woord van God. Dit het private byeenkomste, konventikels tot vrug gehad, maar in
die hele Frankryk het dit geen enkele *kerk* tot stand gebring ^[33] nie, want, anders as in
Duitsland, het die owerheid Rooms gebly. Die eerste *kerk* van die Reformasie in Frankryk
het in Meaux ontstaan, die biskopsetel van Bricconnet en die jarelange verblyf van Faber
(of Le Fèvre). En dit het ontstaan, nie as gevolg van die Lutherse reformasie nie, maar
kragtens die kerkregtelike beginsels van Calvyn wat daarheen deurgedring het. Tydens
die leeftyd van Bricconnet en Faber was Meaux by die Roomse bekend as 'n "setel van
kettery" en het hulle gesprek van die "Lutherane van Meaux." Maar pas ná die dood
van hierdie twee manne (Faber is in 1537 oorlede) het daar 'n gereformeerde *kerk* in
Meaux gekom. Mense van hierdie stad het na Straatsburg gereis en daar kennis gemaak
met die gemeente van Franse vlugteling waarvan Calvyn, ná sy verbanning uit Genève,
predikant geword het. Daar het hulle kennis gemaak met 'n kerk, onafhanklik van die
wêreldlike owerheid, met sy eie kerklike regering en tugoefening. By hul terugkeer het
hulle die Franse Evangelies-gesindes van Meaux bemoedig en aangespoor om hulself tot
'n *kerk* te konstitueer, volgens die model van die kerk van Straatsburg. Ná gesamentlike
raadpleging het dit gebeur en só het die eerste gereformeerde kerk in Frankryk tot
openbaring gekom. (Beza: *Histoire ecclesiastique des Eglises reformées au Royaume de
France*, I, p. 49, vv.) Hierdie kerk is egter in 1546, as gevolg van 'n heftige
godsdienstvervolging van die kant van die Roomse, verstrooi, sodat jare lank daarna
geen Evangeliese gemeente in Frankryk bestaan het nie. Die Evangelies-gesindes kon
hulself toe slegs deur lesing van die Skrif en van evangeliese boeke, deur gebed en
psalmgesang opbou in die geloof. Van kerkgodsdienst was daar geen sprake nie. As hulle
'n kerkgodsdienst wou bywoon, moes hulle die reis na Straatsburg of Genève onderneem.
Baie het dit ook gedoen. By hul terugkeer het hulle dan die geloofsgenote tuis versterk
en vertroos. Baie is op die terugreis gevange geneem en het hul geloof met die
marteldood bevestig.

Dit het geduur tot in die jaar 1555 voordat daar weer in Frankryk 'n gereformeerde kerk
gestig is, volgens die ^[34] model van Genève. Dit was die kerk van Parys. Die
omstandighede wat tot die stigting van die Geref. Kerk van Parys gelei het, gaan ons
hier stilswygend verby. Beza sê van hierdie stigting: "*Voor hierdie tyd was daar geen
behoorlik georganiseerde kerk en geen geordende bediening van die Woord of die
sakramente en geen kerkraad nie. In hierdie jaar egter is die erfdeel van die Here vir die
eerste keer met goeie oorleg in orde gebring.*" Ouderlinge en diakens is gekies en 'n jong
man, Jean de la Rivière, is tot predikant gekies. Hierdie kerk, ingerig volgens die model
van Genève, onder leiding van die ampte, het die moedergemeente geword van die
Geref. Kerke van Frankryk. Die eerste stad wat die voorbeeld van Parys gevolg het, was
Meaux. Daarna het gekom Angers, Poitiers, Bourges, Blois, Tours, Orleans e.a. wat
hulself almal tot gereformeerde kerke gekonstitueer het en predikante, ouderlinge en
diakens gekies het. Let wel, daar was toe nog geen sprake van enige Sinode of

kerkverband nie. So iets as een ondeelbare Kerk van Frankryk het daar eenvoudig nie bestaan nie! Een van die ywerigste kerkstigters van Frankryk was Simon Brossier, wat onvermoeid orals in die land rondgereis en die Evangelies-gesindes tot kerkstigting aangespoor het. In 1560 was daar in Provence alleen reeds sestig geordende kerke met hul ouderlinge, diakens en predikante, en die statistiek van 1561, opgemaak deur die byeenkoms van Gereformeerdes te Poissy, het nie minder as 2,150 Geref. Kerke oor die hele Frankryk aangetoon nie!

Die verhand tussen die Gereformeerde Kerke van Frankryk is eers in 1559 gelê en die geskiedenis toon aan dat dit vrywillig aangegaan en deur konfederasie van die plaaslike kerke tot stand gekom het. Hier het ons te doen met feite wat nie kan weggedeneer word nie.

Teen die einde van 1558 was daar geen kerkverband tussen die Franse Gereformeerde Kerke nie. Destyds is Antoine Chandieu oor 'n sekere saak in naam van die kerk van Parys afgevaardig na Poitiers. Tydens sy besoek aldaar is die Nagmaal gevier, by watter geleentheid heelwat mense uit die omgewing by die gemeente aangesluit het. Hieronder was ook enige predikers uit die omtrek. Ná ^[35] die Nagmaalsviering is daar 'n predikante-konferensie gehou waarop Chandieu en die ander predikers met mekaar gepraat het oor sake van die leer, die kerklike tug en die kerkinrigting. Tydens daardie konferensie het die gedagte by hulle opgekóm dat dit goed sou wees, as dit die wil van die Here was, indien alle Franse Kerke eendragtiglik 'n geloofsbelydenis en 'n kerkorde sou opstel en hulself daaromheen sou groepeer. Hulle het met mekaar gespreek oor die gevare wat voor lê indien die Geref. Kerke van Frankryk nie met mekaar 'n verbond sou sluit nie — gevare van skeuringe en verdeeldhede oor leerkwessies en die handhawing van die tug. Hulle het besef hoe wenslik dit was dat die kerke met mekaar 'n verbond moes afsluit, en besluit om onder dieselfde kerkorde en kerklike tug te gaan staan. Die klein predikante-konferensie het toe aan Chandieu opgedra om hul begeertes hieromtrent te gaan bekend stel aan die kerkraad en gemeente van Parys, met die versoek om te beraadslaag of dit nie moontlik sou wees om hierdie begeertes te verwerklik en aan die Gereformeerde Kerke van Frankryk 'n gemeenskaplike geloofsbelydenis en 'n kerkorde te verskaf nie. Die kerkraad van Parys het toe in korrespondensie getree met die ander Gereformeerde Kerke om hulle goedkeuring te verkry. En dit het toe gelei tot die besluit om 'n *Sinode* in Parys te hou. Só het dit gekóm dat, nieteenstaande die sware vervolgings en die nood van die tye, afgevaardigdes van die verskillende kerke in Frankryk op 26 Mei 1559 in Parys in sinode byeengekom het, met die doel om op grond van die Woord van God oor die leer en die kerkinrigting tot eenstemmigheid te kom. Op hierdie eerste nasionale Sinode van die Franse Kerke het sowel die Geloofsbelydenis (*Confessio Gallicana*) as die kerkorde (die *Discipline Ecclesiastique*) tot stand gekóm. Die Geloofsbelydenis — waarskynlik opgestel deur Chandieu — het die *innerlike, geestelike eenheid* van die Franse Geref. Kerke uitgespreek en aan die lig gebring. *Toe hierdie innerlike geestelike eenheid van geloof van die kerke gekonstateer was en dit daaruit duidelik was dat die onontbeerlike grondslag vir kerklike gemeenskap aanwesig was, het die tweede saak,* ^[36] *nl. die kerkverband, gevolg.* In die *Discipline Ecclesiastique* is die kerklike gemeenskap self tot gestalte gebring. Hierdie tweede saak het egter alleen moontlik geword nadat eers die inwendige, geestelike geloofseenheid deur die Konfessie tot openbaring gekóm het. Toe dit geblyk het dat die onmisbare grondslag vir kerklike gemeenskap aanwesig was, is die betrekkinge van die plaaslike kerke onderling en die sinodale verband van die verskillende kerke saam vasgelê in die Kerkorde of *Discipline Ecclesiastique*.

*Dit was die gang van sake in die Geref. Kerke van Frankryk, soos verhaal deur Beza self in die *Histoire ecclesiastique des Eglises rejomées au Royaume de France*, uitgegee in 1580 — 'n werk wat onder Beza se persoonlike toesig saamgestel is deur Nicolas des Gallars (Gallasius) en wat 'n verhaal bevat van die geskiedenis van die Geref. Kerke in Frankryk gedurende die jare 1521 tot 1563. Hieruit is duidelik wat ons bedoel as ons spreek van die belydenis as die "akkoord van kerklike gemeenskap."* Die belydenis wat uitdrukking en vergestaltung is van die gemeenskaplike geloof, van die innerlike,

geestelike eenheid, is die onontbeerlike grondslag vir kerklike gemeenskap. Waar sodanige grondslag nie aanwesig is nie, kan geen gereformeerde, presbiteriale kerkverband tot stand kom nie.

Die geskiedenis het dan ook uitgewys dat 'n gereformeerde, presbiteriale kerklike gemeenskap of kerkverband alleen dáár tot stand gekom het waar die gereformeerde (noukeuriger gespreek: Calvinistiese) belydenis beslag gelê het op die harte.

Van Frankryk af het die gereformeerde belydenis, en hand aan hand daarmee die gereformeerde-presbiteriale kerklike gemeenskap of kerkverband, homself voortgeplant na Skotland, die Nederlande en deur die Nederlande na Wes-Duitsland.

In die Nederlande vind ons dieselfde verloop van sake as in Frankryk, ten minste voor 1572. Na hierdie tyd kry ons die stryd op kerkregtelike gebied tussen die Konsistoriale en die Staatsgesinde partye, 'n stryd tussen die Calvinistiese en die Zwingliaanse beginsels in verband met kerkregering en tug — 'n verskil wat later saamval met die onderskeiding ^[37] Contra-Remonstrante en Remonstrante. Oor hierdie aspek sal ek egter later breedvoeriger spreek wanneer die kwessie van die vrye kerk ter sprake kom wat deur prof. Engelbrecht in sy boek te berde gebring is.

Wat was die gang van sake in die Nederlande tot op die Sinode van Emden, 1571?

Ons moet nie uitgaan van die gedagte dat die Sinode van Emden vir die eerste keer tussen die Nederlandse Geref. Kerke 'n kerkverband gelê het nie. Ons sal wel later sien wat die betekenis van die Sinode van Emden in hierdie verband is. Maar reeds voor 1567 het daar in die Suidelike Nederlande 'n kerkverband tot stand gekom tussen die geheime kerke aldaar (die kerke wat onder die kruis gesit het, soos die uitdrukking was). Hierdie verband is verwoes deur die bloedige geloofsvervolginge van Alva, waardeur die Geref. Kerke in die Suidelike Nederlande verstrooi is. Dit het egter tot stand gekom pas toe die innerlike, geestelike eenheid tussen die kerke gekonstateer en vasgestel en uitgebeeld was in die Nederlandse Geloofsbelydenis (die *Confessio Belgica*). Pas toe dit geblyk het dat die *innerlike eenheid en geestelike gemeenskap* aanwesig was, het ook die *uiterlike gemeenskap of kerkverband* sy gestalte gekry.

Deur sekere "voorlopers van die Hervorming" is die Reformasie op Nederlandse bodem voorberei. Toe Luther in 1517 opgetree het, was die bodem in Nederland toeberei om die saad van die Reformasie te ontvang. Die geskrifte van die Duitse reformator het sterk weerklank gevind in die Nederlande, só sterk selfs dat die eerste martelaars wat vir die Evangeliese rigting en oortuiging hul lewe gegee het in die Nederlande was. Ons verwys slegs na die twee Augustyner-monnike, Hendrik Voes en Johannes van Essen, wat op 1 Julie 1523 in Brussel ter wille van hul geloof verbrand is. Die beskouinge en beginsels van Luther het in die Nederlande 'n vrugbare bodem gevind.

Soos ons weet, was die Suidelike Nederlande hoofsaaklik Franssprekend, terwyl in die Noordelike Nederlande die Nederduitse (Nederlandse) taal gespreek is. In die noordelike provinsies het die Lutherse reformasie ^[38] oorspronklik sterk ingang gevind, terwyl later deels die rigting van Melancton, deels die van Zwingli daar ingeburger is.

In die Nederlande vind ons egter dieselfde verloop van sake as wat ons in Frankryk gevind het. Die Lutherse reformasie het wel *individuele* gelowiges, Evangelies-gesinde *persone*, gekweek en hier en daar is klein konventikels en private byeenkomste gehou, maar dit het geen "kerke" gevorm nie. Van *kerkreformasie* as sodanig was daar geen sprake nie. Die eerste "kerke," onder bestuur en leiding van kerkrade (konsistories), is in die Suidelike Nederlande gekonstitueer. Maar dit het pas gebeur ná 1556, nadat die Calvinistiese beginsels en beskouinge vanuit Frankryk daarheen deurgedring het. Onder die beademing van die Lutherse reformasie het daar in die Nederlande geen "kerke" ontstaan nie.

Gedurende die vyftiger jare van die sestiende eeu het die Calvinistiese beginsels in die Suidelike Nederlande sterk deurgedring. Hierdie beginsels is hoofsaaklik uit Frankryk oorgeplant na die Franssprekende suidelike Nederlandse provinsies, vernaamlik Brabant

en Vlaandere, bewoon deur Wale. Franssprekende predikante, opgelei in Genève, het die Calvinistiese reformasie daar ingevoer. Van hier uit het die Calvinistiese reformasie voortgeskry na die noordelike, Nederduitssprekende dele. Met die vestiging van die Calvinistiese beskouinge en beginsels het daar in die Suidelike Nederlande geheime kerke ontstaan — kerke onder die kruis — ingerig volgens Calvinistiese kerkregtelike beginsels, na die model van Genève en die Franse Gereformeerde Kerke. Tussen hierdie "kerke" van die Suidelike Nederlande is die eerste "kerklike gemeenskap" of kerkverband tot stand gebring, met die *Confessio Belgica* as die "akkoord van kerklike gemeenskap." Die kerklike gemeenskap het gevolg op die Geloofsbelydenis, deur die aanname waarvan die innerlike, geestelike eenheid openbaar geword het.

Die Suid-Nederlandse predikant, Guido de Brès, het in 1560 of 1561 in samewerking met ander predikante die *Confessio Belgica* in Frans opgestel. Dit is gestel in ^[39] Calvinistiese gees, op voetspoor van die Franse Geloofsbelydenis, die *Confessio Gallicana*, en is later in Nederlands oorgesit. In die jaar 1562 is dit hersien en die volgende jaar op die Sinode van Armentieres vasgestel as die openbare Belydenis van die geloof van die Geref. Kerke in Nederland. In die jaar 1564 is dit namens die kerk van Antwerpen ('n geheime kerk), waar Franciscus Junius predikant was, as die Geloofsbelydenis van die Geref. Kerke aan die regering in Brussel oorhandig. Toe op hierdie manier die innerlike eenheid van geloof van die Geref. Kerke in die Nederlande gekonstateer en vasgestel was, is die "kerklike gemeenskap" of kerkverband tot stand gebring, want die onontbeerlike grondslag vir kerklike gemeenskap was aanwesig. En ook hierdie kerklike gemeenskap was, net soos die van die Franse Geref. Kerke, 'n vrywillig aangegane *verband* wat deur "confoederatie" van die "kerke" van die Suidelike Nederlande tot stand gekom het.

Dr. G.J. Vos, A.zn., predikant van die Ned. Hervormde Kerk in Amsterdam, wat 'n teëstander was van drr. A. Kuyper en F. L. Rutgers en dus nie van simpatieë met die "Neo-Calviniste" kan verdink word nie, sê op bls. 75 van sy *Geschiedenis der Vaderlandsche Kerk* (tweede druk, 1888): "Zij (d.w.s. die Geloofsbelydenis) is de geboorte-acte, de eerste authentieke oorkonde van het karakter onzer kerk; aldus richtsnoer ter beoordeling van wat al dan niet tot hare leer en organisatie behoort; een opgerichte banier tot aaneensluiting van gelijkgesinden".

Hy gebruik wel nie die term "akkoord van kerklike gemeenskap" nie. Maar wat hy daaromtrent uitspreek, is tog maar presies dieselfde. 'n Geboorte-akte is 'n getuienis dat daar 'n geboorte plaasgevind het. Van watter "geboorte" is die Geloofsbelydenis getuienis? Van die geboorte van een enkele kerk? Seker nie, maar wel van die geboorte van meerdere gereformeerde kerke of gemeentes in die Nederlande. En hierdie "kerke" gee gesamentlik vir die wêreld getuienis van hul geboorte, d.w.s. dat hulle saam daar is as 'n geestelike eenheid wat met mekaar ook 'n uiterlike eenheid wil vorm — 'n kerklike gemeenskap. Dit is "richtsnoer ter beoordeling van wat al dan niet ^[40] behoort tot hare leer en *organisasie*," d.w.s. "kerklike gemeenskap." En "richtsnoer ter beoordeling van organisasie" of kerklike gemeenskap, wat is dit anders as "akkoord van kerklike gemeenskap"? Die Geloofsbelydenis is "opgerichte banier tot *aaneensluiting van gelykgezinden*." En "aaneensluiting" is tog 'n vrywillige daad, nie waar nie? Dit druk tog 'n "eie handeling" uit en nie 'n "behandel word" nie! "Aaneensluiting" is tog iets anders as "bymekaar gedrywe word." Wat is "aaneensluiting" anders as "confoederatie"? Dit is 'n *banier* waaromheen *gelykgesindes* hulself aaneensluit. En sou die *gelykgesindes* nou slegs afsonderlike persone alleen gewees het? Het hulle, nadat die Geloofsbelydenis verskyn het, toe eers as afsonderlike persone bymekaar gekom, hulself daaromheen aaneengesluit en toe as "gemeentes" openbaar geword? Ons weet dat dit nie die historiese gang van sake was nie. Toe die Geloofsbelydenis opgestel en gepubliseer is, was daar *gelykgesinde* gereformeerde kerke (gemeentes) in die Nederlande wat hulself rondom hierdie banier *aaneengesluit* het. Rondom die Geloofsbelydenis wat die *gelykgesindheid* of geestelike eenheid onder woorde gebring en vasgelê het, het die reeds bestaande "kerke" hulself aaneengesluit tot 'n uiterlike "kerklike gemeenskap." Sodat dit histories nie verkeerd is om te praat van die "akkoord van kerklike

gemeenskap" nie.

Natuurlik wil ons nie twis oor die term nie, want ons wil geen spykers op laag water soek nie. As prof. Engelbrecht die voorkeur gee aan die term "grondslag van kerklike gemeenskap" vir die belydenis, of soos dr. G.J. Vos wil praat van "opgerichte banier tot aaneensluiting van gelijkgezinden," dan het ons daar vrede mee.

Die gelykgesinde, presbiteriaal ingerigte kerke van Suid-Nederland, onder leiding en bestuur van hul "konsistories," het hulself rondom die opgerigte banier van die Geloofsbelydenis vrywillig aaneengesluit; en in die jaar 1564 is die "kerklike gemeenskap" of kerkverband dan ook behoorlik deur die Sinode van Antwerpen gereël.

Nouliks het die Gereformeerde Kerke van die Nederlande hulself rondom die Geloofsbelydenis aaneengesluit en ^[41] hulself uitwendig tot 'n kerklike gemeenskap of kerkverband gekonstitueer, toe hulle deur die moordende geloofs-vervolginge van die hertog van Alva, 1567, verwoes en verstrooi is. Die kerklike organisasie of gemeenskap is verbreek en gereformeerde vlugtelingekerke is vereers versamel in die vreemde, op Duitse bodem, in Oos-Friesland en aan die Ryn. In hierdie benarde omstandighede het die Nederlandse Calviniste op vreemde bodem gedoen wat hulle kon om die verwoeste kerkgemeenskap weer op te rig. In die jaar 1568 is daar 'n konferensie gehou te Wesel, waar planne vir 'n gereformeerde kerkgemeenskap in die Nederlande ontwerp is, wanneer dit die Here sou behaag om aan die verdruktes vryheid te skenk. Die Weselse byeenkoms was nie 'n kerkvergadering nie, maar 'n byeenkoms van liefhebbers van die kerk van Christus. Hierdie manne het in daardie benoude tye die grondlyne van 'n gereformeerde Nederlandse kerkverband *volgens Calvinistiese* model ontwerp. En volgens die opvatting van daardie manne wat die ontwerp van 'n gereformeerde kerkgemeenskap volgens Calvinistiese model saamgestel het, *is die belydenis die akkoord van kerklike gemeenskap van die gemeentes*. Dit blyk duidelik uit wat vasgestel is in Hoofstuk II, art. 8, in verband met die ondersoeking of eksaminasie van persone wat tot bedienaars van die Woord verkies sal word in daardie kerklike gemeenskap. Dáár word bepaal dat die ondersoeking sal gaan deels oor die leer en deels oor die wandel van die beroepenes. En wat nou die leer aanbetref, word bepaal dat daar o.m. "sal gevra word of die persoon in alles ooreenstem met die leer wat openlik in die kerk onderhou word, volgens wat vervat is in die Belydenis van die geloof wat eers aan die Koning van Frankryk deur die dienaars van die kerke van daardie ryk aangebied is, en daarna in ons landstaal oorgesit, aan die Koning van Spanje en die orige owerheidspersone van Nederduitsland opgedra en oorhandig is, en wat eindelijk ook in die Kategismus vervat is."

Hieruit is dit duidelik genoeg dat die manne van Wesel uitgegaan het van die standpunt dat die toekomstige kerkverband of kerklike gemeenskap van die Nederlandse ^[42] gereformeerde kerke tot stand gebring moes word met die Geloofsbelydenis en die Kategismus as Formuliere van Enigheid, d.w.s. daar moes ooreenstemming wees in die leer volgens hierdie formuliere. Wat beteken dit anders as dat die manne wat te Wesel vergader het die Belydenisskrifte gestel het as "akkoord van kerklike gemeenskap"?

Drie jaar later het die Sinode van Emden (1571) vergader. Hierdie kerklike samekoms is ook nog weens die nood van die tye op buitelandse bodem gehou, omdat die vryheidson nog nie oor die Nederlande opgegaan het nie. Dit was egter nie 'n samekoms van private persone wat as liefhebbers van die kerk vergader het soos te Wesel nie, maar 'n Sinode of *samekoms van kerke* onder die kruis, verstrooid in Oos-Friesland en Duitsland. Hierdie Sinode het self die toekomstige kerklike inrigting en kerkverband *vir die Nederlandse gereformeerde kerke ontwerp, omdat* daar verwag is dat die vryheid deur Gods genade binne afsienbare tyd oor die verdrukte Nederlande sou daag. En toe is bepaal dat die Belydenis waarin die eendragtigheid in die leer tussen die Nederlandse gereformeerde kerke vervat is, die akkoord van kerklike gemeenskap tussen die kerke sou wees. Dit blyk uit wat in artt. 2 en, 4 omtrent die ondertekening van die Geloofsbelydenis bepaal is "om de eendrachtigheydt in de Leere tusschen de Nederlandtsche Kercken te bewijsen." Art. 4 lê vas: "Men sal oock de Nederlandtsche

Kerckendienaars die in dese versamelinghe niet en zijn, vermanen dat sij in die selve onderschrijvinghe bewillighen: T' selve sal men oock allen anderen doen, die van nu voortaan tot den dienst des Woorts beroepen sullen worden, eer sij in haren dienst treden."

Hieruit is dit duidelik genoeg dat die manne van Wesel en Emden vir die kerke in Nederland, nadat die vryheid sou aangebreek het, 'n kerklike gemeenskap of kerkverband *volgens Calvinistiese beginsel en opvatting* in gedagte gehad het, met die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap. Die Gereformeerde Kerke in Frankryk en die Waalse Geref. Kerke in die Suidelike Nederlande het etlike jare vantevore *sodanige* kerkverbande tot stand gebring. En die manne van Wesel en Emden was van plan om hierdie [43] model te volg. Dit is vir geen teëspraak vatbaar dat hulle 'n kerkinrigting en -verband gewil het *volgens Calvinistiese model* en nie volgens Lutherse of Zwingliaanse opvatting nie. En in 'n kerkverband *volgens Calvinistiese opvatting en beginsel* is die Belydenis akkoord van kerklike gemeenskap. Vandaar ook die bepalinge van Emden omtrent die ondertekening van die Belydenis.

Wat het egter van hierdie planne en ontwerp tereggekem nadat die vryheid-son oor die noordelike provinsies van Nederland opgegaan het?

Hieroor sal ons die uitsprake gee van manne wie se getuienis bo alle verdenking staan. Hulle is nie "Neo-Calviniste of Geref. Scholastici" nie.

Eers gee ons dan die getuienis van dr. G. V. Lechler, 'n Duitse, Lutherse teoloog wie se verhandeling: *Geschichte der Presbyterial- und Synodalverfassung seit der Reformation* deur die Haagse Genootskap ter verdediging van die Christendom met die prys bekroon is. Hierdie verhandeling was die beantwoording van 'n prysvraag deur gemelde genootskap in 1851 uitgeskrywe. Dit is in 1854 uitgegee en is tot dusver seker wel die mees gesaghebbende werk oor die geskiedenis van die gereformeerde kerkinrigting. In verband met die kerkinrigting in die noordelike provinsies van die Nederlande sê Lechler (ons vertaal):

"Eers sedert die jaar 1578, naamlik sedert die tyd van die Unie van Utrecht (1579) waardeur die noordelike provinsies hulself los van Spanje verklaar het, het die vlugtelinge geleidelik na die tuisland teruggekeer.

"Reeds etlike jare vroeër (Junie 1574) het die Gereformeerdes in Holland en Seeland hul eerste provinsiale Sinode gehou te Dordrecht onder voorsitterskap van Casper van der Heyden (Heidanus): hulle het die artikels van Emden herhaal en aangevul, die predikante verplig tot gehoorsaamheid aan hul klassisse en besluit dat die ouderlinge en diakens, naas die Geloofsbellydenis, ook die kerkorde moes onderteken. *Alleen, hierdie Sinode het reeds in botsing gekom met die regering* (kursivering van ons). Dit het wel met voorwete van die Stadhouer, prins Willem van Oranje, en die State saamgekem, maar het onafhanklik van [44] die staat gehandel. Daarna het twee predikante uit naam van die Sinode die besluite aan die provinsiale State van Holland en Seeland ter goedkeuring meegedeel, maar antwoord ontvang dat die besluite nie aangeneem word nie.

"Dit was 'n voorspel van ernstiger gebeurtenisse van dieselfde aard wat gevolg het. Die Gereformeerde Kerk het homself 'onder die kruis' en volledig *onafhanklik van die staat* gevorm toe die staat in Roomse belang despoties geregeer is. Toe die Protestantse State van die provinsies self saam met die Stadhouer die staatsroer in hande geneem en die regering self die evangelie erken het, het die evangeliese kerk wel beskerming, *maar ook afhanklikheid van die staat* te wagte gehad; dit *het staatskerk geword*. Toe die State-Generaal vir die duur van die oorlog met Spanje die Prins van Oranje as hoof en hoogste owerheid van die land aangestel het (1575), het dit plaasgevind onder die uitdruklike bepaling betreffende die godsdiens: *dat hy geen konsistories of kerkrade sou erken nie, tensy dan na goedkeuring of aanstelling deur die stedelike magistrate of die State van die land*. Positief is aan die Prins opgedra om die gereformeerde godsdiens opreg te handhaaf; hy kon ter bevordering daarvan drie of vier geskikte manne as

kommissarisse-generaal in godsdienssake aanstel, en ná goedkeuring deur die State 'n doelmatige kerkorde invoer. Hiermee is die outonomie van die kerk, sy presbiteriale en sinodale selfregering bedreig, aangesien daar 'n soort landsvorstelike konsistorie volgens Lutherse beginsel bedoel is, of, juister, volgens Zwingliaanse beginsel, aan die munisipale en provinsiale owerhede 'n aan hulle toekomende reg toegeken is om in kerksake die hoogste en positiewe leiding te gee.... As gevolg hiervan is die *kerkgeskiedenis van Nederland geruime tyd deurgaans die geskiedenis van die stryd tussen die kerk, worstelend om outonomie in presbiteriale en sinodale vorm, en die staat wat in sy hoëre en laere organe die kerkregering vir homself opgeëis het*" (blss. 131–133).

Die volgende getuies wat ons aanhaal om aan te toon wat daar tereg gekom het van die gereformeerde kerk-inrigting en -verband volgens Calvinistiese model in die [45] Noordelike Nederlande, is dr. A. Ypey, hoogleraar in die godgeleerdheid te Groningen, en ds. I.J. Dermout, sekretaris van die Algemene Sinode van die Nederl. Hervormde Kerk en predikant te 's Gravenhage. Hierdie manne het in 1819 uitgegee: *Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk* (vier dele).

In verband met die kerkorde wat in 1574 deur die provinsiale Sinode van Dordrecht beraam is vir die reëling van die kerkgemeenskap en -verband in die provinsies Holland en Seeland — 'n kerkorde wat die Calvinisties-gestelde bepalinge van Emden (1571) herhaal en aangevul het — sê die genoemde manne: "Wat echter de kerken-ordening, daar beraamd, zelve aangaat, die werd door de Staten geenszjns aangenomen. Wel werd zij hun aangeboden; maar het antwoord was koel; men weigerde aan de kerkelijken hetgene zij verzochten. Trouwens, de gansche kerkenordening was ingerigt, *even als of de kerk geheel van den staat gescheiden ware De vervaardigers van deze kerkenordening, grootendeels der Calvinistische partij toegedaan zijnde, waren natuurlijk in dezelve de hiervoor opgegevene grondbeginselen van Calvin, nopens het kerkbestuur, gevolgd.* De regeering daarentegen hield zich liever, gelijk ook natuurlijk was, aan de grondbeginselen van Zwingli Opdat derhalve de overheid de kerkelijken volkomen in bedwang mogt hebben, kreeg ten jare 1575 de Prins van Oranje eenvoudig in last geene konsistoriën of kerkenraden te gedogen, dan by goedvinding, benoeming en aanstelling van de magistraten der steden of van de staten des lands" (Deel I, blss. 338, 339).

As een van die redes waarom die wêreldlike owerhede in Nederland geweier het om die kerkordes, opgestel deur die kerke self in Calvinistiese gees, toe te laat, vermeld Ypey en Dermout: "Wijders kwam het den Staten onbestaanbaar met de ware godsdienstige vrijheid voor, dat de predikanten de Nederlandsche geloofsbelijdenis moesten onderteekenen, indien zij niet van hunnen dienst wilden afgeset worden"" (Deel I, bls. 345).

Uit hierdie getuienisse blyk duidelik dat die Calviniste in Nederland die Belydenisskrifte van die kerke wou hê [46] as Formuliere van Enigheid, d.w.s. as akkoord van kerklike gemeenskap, maar dat die wêreldlike owerheid dit verhinder het. Laasgenoemde het voorkom dat die bepaling insake ondertekening van die Belydenis van krag sou wees, omdat hulle 'n kerk wou hê waarin leervryheid en toleransie van afwykende gevoelens moes bestaan, 'n kerkgemeenskap of -verband wat nie aan die Belydenis van die kerke as akkoord van gemeenskap verbonde sou wees nie.

Wat was nou die gevolg van hierdie owerheids-belemmeringe van die Geref. kerke in Nederland? Ypey en Dermout sê: "dat er van het Calvinistische stelsel bijkans niets, aan zweem of schaduw meer overbleef" (Deel I, bls. 364).

Hierdie getuienisse van kundige kenners van die geskiedenis (nie dilettante nie) is genoegsaam bewys dat dit 'n egte Calvinistiese beginsel is — en nie 'n "Neo-Calvinistiese dwaling of afwyking" nie — om die belydenis van die Gereformeerde Kerke te maak tot akkoord of grondslag van kerklike gemeenskap. Dit is 'n beginsel afkomstig van Calvyn self en nie van drr. A. Kuyper en F. L. Rutgers nie. Die Gereformeerde Kerke in Frankryk en die Waals Gereformeerde Kerke in die Suidelike Nederlande het, onafhanklik van staatsbemoeiing, hierdie eg-Calvinistiese beginsel toegepas toe hulle in

die tweede helfte van die 16e eeu hul kerklike gemeenskap of verband gevorm het. Dat die Belydenis van die Geref. Kerke in die noordelike of Nederduits-sprekende provinsies van die Nederlande nooit in die 16e eeu akkoord van kerklike gemeenskap geword het, moet nie hieraan toegeskrywe word dat dit nie 'n eg-Calvinistiese beginsel was en dat die Calviniste dit nie gewil en gesoek het nie, maar wel hieraan dat vrysinnige en Zwingliaanse owerhede, hierin gesteun deur Zwingliaanse predikante, die toepassing van hierdie Calvinistiese beginsel verhinder het, sodat daar in die kerk van die Noordelike Nederlande van die Calvinistiese stelsel "bijkans niets, dan alleen zweem en schaduw overbleef."

Toe prof. Engelbrecht sy "ongekorrigeerde brochure" aan die begin van 1945 so haastig teruggeroep het, om dit later te vervang deur 'n sogenoemde "gekorrigeerde" [47] uitgawe, het hy nogtans in die laasgenoemde heelwat dinge ongekorrigeerd laat bly staan — dinge wat hy oorspronklik in "sy haastigheid" die wêreld ingestuur het. Een van hierdie ongekorrigeerde haastigheidsprodukte is sy bewering dat dit dan 'n "Neo-Calvinistiese dwaling of afwyking" sou wees om die Belydenisskrifte van die Geref. Kerke te hê as akkoord van kerklike gemeenskap. Uit die voorgaande het dit duidelik geword dat dit inteendeel 'n goeie, regte, Calvinistiese beginsel is. Die geagte professor kan gerus nou nog maar verdere korreksies aanbring in sy "gekorrigeerde brochure" se "ongekorrigeerde" voorstelling van sake, sodat dit meer in ooreenstemming met die historiese werklikheid kan wees en hy nie meer goeie Calvinistiese beginsels bly aansien vir "Neo-Calvinistiese dwaling en afwyking" nie.

In sy brosjure sal ons nog meer sulke "ongekorrigeerde" dinge teëkom. Hiertoe behoort ook wat Syhooggel. ten beste gegee het oor dr. A. Kuyper en die vrye kerk.

[48] Hoofstuk IV

DR. ENGELBRECHT EN DIE VRYE KERK

Prof. Engelbrecht sê op bls. 30 van sy brosjure: "Die geskil tussen ds. Coetzee en my word ook beheers deur 'n verskil in opvatting aangaande die kerk. Ds. Coetzee kies, as navolger van dr. Kuyper vir die Vrye kerk, terwyl ek weer 'n voorstander is van die Volkskerk. Dit is dan ook nodig om die aandag op die Volkskerk-idee en die Vryekerk-idee te vestig."

Prof. Engelbrecht stel egter die teëstelling hier nie heeltemal suiwer nie. "Volkskerk" en "vrye kerk" is wel teëstellinge, indien 'n mens onder "volkskerk" verstaan 'n staatsbeheerde kerk wat deur die staatsmag aan die hele volk opgelê word; dat die staatsmag geen ander kerk in die land as alleen die offisieel-erkende staatskerk wil gedoog nie. Dan alleen is die leuse: die hele volk en die hele kerk, min of meer vatbaar vir verwesenliking. En dan vorm die begrippe volkskerk en vrye kerk teëstellinge.

Maar in ons 20e eeu is "volkskerk" en "vrye kerk" nie teëstellinge nie. 'n "Volkskerk" kan ook 'n "vrye" kerk wees, d.w.s. los van alle staatsbemoeiing en -beheer. Die Ned. Geref. Kerk in die verskillende provinsies van die Unie van Suid-Afrika maak daar aanspraak op dat hy "volkskerk" is, aangesien die groot meerderheid van die Afrikanervolk aan daardie kerk behoort. Hy is egter 'n "vrye" kerk, in Kaapland alleen gebonde deur die Ordonnansie, maar heeltemal vry in die Oranje-Vrystaat, Transvaal, Natal en Rhodesië. Die Ned. Hervormde Kerk waartoe prof. Engelbrecht behoort, maak daar ook aanspraak op dat hy "volkskerk" is en prof. Engelbrecht sê baie duidelik dat hy 'n voorstander is van die volkskerk en 'n teëstander van die vrye kerk. Maar ook die Ned. Hervormde Kerk van Afrika is 'n vrye kerk, nie eens meer gebonde deur 'n staatsordonnansie soos die Ned. Geref. [49] Kerk van Kaapland nie. Alleen maar: die "volkskerk" waaraan prof. Engelbrecht behoort, is kerk van 'n baie kleiner deel van die volk as die "volkskerk" waaraan hy nie behoort nie, nl. die Gefedereerde Ned. Geref. Kerke van Suid-Afrika. Die geagte professor sal ons dit seker wel nie kwalik neem nie as ons hom vra: Hoekom beleef hy dan nie wat hy bely nie? Hy self sê baie pertinent dat hy nie 'n voorstander is van die vrye kerk nie. Waarom behoort hy dan aan 'n vrye kerk, nl. die Ned. Herv. Kerk van Afrika? Hy sê dat hy 'n voorstander is van die volkskerk. Waarom behoort hy dan nie aan die enigste kerk wat in Suid-Afrika min of meer hierdie ideaal van hom benader nie, nl. die Ned. Geref. Kerk?

Mag ons die geagte professor verder vra: Aangesien die Ned. Hervormde Kerk van Afrika, waaraan hy behoort, 'n "vrye" kerk is, net soos die Ned. Gereformeerde en die Gereformeerde Kerke, en die professor soseer gekant is teen die idee van die vrye kerk, wat is sy plan met die Ned. Hervormde Kerk van Afrika? Hoe stel hy hom voor om die Ned. Hervormde Kerk te bevry in Suid-Afrika van sy vrye karakter? Aangesien hy so gekant is teen die idee van 'n vrye kerk, wil hy tog seker nie daarin berus dat die Hervormde Kerk van Afrika maar tot in lengte van dae vrye kerk bly nie. Dink die geagte professor dat dit nog moontlik is vir die Ned. Hervormde Kerk om die klok in Suid-Afrika honderd jaar agteruit te sit en weer die posisie te verkry wat hy voor die jaar 1865 in die vroeëre Suid-Afrikaanse Republiek beklee het, voordat die Afskeiding van 1859 en die stryd van die Gereformeerdes in die Republiek gelei het tot die losmaking van die band tussen kerk en staat? En as hy dit nie wil nie en die posisie aanvaar waarin die Ned. Hervormde Kerk vandag staan, nl. dat dit 'n vrye kerk is, los en onafhanklik van die staat, met sy eie kerkregering, waarom probeer hy dan teen ds. Coetzee en die Gereformeerdes goël met die vryekerk-idee, asof hulle voorstanders is van 'n verwerplike kerkbegrip, 'n Neo-Calvinistiese "afwyking," terwyl hy self dan voorstander sou wees van 'n goeie, regte, Calvinistiese kerkbegrip, nl. 'n vrye Ned. Hervormde Kerk?

[50] Die geagte professor beweer ook dat die idee van vrye kerke afkomstig is van die Independenten. Dit sou ook 'n Wederdoperse, Labadistiese, Piëtistiese, Kwakerse en Darbistiese inslag hê (bls. 31). Nou sal die professor ons dit seker wel ten goede hou as ons hom vra of alleen die vrye Gereformeerde Kerke uitkoms is en vrug van die

Independentistiese beginsel, met sy Wederdoperse, Labadistiese en verdere ketterse inslag, en of die vrye Ned. Hervormde Kerk, waartoe hy self behoort, dan ook nie 'n breë veeg weg het van hierdie teerkwas nie? En wat doen die geagte professor om ontslae te raak van daardie kerklike "vryheid" waarmee die Independentie met hul verdere ketterse geselskap hom en die Ned. Hervormde Kerk van Afrika beweldadig het — 'n vryheid wat hy beskou as 'n "Neo-Calvinistiese afwyking" uit die goeie, oorspronklike Calvinistiese spoor, waarteen die Ned. Hervormde Kerk natuurlik beskerm en gewaarsku moet word?

Nee, die teëstelling is nie "vrye kerk" en "volkskerk" nie, maar wel "vrye kerk" en "staatsbeheerde kerk," of, soos ds. D. Postma dit gedurende die Jare van die Afskeiding so tiperend gestel het: "kerk van Christus" en "kerk van Constantyn." En daarom raak al die beduiery van prof. Engelbrecht in sy "gecorrigeerde brochure" oor "volkskerk" kant nog wal, tensy hy daarmee wil beduie, sonder om dit pertinent uit te spreek, dat die Ned. Hervormde Kerk die enigste is wat in Suid-Afrika reg van bestaan het en deur die owerheid behoort bevoorreg en gemaak te word tot staatskerk en aan die hele Suid-Afrikaanse bevolking as die kerk van die volk behoort opgelê te word.

Dit wat Suid-Afrika betref, wanneer prof. Engelbrecht die gedagte van "vrye kerke" verwerp en pleit vir die "volkskerk" wat natuurlik nie "vry" moet wees nie, alias 'n "staatskerk" met staatsbeheer en -bevoorregting. Wat Nederland betref, merk ons slegs op dat dr. A. Kuyper en sy medestryders nie die eerstes was wat in die 19e eeu die vrye kerk voorgestaan het nie. Die ou Afsgekeidenes van 1834 was baie sterk voorstanders daarvan en hulle het die daad by die belydenis gevoeg. Onder baie sterk ^[51] teëstand en smaad het hulle "vrye" Gereformeerde kerke gestig, los van die staat en die staatskerk van Nederland van destyds. Prof. Engelbrecht weet as kerkhistorikus self hoe hulle bemoelijk is; hoe dragonders by hulle ingekwartier is; hoe hulle in die gevangenis gewerp en beboet is; hoe hul godsdienstige samekomste in huise en skure opgebreek is, en dit alles omdat hulle wou bestaan as "vrye" Gereformeerde gemeentes en godsvryheid verlang het. Die geagte professor weet ook hoe die Hervormde Kerk van Nederland, wat teen die kerklike vryheid gekant was, dit alles aangesien het, om die minste daarvan te sê, sonder om die stem daarteen te verhef. Verlang die geagte professor 'n toedrag van sake terug waaronder so iets weer moontlik sal wees?

Ook in Suid-Afrika was die stryd vir die vrye kerk uitgestry lank voordat dr. A. Kuyper en sy medestanders in Nederland op die toneel verskyn het; en dit is uitgestry, nie deur Independentie met allerlei dwalende inslag nie, maar in Kaapland deur Skotte en in die Suid-Afrikaanse Republiek deur Gereformeerdes onder leiding van sulke Calviniste soos S.J.P. Krüger, later Staatspresident van die Republiek, en ds. D. Postma. Die Gereformeerde gemeentes in Suid-Afrika het nie eers nadat dr. A. Kuyper en sy geesverwante in Nederland op die toneel verskyn het, gekies vir die "vrye kerk" nie, maar van die begin af het hulle as "vrye" Gereformeerde gemeentes bestaan. Toe hulle in 1859 aan die Uitvoerende Raad van die Republiek kennis gegee het van die stigting van die Gereformeerde gemeente Rustenburg, het hulle kennis gegee dat hulle wens om te bestaan as 'n "vrye" Gereformeerde Kerk, volgens die leer, diens en tug van die Dordtse Sinode van 1618, 1619. Dit was lank voordat dr. A. Kuyper op die toneel verskyn het. Ds. Coetzee se oorgrootouers en grootouers, aan vaders- en moederskant, het in 1859 gekies vir die vrye Gereformeerde kerk en hy is uit 'n geslag wat lidmate was van vrye Gereformeerde gemeentes nog lank voordat dr. A. Kuyper predikant in die Hervormde Kerk van Nederland geword het. Ds. Coetzee het nie as navolger van dr. Kuyper vir die vrye kerk gekies soos ^[52] prof. Engelbrecht te kenne gee nie, maar hy is uit 'n geslag wie se stryd en worstelinge ook die Hervormde Kerk van Afrika met kerklike vryheid beweldadig het — 'n vryheid wat prof. Engelbrecht graag geniet, hoewel hy daar skynbaar nie dankbaar voor wil wees en nie wil erken dat hy dit o.a. aan die ou Gereformeerdes van 1859 te danke het nie. Of is hy nie daarvoor dankbaar nie en verlang hy dat dit weer ongedaan gemaak moet word?

Prof. Engelbrecht haal in sy brosjure dr. P. J. Kromsigt aan (bls. 29) wat sê: "Dr. Kuyper kwam 300, mede onder invloed van Vinet en het Americanisme, tot zijn vrije kerkidee, die wij daarom eens noemden een Remonstrantsche dwaling stoelend op een

Independentistieschen wortel."

Prof. Engelbrecht sê (bls. 31): "Hierdie Vryekerk-idee het sy oorsprong by die Engelse Independentes waarvan sommige in die 17e eeu oor Holland na Amerika getrek het." Op bls. 32 weer sê hy: "na dr. Kuyper die liberale teologiese beginsels losgelaat het, het hy die invloed van die Switserse teoloog Alexander Vinet ondergaan, 'n man van die Vryekerk-ideaal." Verder beweer hy op bls. 37: "Hierdie Vryekerk-ideaal van dr. Kuyper is in die grond Labadisties."

Is dit nou wel só dat die beginsel van die vrye kerk 'n erfenis is van die Independentes, Labadistes, Wederdopers, Kwakers en Piëtistes en dat dit 'n "Neo-Calvinistiese afwyking" is uit die goeie Calvinistiese spoor?

Die geskiedenis van die gereformeerde kerkstigting volgens Calvinistiese beginsels in Genève, Frankryk, Suid- en Noord-Holland loënstraf hierdie bewering dat die vryekerk-idee afkomstig is van die Independentes van die 17e eeu en dat dit 'n Remonstrantse idee is, soos dr. Kromsigt beweer.

'n Mens doen hierdie bewering alleen wanneer jy nie deur Calvinistiese bril kyk nie, maar deur Zwingliaanse.

Die Switserse reformator Ulrich Zwingli het nie van 'n eie, onafhanklike kerkregering geweet nie. Wat die kerklike inrigting betref, het hy uitgegaan van die standpunt dat alle eie regering in die kerk volstrek verwerplik is ^[53] en dat daar in die Skrif geen grond is vir 'n eiesoortige, geestelike regering in die kerk deur mense, afgeskeie en onafhanklik van die wêreldlike en burgerlike regeringe nie. Hy het gesê: "Mann sollte aus Grund der Schrift nicht gestatten, dass die Geistliche einigerlei Oberkeit habind, die weltlichen wider ist oder von gemeinen Regiment abgesundert: denn sölichs bringt Zwietracht" (Zwingli's *Werke*, herausgegeben von Schuler und Schulthess, I, 346). Hiermee het hy nie alleen die pouslike en biskoplike hiërargie verwerp wat tot dusver in die kerk bestaan het nie, maar ook elke nuwe, onafhanklike, naas die staat optredende, eie regering van die kerk. In sy grondbeginsel het opgesluit gelê dat die mag in kerklike en geloofsake aan die wêreldlike en burgerlike owerheid moet oorgelaat word. Hieruit het vanself gevolg dat die kerk in die allernouste verbinding met die staat gebring is en staatskerk moes wees. Die beginsel: die staat, die hele kerk en die hele volk is op-en-top Zwingliaans. Terselfdertyd het uit die beginsel van Zwingli gevolg dat die owerheid die Christelike, evangelies-gesinde kerk goedgesind moet wees en moet handhaaf teenoor alle andere.

In ooreenstemming hiermee is dan ook in Zürich gehandel sedert 1520. Die Zürichse Raad van Tweehonderd het kerklike bepalinge en verordeninge uitgevaardig. Tug is deur die strawwende owerheidsamp uitgeoefen, soos blyk uit die deur die staat in 1526 opgerigte liggaam van "Ehegaumer" (huwelikswagters) — 'n soort deur die staat aangestelde kerkraad wat in samewerking met die predikante oortreders kon vermaan en waarsku, geldboetes kon oplê en oortreders in hegtenis kon laat neem en inkerker, maar nie die bevoegdheid gehad het om hardnekkige sondaars te ekskommuniseer nie. Hulle moes sulke gevalle aan die burgerlike regter rapporteer.

Hierdie Zwingliaanse kerkinrigting het homself verder binne en buite Switserland verbrei, bv. in sekere Duitse stede. Die Zwingliaanse opvattinge in verband met kerk-inrigting en -regering het ook in Noord-Nederland 'n vrugbare bodem gevind. Hier het ons die staats- en volkskerk-gedagte in die Protestantse wêreld — 'n kerk, ^[54] afhanklik van die staatsmag, wat geen eie geestelike regering besit nie en wat deur die staatsmag tot volkskerk gemaak word. Dit is die gedagte: een volk, een kerk, of, soos dr. Hoedemaker dit in die 19e eeu gestel het: die ganse kerk en die ganse volk.

Teenoor die Zwingliaanse kerk-opvatting, wat in die grond ook die Lutherse opvatting was, alleen gewysig volgens die republikeinse staatsbestuur van Switserland, *het Calvin die gedagte van die vrye kerk teoreties ontwikkel in die Institusie en prakties toegepas in Genève*. Dit kan nie ontken word dat die gedagte van 'n vrye kerk, onafhanklik van die staat en die wêreldlike owerheid, met sy eiesoortige geestelike regering en tug, van

Calvyn afkomstig is nie. Wie dit wil ontken, gaan regstreeks teen die feite van die geskiedenis in.

By sy bespreking van die kerk gaan Calvyn in sy Institusie soos altyd uit van die Woord van God as die enigste reël waarvolgens die kerk ingerig en geregeer moet word.

Deur die geloof aan die Evangelie word Christus ons eie en word ons die ewige heil en geluksaligheid deelagtig. "Maar dewyl onse onervarenheid en traagheid, ja ook die ijdelheid onzes verstands uitwendige hulpmiddelen nodig hebben, waardoor het geloof in ons voortgebracht en vermeerderd en gevorderd mocht worden tot zijne volmaaktheid toe, zoo heeft God die hulpmiddelen ook daarbij gevoegd, opdat Hij onze zwakheid sou te hulp komen. En opdat de predikatie en verkondiging des Evangelies haren loop hebben zou, zoo heeft Hij dezen schat zijne kerk in handen gegeven. Hij heeft ingesteld herders en leeraars, om door hun mond de zijnen te onderwijzen; *Hij heeft dezelve voorzien met autoriteit, macht en aanzien . . .*" (Boek IV, cp. 1, 1). In ooreenstemming hiermee gaan Calvyn dan oor tot die behandeling van die sigbare kerk as moeder van die gelowiges, deur wie alle kinders van God *gebore, gevoed, gelei en geregeer word* Hierdie sigbare kerk, as moeder van die gelowiges, moet noukeurig geken word. Die Skriftuurplek waaruit Calvyn noukeurig die karakter van die kerk aflei, ^[55] is Efés. 4:11vv. Uit hierdie Skriftuurplek toon hy aan dat God, wat sy kinders in 'n enkele oomblik volmaak sou kan maak, nogtans gewil het dat hulle deur die opvoeding van die kerk tot die manlike wasdom moet kom. En daarom het Hy in die Ou en die Nuwe Testament nie slegs sy Goddelike Woord nie, maar ook menslike leraars gegee en dat die gelowiges "met een sachtmoedigen en leersamen geest *zichzelven moeten laten regeeren van de leeraars die tot zulk een werk geordonneerd zijn*" (Boek IV, cp. 1, 5). Uit dieselfde Skriftuurplek lei Calvyn verder af watter kerklike ampte daar is en wie die mense is deur wie se diens die kerk gelei en geregeer word. Dit is naamlik "apostels, profete, evangeliste, herders en leraars." Hierdie ampte is deels buitengewoon, nl. apostels, profete en evangeliste, met die oog op verbygaande tye en omstandighede gegee vir 'n besondere doel; deels is dit blywend en gewoon, nl. die herders en leraars. Die "leraars" (doktore) se werk is om die Skrif uit te lê en die ware leer te verdedig. Aan die "herders" is opgedra die prediking van die Evangelie, die bediening van die sakramente en *die uitoefening van die kerklike tug*. Met bogenoemde Skriftuurplek verbind hy dan Rom. 12:7 en 1 Kor. 12:8. In hierdie Skriftuurplekke onderskei hy ook tussen buitengewone en verbygaande en gewone en blywende gawes en ampte. Die gewone en blywende volgens hierdie Skriftuurplekke is die *regering* (kybernêsis) en die diens van barmhartigheid" (antilempsis). Die "regeerders" wat die apostel bedoel, kan uiteraard slegs die *ouderlinge* wees, aangesien daar ten tyde van die apostel geen sprake was van 'n Christelike owerheid nie. Hierdie "regeerders" is saam met die predikers (biskoppe) voorstanders van die gemeente, waaruit volg dat elke kerk van die begin af sy senaat of kerkraad gehad het in verband met die kerklike dissipline.

Nadat Calvyn in sy Institusie só die reël vir die inrigting van die kerklike ampte regstreeks uit die Skrif getrek het, gaan hy verder in die kerkgeskiedenis die oorspronklike Skrifmatige inrigting na. Oor die betekenis van die ouderlinge spreek hy dan wanneer hy die verval ^[56] van die oorspronklike kerkinrigting in die pousdom aantoon en die ontaarding van die kerklike tug beskrywe. Dan merk hy op: "Want gelijk geen stad of dorp kan bestaan zonder magistraat of politie, alzo heeft ook de kerke Gods *zekere geestelijke politie en regeering van noode, welke nochthans ganschelijk onderscheiden is van de burgerlijke regeering*, en deze niet alleen niet belet of vermindert, maar veelmeer seer helpt en bevordert. Tot dit einde zijn er al in het begin kerkeraden gesteld geweest in de kerken, welke het recht van onderzoek en het recht van vonnis over de zeden hebben, de gebreken en feilen straffen en het ambt der sleutelen bedienen souden. Deze orde wijst Paulus aan in den brief aan de Corinthiërs als hij spreekt van regeeringen. Insgelijks aan de Romeinen als hij zegt: Die regeert, die regeere met naarstigheid. Want hij spreekt aldaar niet tot de wereldlijke magistraten (dewyl te dier tijd onder dezen geen Christen was) maar tot degenen, die den herderen bijgevoegd waren, om de geestelijke regeering der kerk te verzorgen. Hij spreekt ook in

den brief aan Timotheus van tweërlei ouderlingen, namelijk van sommigen die in het Woord arbeiden, en wederom van sommigen die het predikambt niet bedienen, en nochtans wel regeeren. Door deze laatsten verstaat hij ongetwijfeld diegenen, die tot het opzicht der seden en over het gansche gebruik der sleutelen gesteld waren. Want deze macht van welke wij spreken, hangt geheel en al aan de sleutelen die Christus de kerk gegeevee heeft in het achttiende hoofdstuk van Mattheus" (Institusie: Boek IV, cp. 11, 1).

Uit hierdie aanhalinge uit die Institusie is dit duidelik en onloënbaar dat Calvyn voorstander was van 'n *vrye kerk*, met sy eie geestelike kerkregering, vry en onafhanklik van die burgerlike owerheid en van die wêreldlike gesag.

Verder handel Calvyn dan oor die onderskeid tussen die kerklike jurisdiksie en die strafreg van die burgerlike owerhede: die kerk besit nie swaardmag en eis nie dat die sondaar teen sy wil gestraf word nie, maar dat hy vrywillig berou moet betoon. Die kerk matig homself niks aan wat op die terrein van die burgerlike owerheid ^[57] behoort nie, terwyl die owerheid van sy kant ook nie volmag het om te doen wat tot die werk van die kerk behoort nie.

Hier neem Calvyn juis posisie in teen die Zwingliaanse opvattinge omtrent die mag van die burgerlike owerheid in die sake en regering van die kerk; en dit is baie duidelik dat Calvyn geen voorstander van die staatskerk-gedagte van Zwingli en Luther was nie.

Die gedagte van 'n vrye kerk met sy eie regering, onderskeie van die wêreldlike owerheid, en 'n eie geestelike bestuur wat uitgeoefen word deur die kerkraad, bestaande uit ouderlinge saam met die predikant(e), wat onafhanklik van die staatsmag optree en die kerklike tug handhaaf, is kenmerkend vir die kerkbegrip van Calvyn, wat hy baie duidelik in die Institusie ontwikkel het.

Ons hoef nie baie getuies aan te haal om te staaf dat Calvyn 'n voorstander was van die vrye kerk in teëstelling tot die staatsbeheerde volkskerk nie. Ypey en Dermout se getuieis hieromtrent sal ook wel deur prof. Engelbrecht aangeneem word. Welnu, in hul *Geschiedenis der Nederlandsch Hervormde Kerk*, Deel I, p. 316, sê hulle: "Wijders voerde Calvijn een kerkbestuur in, geheel overgesteld tegen de denkbeelden, welke Luther en Zwingli daarvan gehad hadden. Luther bragt het kerkbestuur terug tot de democratie der vroegste tijden, en de hiërarchie wilde hij gewijsgd hebben naar een gematigd stelsel van ondergeschiktheid. Zwingli trachtte aan het hoofd der kerk geplaatst te sien een-blijvenden bewindhebber of superintendent, die nochtans slechts eene bepaalde magt had, en met alle zijne onderhoorige geestelijken geheel afhing van de onbepaalde magt der burgerlijke overheid. Zoodanig een kerkbestuur noemde men een *ingelijfd politiek ligchaam*. Maar Calvijn hield de kerk voor een geheel afgezonderd ligchaam, dat, volstrekt onafhankelijk zijnde, eene wetgevende magt in zijnen eigen boezem had, en als zoodanig bestuurd moest worden alleen door de openbare leeraars, vereenigd met de oudsten of ouderlingen der gemeente, in hunne kerkelijke vergaderingen. Aan de burgerlijke overheid Het hij niets meer over, dan het regt om de kerk te ^[58] beschermen, en voor derselver uitwendige belangen behoorlijke zorg te dragen"

Zwingli is in die jaar 1531 dood. Calvyn se reformatoriese arbeid het begin in die jaar 1536, toe Farel hom in die naam van die Here besweer het, op sy terugreis uit Italië na Straatsburg, om in Genève te bly en homself vir die diens van die kerk te gee. Tot op daardie tyd was Calvyn hoofsaaklik 'n man wat hom aan die studie gewy het en later hier en daar as reisende prediker opgetree het. Toe hy in Augustus 1536 op sterk aandrang van Farel besluit het, teen sy wil, om in Genève te bly en daar predikant te word, het sy reformatoriese arbeid 'n aanvang geneem. Van die begin af het hy dadelik sy praktiese arbeid toegespits op die inrigting van 'n kerk wat *op geestelike wyse geregeer word deur sy eie organe wat tug uitoefen oor die sedes en wandel van die lidmate*, waaraan laasgenoemdes hulle vrywillig onderwerp. Juis hierdie strewe van Calvyn het die Libertinistiese seksie in Genève teen hom in die harnas gejaag. Die botsing het juis gekom oor die kwessie van kerklike tug deur 'n eie kerkregering. Toe

Calvyn en sy ampgenote, Viret en Farel, in 1538 verklaar het dat hulle, weens die goddeloosheid wat in die stad aan die gang was, die Nagmaal gewetenshalwe nie kon bedien nie en daarmee 'n klinkende daad van kerklike dissipline verrig het, is hulle uit die stad verban "omdat hulle die Raad nie wou gehoorsaam nie." En hulle het heengegaan met die woord dat dit beter is om God as mense te gehoorsaam. Hulle is verban omdat hulle nie die bevele van die burgerlike owerheid in verband met die kerklike bestuur en tug wou gehoorsaam nie. Dit was 'n stryd *om die vryheid en onafhanklikheid van die kerk* en 'n weiering om aan die staatsgesag die beslissing oor sake van godsdiens en geloof te oorhandig.

Toe Calvyn, ná 'n verblyf van ruim twee jaar te Straatsburg, na Genève teruggeroep is en hy na sware innerlike stryd besluit het om sy bloedende hart te offer en die roeping op te volg, het dit gebeur onder die uitdruklike voorwaarde dat daar 'n kerkraad sou opgerig word en dat die mag van die kerk om die tug uit te oefen en op geestelike manier die sondes te bestraf, onderskeie van die burgerlike straf en regering, erken sou word. Die Raad van Genève het ingewillig. Een van die eerste dinge wat Calvyn ná sy terugkeer gedoen het, was om maatreëls te tref vir die opstelling en invoering van 'n kerkorde: die *Ordonnances ecclésiastique de l'Eglise de Genève*. Die Raad van Genève het die kerkorde goedgekeur en uitgevaardig. Hy het daarmee afstand gedoen van die Zwingliaanse beginsel dat die mag in kerklike sake 'n reg is wat die burgerlike owerheid toekom en het die reg van die kerk erken om sy eie regering te hê, onafhanklik van die burgerlike regering. Die Raad self getuig by die uitvaardiging van die kerkorde in die Naam van die almagtige God "dat sodoende die geestelike regering, soos die Here dit in sy Woord ingestel het, in goeie vorm gebring, onder ons moet plaasvind en in ag geneem word."

Dat die kerklike inrigting wat ná sy terugkeer in Genève ingestel is, nog enige afwykinge van sy beginsel vertoon het, het Calvyn self geweet. Hy het hom ook hieroor uitgespreek in die sin dat hy nie volkome bevredig is nie, maar dat hy hom dit kon laat welgeval met die oog op die omstandighede, en dat die kerkinrigting van Genève so goed was as wat die swakheid van die tyd toegelaat het. Hy was daar bewus van dat sy ideaal nie ten volle verwerklik was nie, maar het, wat bereik was, as 't ware as 'n eerste paalement beskou.

Met die oog op hierdie geskiedkundige feite is dit eenvoudig onverstaanbaar dat iemand kan beweer dat die idee van die vrye kerk on-Calvinisties sou wees en beskou moet word as 'n Neo-Calvinistiese "afwyking," afkomstig van die Independenten van die 17e eeu, soos prof. Engelbrecht doen, of dat dit 'n Remonstrantse dwaling is, stoelend op Independentistiese wortel, soos dr. P.J. Kromsigt gedoen het. Die Remonstrantse groep in Nederland het aan die begin van die 17e eeu juis baie sterk gestaan op die standpunt van Zwingli, nl. dat die wêreldlike owerheid die seggenskap in die kerk moet hê, en het juis by Remonstrants-gesinde owerhede beskerming gesoek teen die sg. "kerklikes" of Contra-Remonstrante, totdat die onderdrukking van die [60] kerklikes of Calviniste wat vir die vryheid van die kerk gestry het, deur die Remonstrantse owerhede só erg geword het dat die stadhouer, prins Maurits, die Remonstrantse owerhede met 'n mate van geweld verwyder het. En in Engeland het die reaksie in die 17e eeu teen die biskoplike staatskerk juis so sterk geword omdat die Arminianery of Remonstrantisme homself vasgewortel het in die beskermdede en deur die owerheid beheerde en bevoorregte staatskerk. Lees maar bv. hieroor na Macaulay: *History of England*, I, bls. 58 vv., en Neal: *History of the Puritans*, II.

In die vorige hoofstuk het ons reeds aangetoon hoe daar in Frankryk en die Suidelike Nederlande vrye kerke gestig en ingerig is, volgens Calvinistiese opvatting, onafhanklik en los van die staatsgesag, wat trouens in daardie geweste baie sterk teen die gereformeerde kerke gekant was en die verbreiding van die reformatoriese beskouinge te vuur en te swaard teëgegaan het. Dit is nie nodig om hier nou weer te herhaal wat ons reeds dáár geskrywe het omtrent daardie vrye kerke met hul eie geestelike regering deur hul kerkrade nie.

In die vorige hoofstuk het ons ook aangetoon dat in Noord-Nederland sedert 1575 die Calviniste teenoor die Zwingliaanse opvattinge die stryd gevoer het *vir vrye kerke* waarin die staatsgesag nie die seggenskap en die regeermag sou hê nie. Hulle het daar nie in geslaag om in daardie geweste vrye kerke volgens Calvinistiese opvatting te kry nie, en van die Calvinistiese stelsel het dáár, soos Ypey en Dermout dit uitdruk, ten slotte niks meer as "sweem en schaduw" oorgebly nie. Vergelyk verder Ypey en Dermout, Deel II, blss. 162, 163. Dat die vryekerk-idee eg Calvinisties is, blyk onder meer ook uit die geskiedenis van die Remonstrantse troebele. Die Calviniste, onder leiding van Gomarus, het geëis dat kerklike sake alleen deur kerklike vergaderinge, nl. kerkrade, klassisse en sinodes, behandel sou word, sonder dat die owerheid daarin enige seggenskap sou uitoefen. Hulle was voorstanders van die vrye kerk, d.w.s. kerke wat selfstandig, onafhanklik en outonoom is; terwyl Arminius en sy aanhangers gestry het vir die [61] owerheid-seggenskap en beslissingsreg in kerklike sake. En dit het in Nederland tot die 19e eeu geduur voordat die vryekerk-gedagte verwesenlik is. Dit neem egter nie weg nie dat die idee van vrye kerke, blykens die geskiedenis, 'n egte, suiwer Calvinistiese gedagte is, afkomstig van Calvyn self; ja, soos Calvyn in sy Institusie aangetoon het, afkomstig van die apostels van Christus self.

Ons kan hier nie die verloop van die stryd vir die vrye kerk in Engeland en Skotland gedurende die 17e eeu uitvoerig nagaan nie. Ons weet dat in Engeland die hervorming van die kerk halfpad bly steek het. Ons weet dat die band met Rome reeds deur Hendrik VIII deurgesny is, maar dat sake origens gebly het soos hulle was, alleen met hierdie verskil dat Hendrik self hoof van die Engelse kerk geword het in die plek van die pous. Nadat die aanvanklike reformasie van die Engelse kerk onder Eduard VI deur sy opvolgster Maria ongedaan gemaak is deur vyf jaar van bloedige vervolginge en almal teruggedwing is na Rome, het onder koningin Elizabeth sinds 1558 herstel van die Protestantisme plaasgevind. Die Koningin het egter die supremasie van die vors in die kerk herstel, soos deur Hendrik VIII ingestel, en in die parlement het sy die Uniformiteitsakte deurgevoer waardeur die Engelse staatskerk gevestig is. In Engeland het die kerk, deur die bemoeiinge van die Koningin, nie alleen staatskerk geword nie, volgens Lutherse en Zwingliaanse begrippe, met die vors self as "hoof" van die kerk, maar dit het bowendien 'n biskoplik-ingerigte staatskerk geword, waarin die biskoppe eintlik maar amptenare van die vors is, en waarin baie papistiese elemente behou gebly het. Nadat in 1571 deur 'n koninklike statuut die staatskerk as alleen-erkende en -wettige kerk gevestig was, het die stryd vir die vrye kerk in Engeland toegeneem. Die stryd was *Puriteine*, d.w.s. mense wat aangedring het op *reiniging* van die kerkinrigting en van die godsdiens, uitsuiwering van die oorgeblewe papistiese suurdeeg, in kort op 'n regte deurvoering van die *reformasie* van die kerk. Woordvoerder van hierdie mense was Thomas Cartwright, 'n bekwame teoloog, wat ook die "vader van die Puriteine" genoem is. As 'n mens [62] nou Cartwright se posthuum uitgegewe *Directory of Government*, afgedruk by Neal, Deel I, blss. 607—623, lees, dan is dit duidelik dat hierdie mense nie Independentente was nie, maar volbloed Calviniste, sowel wat die leer as wat kerkregtelike beginsels betref. Hierdie mense het in Engeland in die tweede helfte van die 16e eeu, onder die regering van koningin Elizabeth, die eerste *vrye kerke* gevorm. Medestryders van Cartwright was o.a. die predikante Field en Wilcox. In November 1572 het hulle die eerste vrye kerk in Engeland gestig in Wandsworth. Daarna het op meerdere plekke vrye kerke tot stand gekom. In die jaar 1576 het ongeveer sestig predikante uit Norfolk, Suffolk en die graafskap Cambridge in meerdere vergaderinge bymekaar gekom en maatreëls geneem om die hervorming van die Engelse kerkinrigting deur te voer. Hulle is van die kant van die Geheime Raad en die biskoplik-ingerigte staatskerk beantwoord met harde, gewelddadige maatreëls, sodat baie van hulle na die buiteland, o.a. na die Nederlande, gegaan het.

Prof. Engelbrecht beweer dat die gedagte van die vrye kerk afkomstig is van die Independentente van die 17e eeu en dr. P.J. Kromsigt het selfs beweer dat dit 'n Remonstrantse dwaling is, stoelend op 'n Independentistiese wortel! Dog lank voordat die Independentente, wat nog tydens die Sinode van Westminster, 1644, maar 'n swak groep was, opgetree het, het die Puriteine reeds in die tweede helfte van die 16e eeu

vrye kerke in Engeland opgerig. Dit val nie moeilik om dit geskiedkundig aan te toon nie. Neal se *History of the Puritans*, wat 'n gesaghebbende werk is, gee hieroor genoegsaam uitsluitel. Die bewering van dr. P.J. Kromsigt, 'n outoriteit van prof. Engelbrecht, hoef waarlik nie te ernstig opgevat te word nie. Daarvoor is dit nou eenmaal te onhistories.

Dit is wel waar dat die Independenten of Kongregasionaliste in die 17e eeu gestry het vir die beginsel van vrye kerke teenoor die Engelse biskoplike staatskerk. En dit is ook waar dat sommige onder hulle sterk Gereformeerde oortuiging gehad het en baie naby aan die Gereformeerdes gestaan het. Niemand wil dit betwis nie. Onder hulle ^[63] was daar allerlei skakeringe, van baie gematig tot baie radikaal. Maar hulle was nie die enigste mense wat vir die vrye kerk gestry het nie. Onder die groep Nonkonformiste of Dissenters was daar nie net Independenten nie. Daar was ook die Puriteine, Calviniste in murg en been. Die Independenten was trouens 'n veel swakker groep as die Puriteine. Uit die geskiedenis blyk oorduidelik dat die ideaal waarvoor hulle geworstel het eg Calvinisties is. Omdat ook Independenten strydende was vir die ideaal van die vrye kerk, beteken dit egter nog nie dat die ideaal en die gedagte van hulle afkomstig is nie.

In die afgelope oorlog het Nederlandse Calviniste en Russiese Bolsjewiste saam gestry en Nederland het weer vry geword. Prof. Engelbrecht sal tog seker nie nou gaan beweer dat die Nederlandse vryheidsgedagte afkomstig is van die Russiese Bolsjewiste nie. Maar net so onhistories is sy stelling dat die gedagte van die vrye kerk afkomstig is van die Engelse Independenten van die 17e eeu.

Ook hier het ons al weer te doen met 'n ongekorrigeerde stelling in die sg. "gekorrigeerde brochure" van prof. Engelbrecht. En dit is een van die grondstellinge van sy boek. Ons het in die voorgaande genoegsaam aangetoon dat die geagte professor hierdie beskouing van hom aan revisie behoort te onderwerp, sodat dit met die feite van die geskiedenis kan klop. Dit is 'n voorstelling wat hy "in sy haastigheid" die wêreld ingestuur het. Hy het sy oorspronklike brosjure haastig teruggeroep omdat dit 'n "ongekorrigeerde eksemplaar" was en hy nog eers korreksies wou aanbring. Blykbaar is ook die korreksiewerk "in sy haastigheid" nie deeglik gedoen nie. As dit met meer sorg en kennis van sake gedoen was, sou die geagte professor wel begryp het dat hy die bewering, as sou die vryekerk-idee afkomstig wees van die Engelse Independenten van die 17e eeu, nie die wêreld kan instuur en dat hy nie klakkeloos dr. P.J. Kromsigt se aanvegbare stelling kan napraat nie dat dit 'n Remonstrantse dwaling is, stoelend op 'n Independentistiese wortel. As hy met meer sorg en kennis van sake sy korreksiewerk gedoen het en minder "in sy haastigheid" gehandel het, sou hy wel begryp het ^[64] dat hy hom eers moet rekenskap gee van die verskynsel dat Calvin in Genève gestry het vir die vryheid en selfstandigheid van die kerk teenoor die staatseggenskap in kerklike en godsdienstige sake; dat die Calviniste in Frankryk en Suid-Nederland vrye kerke gestig het wat hulle "konfederatief" in kerkverband gebring het; dat daar in Noord-Nederland 'n gedurige stryd was tussen Calviniste en Zwingliane oor die kerkinrigting; dat in Engeland Puriteine — volbloed Calviniste — vrye kerke opgerig het so vroeg as die jaar 1572, en van nog meer sodanige verskynsels. Hy sou hom moes afgevra het of hierdie mense van die 16e eeu dan almal hul kerkbeskouing aan die Engelse Independenten van die 17e eeu ontleen het, dan wel of laasgenoemdes nie miskien ontleen het aan eersgenoemdes en toe die egte Calvinistiese gedagte skeef getrek het nie?

Hy sou hom ook moes afgevra het hoe dit dan gekom het dat die Calviniste in die 16e eeu vir Jean Morelli, die Paryse geleerde wat eerste die Independentistiese beskouing in 'n wetenskaplike sisteem saamgevat het, onder die tug geplaas het, as hulle nie die Independentisme beskou het as 'n woekerplant wat naas die egte stam van die Gereformeerde beginsels opgeskiet het nie. Hy sou hom dan tog moes rekenskap gegee het van die vraag waarvoor Morelli onder die tug geplaas is. Was dit omdat hy 'n voorstander was van die vrye kerk, of omdat hy die Gereformeerde beginsels vervals en verwing het, hoewel hy 'n yweraar vir die Reformasie was? En as die geagte professor noukeurig ondersoek en hom van hierdie verskynsel rekenskap gegee het, sou hy wel bevind het dat Morelli onder die tug geplaas is, nie omdat hy 'n voorstander van die vrye kerk was nie, maar omdat hy die tug- en regeermag van die kerkraad verwerp het en

die beslissende mag in die hande van die gemeente wou lê. Sal prof. Engelbrecht nie nog geneë wees om al die bogenoemde sake in aanmerking te neem en sy brosjure in hierdie opsig nog 'n keer aan korreksie te onderwerp nie?

Ons is oortuig dat 'n noukeuriger studie van die geskiedenis van die Calvinistiese kerkinrigting in die 16e ^[65] eeu en van die vryekerk-gedagte in daardie tyd, soos dit afkomstig is van Calvyn self en verwerklik is deur die stigting van vrye kerke in Frankryk, Suid-Nederland en Engeland, prof. Engelbrecht sal noop om sy teenswoordige beskouing daaromtrent in revisie te bring en te korrigeer. As kerkhistorikus sal hy onmoontlik feite kan bly misken en volhou met so 'n bewering soos wat hy in hierdie verband wêreldkundig gemaak het.

[66] Hoofstuk V

PROF. ENGELBRECHT EN GEREFORMEERDE KERKREG

In sy artikels in *Die Hervormer* waarteen ons oorspronklik opgekom het in die brosjure: *Neo-Calvinisme – Verbastering of Regte Ontwikkeling?* het prof. Engelbrecht beweer dat dr. A. Kuyper en die Neo-Calviniste hul kerkregtelike beskouinge via Gisbertus Voetius gedeeltelik sou oorgeneem het van die Engelse Independenten van die 17e eeu. Ons het toe uitvoerig in die brosjure hierdie bewering weerlê en terselfdertyd die geagte professor uitgenooi om die bewyse vir die Independentisme van Voetius uit die se eie kerkregtelike geskrifte na vore te bring en met vers en kapittel die onregsinnige beskouinge aan te wys wat Voetius dan uit daardie verdagte hoek sou oorgeneem het. Wanneer dit gebeur, só het ons beloof, sou ons die professor verder te woord staan.

In sy "gecorrigeerde brochure" het die geagte professor nou 'n poging aangewend om aan ons uitnodiging te voldoen en uit die *Politica Ecclesiastica* van Voetius die gevraagde bewyse te lewer. Hierdie poging het die professor aangewend op blss. 26–29 van sy brosjure: *Neo-Calvinisme – Ontwikkeling en Afwyking*. Waarop kom hierdie poging nou neer?

(a) Beweer word dat "as 'n mens die sestiende en sewentiende-eeuse kerkreg in Nederland wil bestudeer, is dit in die eerste plek nodig om na die bepalings te vra wat deur die verskillende kerklike liggame gemaak is. Die geskrifte van genoemde persone (nl. die Gereformeerde canonici, o.w. Voetius – J.V.C.) kom eers in die tweede plek in aanmerking. Die kerk het sy besluite meermale in druk uitgegee. Daar is die verskillende kerkordes vanaf Wesel, 1568, tot Dordt, 1618, 1619. Verder het ons die [67] Notules van die verskillende Sinodes vir sover dit gedruk is. Dan is daar die *Compendium der Kerkelijke Wetten van Vriesland*, die *Synodale Ordonnantiën van Gelderland*, die *Utrechts Synodaal Handboekje*, die *Kerken-ordeningen van Zeelandt*, die *Wetten der Classicale Vergaderingen in Walcheren*, die vyf lywige kwarto-dele van die *Kerkelijke Placcaatboek*, ens., ens. Hierdie geskrifte verdien die voorrang, en die partikuliere beskouinge van Voetius e.a. kom eers in die tweede plek"

(b) Voorts wys prof. Engelbrecht daarop dat die Gereformeerdes gevaar loop om die betekenis van daardie ou canonici en veral van Voetius te oordryf. Ter staving hiervan beroep hy hom dan op wat dr. H. G. Kleyn in 'n polemiekie met drr. Rutgers en Lohman in 1888 geskrywe het: "Het is alsof al wat deze man (Gisbertus Voetius) gezegd heeft, op kerkrechtelijk gebied, het einde is van alle tegenspreking. Volgens de schrijvers (Rutgers en Lohman – J.V.C.) zou niemand den geest der Gereformeerde Kerk en haar kerkrecht beter verstaan hebben dan hij, en daarom is zijne *Politica Ecclesiastica* ook de kanon aan welken alles gemeten wordt. Wij beginnen met de herinnering, dat dit werk niet handelt over de *Politica Ecclesiastica*, maar over de *Politica*; niet over de bestaande inrichting, maar over het *jus constituendum*, zoodat de uitspraken van Voetius niet uitdrukken hoe het is, maar hoe het zijns inzjens behoort te zijn. De *Politica Ecclesiastica* is geen wetboek, ook geen verklaring van een wetboek, maar een rechtsstelsel. Men zou dus kunnen beweren dat het stelsel van Voetius het meest gereformeerd van alle kerkrechtelijke stelsels was. Ik geloof niet, dat het dit is. Maar wat ik beslist ontken, is dat het stelsel van Voetius werd aangekleefd door de mannen die de Hervormde Kerk in Nederland hebben geplant."

Hierdie punte (a) en (b) hierbo in die betoog van prof. Engelbrecht, oor die beweerde Independentisme van Voetius en sy gedeeltelike oornameword van sy kerkregtelike opvattinge van die Engelse Independenten van die 17e eeu, bewys niks omtrent sodanige oornameword nie. En ons sou dit stilswygend kon passeer, omdat dit met die punt in [68] kwessie, nl. Voetius se beweerde Independentisme, presies niks te doen het nie. Ons sal egter nog daarop terugkom om en die beweringe van prof. Engelbrecht, soos aangestip onder (a) en die van dr. H. G. Kleyn, soos onder (b) gegee, nader te belig. Punt (a) het nog hierdie voordeel, dat dit vir ons enige inligting gee oor die kerkregtelike beskouinge van prof. Engelbrecht self.

As bewyse uit die *Politica Ecclesiastica* van Voetius, wat dan die man se Independentistiese beïnvloeding en dwaling bo twyfel sou verhef, word deur prof. Engelbrecht verder twee punte genoem, wat ons hier onder (c) en (d) aangee:

(c) "Voetius het sy onderskeiding tussen *potestas communis* of *libertatis* van die gemeentelêde en die *potestas autoritatis* van die ampsdraers op blss. 114–124 en 211–234 van Deel I van sy *Politica Ecclesiastica* oorgeneem van die onderskeiding van 'Church-liberty' en 'Church-authority' wat John Cotton in *The Keyes of the Kingdom of Heaven and Power Thereof* (1644) maak."

(d) "Voetius omskryf op bls. 12 van die eerste deel van die *Politica Ecclesiastica* wat hy onder die sigbare georganiseerde kerk verstaan. Dit is 'n *societas fidelium liberè inita ad exercendam communionem sanctorum, seu ad communicationem mutuam eorum quae ad salutem pertinent, d.i.* 'n vereniging van gelowiges wat vrywillig gesluit is tot beoefening van die gemeenskap van die heiliges of tot onderlinge beoefening van datgene wat met die saligheid in verband staan."

En dan sê prof. Engelbrecht dat hy saamstem met dr. P.J. Kromsigt, wat op sy beurt gesê het dat hy saamstem met dr. H.G. Kleyn, wat gesê het dat die stelling dat elke plaaslike kerk ontstaan deur 'n *foedus liberum*, 'n vrywillige verdrag van 'n aantal gelowiges (*Politica Ecclesiastica*, I, blss. 61–65) in stryd is met die leer van die Geloofsbelofte: "Iedere geloovige moet sich bij de plaatselijke kerk voegen," en tot die konklusie gekom het dat Voetius "helaas op de klippen van een gematigd Independentisme is verseild." Verder beroep prof. Engelbrecht hom op die proefskrif van dr. M. Bouwman: ^[69] *Voetius en het Gezag der Synoden*, ter staving van sy bewering dat Voetius sy kerkregtelike beskouinge gedeeltelik oorgeneem het van die Engelse Independenten van die 17e eeu.

Die gelewerde bewys omtrent Voetius se Independentistiese afdwaling is dus die punte (c) en (d) hierbo.

Ons sal hulle nou agtereenvolgens behandel.

1. Aangaande punt (c): die onderskeiding tussen *potestas communis* of *libertatis* en *potestas autoritatis*. Prof. Engelbrecht sê dat hierdie onderskeiding oorgeneem is van John Cotton se onderskeiding tussen "Church-liberty and Church-authority," wat hy in sy boek *The Keyes* (1644) ontwikkel het. Dit bewys dan dat Voetius kerkregtelik in die Independentistiese kamp behoort.

Wie was John Cotton?

Hy was predikant in Noord-Amerika. Tydens die sitting van die Westminster Assembly het twee geesverwante van Cotton, lede van hierdie Assembly, Goodwin en Nye, hierdie traktaatjie van Cotton uitgegee in 1644. Die samekoms het o.a. van die Engelse parlement opdrag gehad om 'n stelsel van kerkregering vir die Engelse kerk op te stel. In hierdie Assembly het verskillende rigtinge met mekaar geworstel. Daar was die Calvinistiese rigting wat die presbiteriale kerkregering van Calvyn deur kerkrade, klassikale vergaderinge en Sinodes, los van staatsbeheer, voorgestaan het — kerklike vergaderinge, besittende 'n eie, van God gegewe leer-, regeer- en tugmag. Tweedens was daar verteenwoordig die Zwingliaanse rigting (destyds miskien beter bekend as die Erastiaanse), wat van geen eie regering en tugmag van die kerk wou weet nie, maar 'n staatsbeheerde en -geregeerde kerk verlang het. As derde groep was daar teenwoordig die Independenten, wat sowel die Calvinistiese as die Zwingliaanse opvattinge bestry het. Die Independenten het nie alleen saam met die Calviniste 'n staatsbeheerde kerk verwerp nie, maar hulle het ook saam met die Zwingliane of Erastiane die eie regeer- en ekskommunikasiemag van kerkrade, klassikale samekomste en Sinodes verwerp. Op grond van Matt. 18:17: "Sê dit vir die gemeente", het hulle volgehou dat die gemeente ^[70] self, die *populus ecclesiae*, kragtens goddelike reg die regeer- en ekskommunikasiemag besit, wat deur gemeentevergaderinge met meerderheid van stemme in alle voorkomende sake uitgeoefen word. Die Independenten was voorstanders van die volle demokrasie in die kerk. Hulle het die eie regering van die kerk, deur die gemeente self,

sonder tussenkoms van ampsdraers of kerklike samekomste, gehandhaaf.

Waar het die teoloog John Cotton nou in hierdie kerkregtelike kontrovers gestaan?

Saam met Goodwin en Nye, wat lede van die Westminster Assembly was en sy *Keyes* uitgegee het in daardie tyd, was hy van die groep bekend as die "Middle-way Men" — manne van die middeweg.

Wat was nou hierdie "Middle way"?

Dit was 'n wysiging en matiging van die radikale standpunt van die Independentente. Hoewel hulle ook aangeneem het dat die ekskommunikasiemag by die gemeente self berus en deur die gemeente uitgevoer moes word, het hulle hierdie standpunt in twee opsigte gewysig en gematig:

(i) Deur in die gemeente ampsdraers te erken aan wie die mag toekom om in gevalle van tug oefening die *voorbereidende* werksaamhede te verrig, nl. om van die saak kennis te neem, getuies te hoor, te beraadslaag oor wat moet gebeur en 'n voorstel hieroor voor die gemeente te lê, wat sodanige voorstel dan by wyse van stemming deur die gemeentedelede kan aanneem of afwys.

(Die rasegte Independentente wou, op grond van die Skrifwoord: "Sê dit vir die gemeente", selfs so 'n beperkte tugmag nie aan kerkrade toeken nie en het volgehou dat alle gevalle van tug regstreeks aan die gemeente gerapporteer word vir behandeling en dat die gemeentedelede moes self by wyse van stemming daarvoor moes beslis.)

(ii) Deur aan klassikale vergaderinge en Sinodes die reg toe te ken om in moeilike gevalle, wat vir die ^[71] plaaslike gemeente te swaar is, kennis te neem van sodanige sake, gesamentlik daarvoor te delibereer en dan te adviseer of iemand al dan nie afgesit of geëkskommuniseer moes word, terwyl die plaaslike kerk die advies kon aanneem of verwerp.

(Die egte Independentente het, op grond van die bogenoemde Skrifwoord, alle meerdere kerklike vergaderinge verwerp as ongeoorloofde en onskriftuurlike belemmering van die vryheid van die plaaslike kerk en as menslike tirannie en hiërargie oor die erfdeel van die Here. Hulle wou selfs so 'n beperkte tugmag nie aan meerdere vergaderings toeken nie.)

Die "Middleway Men" was 'n groep wat die standpunt van die Independentente gematig het en die Calvinistiese beskouinge met 'n sekere voorbehoud aanvaar het. Hulle het kerkrade, klassikale vergaderinge en Sinodes met 'n beperkte regeer- en tugmag aanvaar. Ten tyde van die Westminster Assembly was John Cotton die canonicus van hierdie groep. Hulle het 'n vierde groep in die Assembly gevorm. In hul kerkregtelike beskouinge het hulle baie nader aan die Calviniste of Gereformeerdes gestaan as die rasegte Independentente. Hulle is deur die Calviniste sterk beïnvloed en het gedeeltelik hul beskouinge aan die Calviniste ontleen.

Prof. Engelbrecht beweer dat Voetius sy kerkregtelike beskouinge gedeeltelik aan die Engelse Independentente van die 17e eeu ontleen het en prof. H.G. Kleyn het beweer dat hy "helaas, verzeild was op de klippen van een gematigd Independentisme."

Indien êrens, dan moes die "gematigde Independentisme" van Voetius juis in sy traktaat *De potestate et politia Ecclesiarum* (oor die mag en regering van die kerke) op die voorgrond getree het. Juis in hierdie traktaat kom die onderskeiding tussen *potestas libertatis* en *potestas autoritatis* voor. Indien Voetius "verzeild was op de klippen van een gematigd Independentisme," dan juis moes dit in hierdie traktaat blyk dat sy opvatting omtrent die tugmag dieselfde is as die van die gematigde Independentente of "Middle-way ^[72] Men." Hier het die professor nou 'n kostelike kans om sy bewering met bewyse te staaf. Ons nooi hom met graagte uit om uit hierdie traktaat aan te toon dat Voetius se opvatting oor die tugmag en regering van die kerke dieselfde is as die van die gematigde Independentente.

Met ewe veel en nog meer reg kan ons die stelling verkondig dat die "Middle-way Men" en John Cotton hul kerkregtelike opvattinge in die sewentiende eeu gedeeltelik ontleen

het aan die Calviniste en die Gereformeerde canonici, onder wie Voetius nie die minste was nie. En met ewe veel en nog meer reg kan die uitspraak van dr. Kleyn as volg gewysig word, nl. dat die "Middle-way Men" verseil geraak het in die vaarwater van 'n gematigde Calvinisme of presbiteriale stelsel.

Die "Middle way" het 'n geskiedenis gehad. Dit is oorspronklik afkomstig van John Robinson, predikant by die Browniste-gemeente in Leiden, wat begin het om water by die Independentistiese wyn te doen. Hy het in 1610 die Amsterdamse Browniste geadviseer om die "middle way" te volg ten einde gereise moeilikhede op te los. Die Amsterdamse Browniste het blykbaar heelwat moeilikhede gehad met die toepassing van die radikaal Independentistiese standpunt in verband met tughandeling. Dit is ook begryplik. En toe het Robinson hulle 'n "middle way" aangeraai, hoewel hy uitdruklik daarby gevoeg het dat hy self in Leiden nog nie hierdie weg volg nie. Die middeveg wat hy adviseer, hoewel hy dit self nog nie toepas nie, is om tugsake eers voor ouderlinge te lê ter wille van vrede, orde, voorkoming van verdere moeilikhede en om die behandeling van die saak voor te berei; en, as dit dan nie voor die ouderlinge kan afgehandel word nie, dan voor 'n gemeentevergadering. Dat Robinson in 1610 afwyk van die streng Independentistiese standpunt en hierdie "middle way" vir die Amsterdamse Browniste gemeente aanraai, is bewys daarvan hoe hy onder invloed van die Calvinistiese opvattinge omtrent kerkregering gematigder word in sy beskouinge. En dat hy nog verder onder invloed van die Calvinisme sy oorspronklike Independentistiese opvattinge gematig het, word bewys deur [73] die feit dat hy in 1619 in sy *Apologia justa et necessaria* hierdie "middle way" verdedig sonder enige voorbehoud as *Skriftuurlik en berustende op goddelike gesag*, terwyl hy self nege jaar vroeër dit nog nie wou toepas nie!

Hieruit is duidelik dat die "Middle-way Men" in hul kerkregtelike beskouinge sterk deur die Calvinistiese opvattinge beïnvloed is, en gekom het tot 'n standpunt wat nogal taamlik ver verwyder is van die rasegte Independentistiese.

John Cotton se boek *The Keyes* het in 1644 die lig gesien. Hoewel hy daarin nie die volle regeer- en ekskommunikasie-mag van klassisse en Sinodes wil aanvaar nie, aanvaar hy tog klassisse en Sinodes, d.w.s. die kerkverband, en ken hy aan die vergaderinge die reg en mag toe om in moeilike gevalle te handel oor sake van die plaaslike kerke, om tugsake ter hand te neem, daarvoor te beraadslaag en 'n oordeel daarvoor uit te spreek by wyse van adviese. Hierdie standpunt is al ver verwyder van die radikale Independentisme. Voor die jaar 1644 het Voetius al heelwat kerkregtelike verhandelinge gepubliseer. Sy uiters belangrike traktaat: *De Unione Ecclesiarum* (oor die kerkverband en die gesag en tugmag van klassisse en Sinodes) het reeds in 1641 die lig gesien. Blykens die *Epistola ad Buchananem* van Spanheim sr. in 1645 het die Leidse fakulteit van teologie hom met hierdie traktaat verenig en word aan mense van die Westminster Assembly meegedeel dat hierdie traktaat van Voetius in hoofsaak die kerkregtelike beskouinge van die fakulteit van Leiden weergee. Moet ons nou aanneem, soos prof. Engelbrecht doen, dat Cotton se traktaat *The Keyes* van 1644 'n paar maande later Voetius se traktaat *De Potestate et Politia Ecclesiarum*, waarin hy die volle tugmag en gesag van Sinodes handhaaf, radikaal beïnvloed het (in hierdie traktaat kom die onderskeiding van die *potestates* voor), maar dat Voetius se *De Unione* van 'n paar jaar vroeër geen invloed gehad het op *The Keyes* van Cotton nie; en dat laasgenoemde nie mede onder invloed van eersgenoemde tot sy sterk-gematigde beskouinge gekom het nie, al wou hy nog nie die volle sinodale afsettings- en ekskommunikasie-mag [74] aanvaar nie? Die betoog in Voetius se *De Potestate et Politia Ecclesiarum*, 1644, is o.m. juis ten dele 'n korreksie op Cotton se "Middle way"-standpunt, wat nog nie ver genoeg gaan in die aanvaarding van die sinodale regeer- en tugmag nie, hoewel Cotton se naam nie genoem word nie, maar Voetius na hom slegs verwys as 'n "geleerde teoloog".

Wat nou die bewyse van prof. Engelbrecht self betref vir die beweerde Independentistiese inslag van Voetius:

Sy eerste "bewys" is dat Voetius sy onderskeiding tussen *potestas communis* of *libertatis*

en *potestas auctoritatis* oorgeneem het van John Cotton se onderskeiding tussen "Church-liberty" en "Church-authority," soos dit voorkom in *The Keyes*.

Hierdie "bewys" van prof. Engelbrecht is baie swak en kan glad nie die bewyslas dra wat daarop gelaai word nie. Die feit dat Voetius hierdie onderskeiding van Cotton oorgeneem het, kan wel geld as bewys van die man se belesenheid en van die feit dat hy van die traktaat van Cotton kennis gedra het 'n paar maande ná die verskyning daarvan, maar dit kan nie geld as bewys dat hy Cotton se kerkregtelike beskouinge oorgeneem het nie. *En dit juis moet bewys word.*

In die dogmatiek bv. is dit geen onbekende verskynsel nie dat dogmatici van verskillende rigtinge dieselfde terme gebruik. Die vraag is egter altyd watter inhoud 'n dogmatikus aan 'n term gee. Ek dink nou bv. aan die term *gratia praeveniens*. Roomse en Remonstrantse dogmatici gee daaraan 'n totaal ander inhoud as bv. 'n Gereformeerde dogmatikus wanneer hy miskien die term gebruik. Of dink maar aan die terme "bekering" en "heiligmaking," Iedereen wat enigsins ter sake kundig is, weet dat Metodiste, Perfeksioniste en A.E.B.-mense 'n totaal ander inhoud daaraan gee as 'n Gereformeerde dogmatikus wat die leer van die Heilige Skrif hieromtrent uiteensit.

Deur te konstateer dat Voetius sy onderskeiding tussen *potestas communis aut libertatis* en *potestas auctoritatis* oorgeneem het van die "Middle-way Man," John Cotton, het prof. Engelbrecht nog net presies 'n groot ronde nul ^[75] bewys. Hy moes bewys het dat Voetius onder *potestas communis of libertatis* presies dieselfde verstaan, as John Cotton onder "Church-liberty"; en dat Voetius se opvatting van *potestas auctoritatis* presies dieselfde is as Cotton se opvatting van "Church-authority"; en dat Voetius se voorstelling van die verband en onderskeid tussen die twee *potestates* presies klop met Cotton se voorstelling van die verband en verskil tussen sy "Church-liberty" en "Church-authority". En nou het die geagte professor *juis in gebreke gebly om hierdie bewys te lewer*. Want hy kan dit ook nie lewer nie. 'n Noukeurige vergelyking van *The Keyes* van Cotton met Voetius se *De Potestate, Politia et Canonibus Ecclesiarum (Politica Ecdesiastica, I, Boek I, Tractaat II, blss. 114—342)* toon sonneklaar dat Voetius die teorie van Cotton in hoogs belangrike opsigte gewysig het. Hy gee 'n ander voorstelling van die verhouding tussen gemeentelede en ampsdraers as wat in *The Keyes* voorkom. En terwyl Cotton sowel die "Church-liberty" as die "Church-authority" aan die gemeente self toeken, hou Voetius vol dat die regeermag, die *potestas auctoritatis of directiva*, nooit aan die gemeentelede toekom nie, terwyl hy ook die ekskommunikasiemag en die gesag van die Sinodes handhaaf, terwyl Cotton aan meerdere vergaderinge alleen 'n heel beperkte gesag en mag wou toeken.

Die feit dat Voetius in sy *De Potestate* die teorie van Cotton in hierdie bogenoemde drie uiters belangrike opsigte gewysig het, laat duidelik sien dat hy daaraan 'n Calvinistiese, Gereformeerde inhoud gegee het en loënstraf die bewering dat hy sy kerkregtelike opvattinge gedeeltelik van die Engelse Independenten van die 17e eeu oorgeneem het sodat hy eintlik in die Independentistiese kamp tuis hoort.

Dit is nou genoegsaam wat prof. Engelbrecht se eerste bewys vir Voetius se beweerde Independentisme betref.

2. Ons kom nou by sy tweede bewys, soos hiervoor gegee in punt (d). Dit is 'n aanhaling, geneem uit bls. 12, Deel I, van die *Politica Ecdesiastica*, nl. Voetius se omskrywing van die sigbare kerk as instituut as 'n *societas fidelium liberè inita ad exercendam communionem* ^[76] *sanctorum, seu ad communicationem mutuam eorum quae ad salutem pertinent*.

Ons laat prof. Engelbrecht se vertaling van *ad communicationem mutuam* met "tot onderlinge oefening" vir wat dit werd is, omdat dit nie die hoofsaak raak nie, om aandag te gee aan die hoofsaak waaroor die geskil hier gaan.

Dat Voetius die sigbare kerk, as instituut, omskrywe as *societas fidelium liberè inita* ('n vereniging van gelowiges wat vrywillig gesluit is), is vir prof. Engelbrecht bewys dat Voetius 'n Independent is. Hy haal dan ook met instemming aan wat dr. P.J. Kromsigt

gesê het dat hy instem met wat prof. H.G. Kleyn daaromtrent beweer het, nl. dat die stelling dat elke plaaslike kerk ontstaan deur 'n *foedus liberum*, 'n vrywillige verdrag van 'n aantal gelowiges, in stryd is met die leer van die Geloofsbelydenis: "Iedere geloovige moet zich bij de plaatselijke kerk voegen."

Hier is dit slegs nodig om die bewering van dr. Kleyn te behandel, op wie se gesag dr. Kromsigt hom beroep het, terwyl prof. Engelbrecht vir sy bewering weer steun op die gesag van al twee saam.

Jammer genoeg, het dr. Kleyn ongelukkig aan Voetius nie heeltemal reg laat wedervaar nie, want die het omtrent die sigbare kerk of die kerk as instituut (*ecclesia visibilis seu instituta*) meer geleer as wat hy aanhaal en waarop hy sy uitspraak gegrond het. En as prof. Engelbrecht nou net 'n bietjie verder gelees het as net die omskrywing van die sigbare kerk op bls. 12 van Deel I, Boek I, Tract. I: *De Ecclesia Instituta*, dan sou hy wel ontdek het dat prof. Kleyn die opvatting van Voetius nie volledig weergegee het nie. As hy nie deur die bril van Kleyn en Kromsigt gekyk het nie, maar self daardie traktaat verder behoorlik gelees het, moes hy wel self tot hierdie ontdekking gekom het. Slegs 'n paar bladsye verder, nl. op bls. 15, handel Voetius oor die *causae efficientes* (bewerkende oorsaak) van die sigbare kerk. En daar lees ons:

"*Causae efficientes* considerantur 1. *vel* ratione primae institutionis, collectionis et originis Ecclesiarum particularium; 2. *vel* ratione restitutionis, Reformationis et iteratae [77] collectionis; 3. *vel* ratione conservationis, successiois et propagationis. *Ratione primae institutionis*, causae sunt: *communiter* omnes et singuli fidem profitentes, qui primo coeunt in Ecclesiam, eamque instituunt et constituunt: quorum consensus est *fundamentum proximum* Ecclesiae institutae, seu unionis Ecclesiasticae *Fundamentum ergo remotum* et *commune* est institutio divina, quae voluit tales formas ecclesiarum esse ordinaria adminicula salutis." ¹

Wat hier staan, is duidelik. Die naaste bewerkende oorsaak van die kerk as instituut wanneer dit vir die eerste maal êrens versamel en gestig word, is die vrywillige saamstemming van die gelowiges of belyders wat vir die eerste keer saamkom, die plaaslike kerk institueer en dit vorm. Dit is die *fundamentum proximum* van die plaaslike kerk. Die verderaf liggende bewerkende oorsaak is die goddelike instelling of bevel, wat die *fundamentum remotum et commune* vorm.

Deurdad dr. Kleyn die opvatting van Voetius só voorstel asof laasgenoemde alleen die vrywillige toestemming van die gelowiges as bewerkende oorsaak van die kerk beklemtoon het, kon hy skrywe dat die kerkregtelike opvatting van Voetius "in stryd" is met die Geloofsbelydenis. Maar as 'n mens nou noukeurig lees wat ons hierbo uit die *Politica Ecclesiastica* aangehaal het, en 'n mens vergelyk dit dan met art. 28, Geloofsbelydenis, dan word dit duidelik dat Voetius ten volle in ooreenstemming is met die Konfessie en dat prof. Kleyn weens 'n misverstand dit met sy uitspraak oor Voetius aan die verkeerde ent aangepak het. In art. 28 bely ons: "Ons glo dat hulle almal *verplig is* om hulle daarby (d.w.s. die ware kerk) *aan te sluit* en daarmee *te verenig* Dit is die amp van die gelowiges, [78] *volgens die Woord van God*, om hulle *af te skei* van diegene wat nie tot die kerk behoort nie, en hulle *te voeg* by hierdie vergadering, op watter plek God dit ook al gevestig het"

"Almal is verplig", " "volgens die Woord van God" — hier het ons te doen met die

¹ "Die bewerkende oorsaak word beskou 1. òf uit die gesigspunt van die eerste instituering (stigting), versameling en oorsprong van die partikuliere kerke; 2. òf uit die gesigspunt van die herstigting, reformasie en herversameling; 3. òf uit die gesigspunt van die bewaring (konservasie), opvolging en voortplanting. Uit die gesigspunt van die eerste instituering is die oorsaak: die belyders van die geloof almal gesamentlik en afsonderlik, wat vir die eerste keer saamkom in die kerk en dit stig en saamstel; hul saamstemming is die naaste grondslag van die geïnstitueerde kerk of die kerklike unie.... Die meer verwyderde en gesamentlike grondslag is dus die goddelike instelling wat gewil het dat sulke vorme van die kerke die gereelde hulpmiddele van die saligheid sal wees."

godelike instelling en bevel, die godelike "moet" wat op die gelowiges gelê is as ampsplig. Dit is wat Voetius noem die *fundamentum remotum et commune* van die kerk. Hulle aansluit by die ware kerk, hulle daarmee verenig en voeg by hierdie vergadering — dit is die vrywillige toestemming of ooreenkoms, die *foedus liberum* van die gelowiges, wat Voetius die *fundamentum proximum* van die kerk noem. Wie hom by die kerk voeg, hom daarby aansluit en daarmee verenig, doen 'n eie daad van gehoorsaamheid aan die godelike bevel. Waar die kerk op 'n plek vir die eerste keer tot openbaring kom, geskied dit deur die vrywillige *consensus* van die gelowiges.

Dit is dus duidelik dat Voetius se voorstelling van die *causae efficientes* (bewerkende oorsake) van die kerk as instituut in volle ooreenstemming is met die Geloofsbelofte; en dat dr. Kleyn se bewering dat dit in stryd is daarmee, op misverstand berus het. Volgens Voetius rus die kerkverband eweso nie alleen op die vrywillige toestemming en vrywillig aangegane verbintenisse (*foedus liberum*) van die plaaslike kerke nie, maar ook op die godelike bevel. In die *Politica Ecclesiastica*, Deel IV, bls. 119: *De synedriis* (in 1641 uitgegee onder die titel: *De Unione ecclesiarum, earumque regimine in classibus et synodis*: Oor die vereniging van die kerke en hul regering in klassikale vergaderinge en Sinodes) omskrywe Voetius die kerkverband as volg:

"Classicalis seu synodalis correspondentia est stata combinatio plurium ecclesiarum sub certo regimine et correspondentia ad mutuam aedificationem et conservationem." ²

[79] En handelende oor die grondslag of fundament van die kerkverband sê hy: "Fundamentum est geminum, institutionis scil. primae et secundae. *Illud* est jus divinum, revelatum nobis in regulis et exemplis politiae Ecclesiasticae Apostolicae, Actor. 15, 2 Cor. 8 (de quo infra): *Istud* est consensus mutuus Ecclesiarum ad talem correspondentiam et confoederationem, ex debito mutuae societatis colendae, non ex debito inferioris conditionis ad praestandum obsequium." ³

Die egte Independentente het juis ontken dat daar vir 'n kerkverband, soos deur die Calviniste verstaan, enige godelike bevel en *jus divinum* bestaan en het dit daarom volstandig verwerp. Dat Voetius juis op hierdie stukke Independent sou wees, is in stryd met die feite.

Die *Politica Ecclesiastica* van Voetius is 'n groot vierdelige werk wat in sy vier dele saam byna 4100 bladsye beslaan. Uit hierdie massa materiaal kon prof. Engelbrecht twee bewysies (segge twee) van Voetius se beweerde Independentisme na vore bring. Hoe sterk hierdie "bewyse" van prof. Engelbrecht is en hoeveel hulle werklik "bewys," het ons in die voorgaande gesien. Sal die geagte professor nie nog 'n poging aanwend om die Engelse Independentisme van Voetius te bewys nie?

Aan die begin van hierdie hoofstuk het ons gesê dat ons nog op punte (a) en (b), soos daar aangestip, sal terugkom, om die beweringe van prof. Kleyn en prof. Engelbrecht nader te belig. Hierdie belofte wil ons nou graag inruil.

Wat prof. Engelbrecht betref: hy sê dat "as 'n mens die sestiende- en sewentiende-eeuse *kerkreg* in Nederland wil bestudeer, is dit in die eerste plek nodig om na die bepalinge te vra wat deur die verskillende kerklike liggeme gemaak is. Die geskryfte van die genoemde persone (bedoel ^[80] word die Gereformeerde canonici, onder wie ook Voetius — J.V.C) kom eers in die tweede plek in aanmerking." Dan verwys prof. Engelbrecht as bronne vir die kennis van die kerkreg van die 16e en 17e eeu na die verskillende

² "Klassikale of sinodale verband is 'n vasstaande saamvoeging van meerdere kerke onder 'n vaste regering en verband tot onderlinge opbouing en bewaring."

³ "Die grondslag is tweërlei, te wete die primêre en die sekundêre van die instituering. Eersgenoemde is die godelike reg aan ons geopenbaar in die reëls en voorbeelde van die Apostoliese kerklike regering, Hand. 15, 2 Kor. 8 (waaroor hieronder). Laasgenoemde is die onderlinge bewilling van die kerke tot sodanige verband en konfederasie, uit verpligting tot onderlinge gemeenskaplike opbouing en nie uit verpligting van onderhorigheid tot betoning van onderworpenheid nie."

kerkordes, van Wesel 1568 tot Dordrecht, 1618, 1619, en noem hy ook nog 'n aantal boeke as bronne, soos die *Compendium der Kerkelijke Wetten van Vriesland*, die *Synodale Ordonnantiën van Gelderland*, die *Utrechts Synodaal Handboekje*, die *Kerkenordeningen van Zeelandt*, die *Wetten der Classicale Vergaderingen in Walcheren* en die *Kerkelijke Placaatboek*. En dan sê prof. Engelbrecht dat hierdie geskifte die voorrang verdien en dat die partikuliere beskouinge van Voetius en ander canonici eers in die tweede plek kom.

Ek wil nie met prof. Engelbrecht oor die bronne van die Gereformeerde kerkreg disputeer nie, anders sou ek daarop kan wys dat die Woord van God, die *jus divinum*, natuurlik in die eerste plek kom; dan die gereformeerde Konfessie, dan die kerkordes en kerklike besluite en in die laaste plek die geskifte van die canonici. Maar ek wil slegs aantoon wat die waarde is van die bronne wat hy noem, vir die kennis van die gereformeerde kerkreg.

Ons stem graag toe dat, as 'n mens wil weet wat die daadwerklike toedrag van sake was in verband met die regering en bestuur van die kerke in Nederland in daardie tyd, 'n mens die genoemde boeke in die eerste plaas moet raadpleeg, omdat hulle natuurlik uitsluitel gee oor die historie, die feitelike toestand van sake. As 'n mens bv. wil weet hoe die Engelse kerk gedurende die regering van koningin Elizabeth of koning Jacobus I geregeer is en bestaan het, dan moet hy die bepalinge en besluite raadpleeg wat daarvoor gemaak is en na die historiese oorkondes gaan. Daaruit kry 'n mens die informasie oor die feitelik-bestaande toestand. *Maar daaruit alleen leer jy nie die gereformeerde kerkreg ken nie.* Vir die kennis hiervan het jy nog iets anders nodig as die historiese oorkondes deur prof. Engelbrecht opgenoem. Die betekenis van *Compendium* en *Placaatboek* vir die kennis van die gereformeerde kerkreg is betreklik bykomstig. Want alles ^[81] wat in *Compendium* en *Placaatboek* staan en wat krag van besluit gehad het in die kerke in Nederland was nog nie gereformeerd nie.

In 'n vorige hoofstuk oor die "Vrye kerk" het ons reeds gewys op die feitelike toedrag van sake in die Nederlandse kerke ná die jaar 1575 — 'n toedrag van sake wat ten slotte só geword het dat Ypey en Dermout kon sê dat daar van die Calvinistiese kerkinrigting en -regering 'niets meer dan zweem en schaduw' oorgebly het nie. Wanneer 'n mens nou die kerkregtelike bronne bestudeer wat deur prof. Engelbrecht opgenoem is, dan moet 'n mens rekening hou met hierdie toedrag van sake. En dan gee *Compendium*, *Placaatboek*, ens., vir ons te sien daardie "zweem en schaduw" van die Calvinistiese stelsel van kerkinrigting en -regering.

Anders staan dit met die kerkordes wat deur verskillende Sinodes tussen 1568 en 1618 opgestel is. Hulle is van meer waarde vir die kennis van die gereformeerde kerkreg.

Die bepalinge van Wesel, 1568, was nie besluite van 'n Sinode nie, maar van 'n konvent van liefhebbers van die kerk. Die manne wat daar vergader het, het as partikuliere persone bymekaar gekom. Hulle het nie lasbriewe van sendende kerke gehad nie. Hulle was almal die gereformeerde belydenis toegedaan en het die gereformeerde waarheid liefgehad. Dit was in daardie skriklike tyd toe die Gereformeerde Kerke in die Suidelike Nederlande deur Alva te vuur en te swaard uitgeroei was. Die manne het saamgekom om te beraadslaag oor die bestek van 'n Calvinisties-gereformeerde kerkinrigting vir die Nederlande, waarvolgens Gereformeerde Kerke en 'n kerkverband en -regering tot stand kon gebring word wanneer dit God sou behaag om aan die verdruktes hul vryheid te gee. Hier is 'n bestek ontwerp vir vrye Gereformeerde Kerke, los van staatsbeheer, volgens Calvinistiese model. Daarom is die Weselse artikels vir die kennis van Calvinisties-gereformeerde kerkreg van baie meer betekenis as bv. die vyf lywige kwarto-dele van die *Placaatboek*. Die Weselse artikels laat ons sien hoe daardie ou Calviniste gedink het in verband met gereformeerde kerkinrigting, -regering en -reg.

[82] Drie jaar later het die Sinode van Emden, 1571, in ooreenstemming met die Weselse artikels 'n kerkorde ontwerp vir die Gereformeerde Kerke van Nederland wanneer die vryheid daar sou wees. Die Sinode het buitenslands vergader omdat die Nederlandse Gereformeerdes nog onder die kruis en die verstrooiing gesit het. Ook

hierdie kerkorde is vir die kennis van die gereformeerde kerkreg van groot betekenis, omdat dit ons laat sien hoe die afgevaardigdes van die kerke self die Calvinistiese kerkregtelike beginsels prakties in toepassing wou bring.

Ook die kerkorde van die provinsiale Sinode van Dordrecht, 1574, hoewel die slegs 'n provinsiale Sinode was waarop afgevaardigdes van vyf klassisse teenwoordig was, is van groot betekenis vir die kennis van die gereformeerde kerkreg en toon ons hoe die provinsiale kerk self gemeen het om die bepalinge van Emden toe te pas en uit te voer.

Maar van toe af het dit anders geword. Nadat die staatkundige vryheid gekom het, het die owerhede van Nederland, soos ons reeds gesien het, verhinder dat die kerke vry sou wees, volgens Calvinistiese opvatting. Hulle is wel beskerm geword, maar moes hiervoor betaal met die vryheid, en hulle moes onderworpenheid in kerklike sake aan die owerhede aanvaar. Nadat die staatkundige vryheid gekom het, het die worstelinge van die sg. "kerklikes" om die vryheid van die kerk begin, teenoor die "staatsse" mense wat volgens die Zwingliaanse kerk-idee voorstanders was van 'n staatsbeskermd, staatsbeheerde en staatsgeregeerde kerk. En aangesien die meeste owerhede in hierdie saak Zwingliaans-gesind was, het hulle verhinder dat die kerkorde wat die Sinodes self ontwerp het, kon toegepas en uitgevoer word.

Ek wil hier nie die worstelinge tussen Calvinisme en Zwinglianisme in Nederland in verband met die kerk in skets probeer bring nie. Dit is genoeg as ek hier aanstip dat daar by verdere kerkordes en besluite met hierdie stand van sake rekening moet gehou word. Die "kerklikes" of Calviniste moes *no lens volens* die toestand aanvaar en die beste probeer maak van die saak. Die latere kerkordes ^[83] wat deur Sinodes opgestel is, moet in hierdie lig gesien word. Daaruit word vir ons duidelik hoeveel hulle nog van die Calvinistiese stelsel probeer red het, maar ook watter toegewinge aan die owerhede gedoen is in ruil daarvoor. Selfs die Dordtse kerkorde van 1618, 1619 vertoon die spore hiervan en bevat toegewinge aan die wêreldlike owerhede, waarvan die bedoeling was om van die owerhede die wetlike erkenning van 'n algemene kerkorde te verkry. Hierdie pogings het nooit geslaag nie. Die owerhede het wel die toegewinge geëis, maar het nooit toegestem dat 'n algemene kerkorde vir die Nederlandse kerke van krag sou wees nie.

By die bestudering van die verskillende kerkordes wat ná 1575 deur die kerke self ontwerp is en die bepaling van hul waarde vir die kennis van die Gereformeerde kerkreg moet daar:

(a) Onderskei word tussen wat in ooreenstemming is met die Calvinistiese kerkregtelike beginsels en wat as toegewing aan Zwingliaansgesinde owerhede gedoen is of deur laasgenoemdes afgedwing is, soos bv. Die reg van "hant-opening" en van approbasie van beroepe predikante, ouderlinge en diakens deur die magistraat van die plek.

(b) Onthou word dat die feitelike stand van sake in die kerke van die verskillende provinsies van Nederland nooit in ooreenstemming met die bepalinge van die kerkordes was nie. As voorbeeld: art. 44 van die kerkorde van die Sinode van 's Gravenhage, 1586, het bepaal: "De Nationale Synode sal ordinarelijken alle drij jaren eens ghehouden worden, ten ware datter eenighe dringhende noot ware den tijt corter te nemen" Omdat die kerke self nie vry was om los van owerheidsbeheer in generale Sinode te vergader nie, maar die verskillende provinsiale State hieroor seggenskap gehad het, het daar langer as dertig jaar geen generale Sinode bymekaargekom nie. Só is die kerke in Nederland deur Zwingliaansgesinde owerhede, jaloers op hul mag en preëminensie, "beskerm" en "bevorder" van staatsweë! En hoewel dieselfde bepaling weer voorgekom het in die kerkorde van 1618, 1619 (art. 50), was die nasionale Sinode van Dordrecht van daardie jare die laaste ^[84] wat in Nederland gehou is. Nooit weer in die 17e of die 18e eeu kon die Nederlandse kerke in generale Sinode bymekaarkom nie. Die bepalinge van die kerkorde hieroor laat ons sien hoe die kerke self geprobeer het om die Calvinistiese kerkinrigting en -regering te red. Die *historie en die Compendium van Kerkelijke Wetten* en die *Placaatboek* laat ons sien wat daadwerklik daarvan tereg gekom het.

Ek het gesê dat *Compendium* en *Placaatboek* ons laat sien daardie "zweem en schaduw" van die Calvinistiese kerkinrigting. Hulle het nie baie waarde as bronne vir die kennis van die Gereformeerde kerkreg nie. Hulle het alleen historiese waarde om ons in te lig omtrent die feitelike toestand. En *hoe* die feitelike toestand was, sodat daar ten slotte niks meer as net "zweem en schaduw" van die Calvinistiese kerkinrigting en -regering oorgebly het nie, blyk o.a. uit *Kerkelyk Placaatboek*, Deel I, blss. 72–74 (uitgawe N. Wiltens, 1722). Ons gee dit hier as curiositeit uit 'n verbygegane tyd, om aan te toon waarvan die oorwinning van die "vryekerk-idee" wat deur prof. Engelbrecht so gewraak word, ons verlos het. Dit is:

"RESOLUTIE aengaende de beroepinge van een Predikant tot Dordrecht, 22 Junii, 1691....

"De Heeren Gedeputeerden der Stadt Dordrecht hebben, *uyt den naem ende van wegens de Heeren hare Principalen*, ter Vergaderinge voorgedragen, dat bij de voorschreve Stadt de Kerckelijcke Ordonnantie van den jaere vijftien hondert een en negentigh aengenomen sijnde, de selve aldaer tot noch toe is gepractiseert geweest: Dat de gemelde Kerckelijcke Ordonnantie, spreekende van de verkiesinge der Praedikanten, medebrenghet, dat soo wanneer in de Steden eenigen Dienaer des Woordts Godts sal ontbrecken, sullen de Burgermeesteren der selver Steden committeren vier Persoonen, die sij daer toe het bequaemste sullen verstaen; ende sullen de Burgermeesteren ende Regeerders voorschreven, de Dienaers des Woordts Godts, en de Ouderlingen der Kercke in de selve Stede bevelen, mede uyt den haeren vier Persoonen te committeren, die ^[85] gesamentlijck, na voorgaende gebeden, ende ondersoeck dies aengaende bij henlieden te doen, procederen sullen tot verkiesinge van alsulcken Persoon of Personen als hun goetduncken sal tot den voorseyden dienst van noden, nut ende bequaem te zijn, en de selve hare verkiesinge alsdan voordragen het Collegie van de voornoemde Burgermeesteren en Regeerders, ende indien de gedane verkiesinge de selve aengenaem is, sal den verkosen Persoon in der manieren naervolgende geëxamineert werden, ende soo verre hij bevonden wordt bequaem, ende van Godt genoeghsaem begaeft te zijn, sal hij de Gemeynthe in de Kercke voorgehouden werden, ende indien binnen veertien dagen daer na niemandt hem en openbaert die eenige redenen weet voor te brengen, waerom men hem niet behoort te ontfangen, sal hij tot den voornoemden dienst, met oplegginge der handen, ofte anders, na de wijze van een yegelijcke Kerck, aengenomen, en in bedieninge van den voornoemden dienst gesteldt werden, maer soo verre de voorschreve Burgermeesteren en Regeerders verklaren de voorschreve verkiesinge henluyden niet en behagen, sullen de voorschreve Gedeputeerden, ende in de maniere als vooren, tot nieuwe verkiesinge van eenige andere procederen.

"Dat door het afsterven van Dominicus Oldenburgh, een Praedikants-Ampt vacant zijnde geworden, den Oudt-Raede der voorschreve Stadt, in gevolge van de voorschreve Kerckelijcke Ordonnantie, het *Collegium Mixtum* hadden doen formeren, om het gemelde vacerende Praedikants-Ampt te doen vervullen; maar alhoewel ten dien eynde verscheide Vergaderingen waren aengeleyt, de selve altoos vruchteloos waren afgelopen, door dien de stemmen in het Collegie soodanigh gepartageert waren gebleven, dat noch bij de eene noch bij de andere geen pluraliteyt uytgemaect konden werden, sijnde bij die geene die wegens den Oudt-Raede in het voorschreve Collegie gecommitteert waren, voorgeslagen eenen Dominus Zappius, en bij de Kerckelijcke eenen Dominus vander Meer, sonder dat de eene of de andere van de voorschreve Commissanssen konnen werden bewoogen, om van hun sentiment af te ^[86] gaen, niet tegenstaende dat verscheide sessien daer mede zijjn geconsumeert.

"Dat eyndelijck bij de Commissarissen uyt de Regeeringe is voorgeslagen de alternative van dese twee expediënten, te weten, dat men van wederzijdtsch noch eenige Persoonen soude assumeeren, om een tentamen te doen, of men door die wegh tot een pluraliteyt soude konnen geraken.

"Of anders dat men het different door het Lot soude decideren.

"Dat het eerste van dese twee expediënten absolutelyck door de Kerckelijcke was gerejecteert.

"Ende het tweede niet anders aengenomen, als onder conditie, dat de lootinge van soodanigen effecte souden moeten zijn, dat de Regeeringe de electie op dese wijze gedaen, niet souden vermogen te improberen; dat dewijle de saecke bij de Regeeringe niet konde nagegeven werden, zijnde het selve seer surprenant, dat een Kerckenraedt soo ongerijmde saecken, en soo contrarie aen het respect, dat de selve aen haere Magistraet schuldigh is, derfde sustineren, ende echter dit haer sentiment met de uytterste hardtneckigheyt bleven drijven; de gemelde Heeren Gedeputeerden versoghten, dat haer Edele Groot Mog. geliefden de voorschreve Kerckenraedt, en der selver Gecommitteerden in het *Collegium Mixtum* te gelasten, binnen den tijdt van aght dagen de voorschreve lootinge te accepteren, ofte dat andersints den Persoon, bij de vier Gecommitteerden van den Oudt-Raede geprojecteert, sal werden gehouden voor verkooren, behoudens het recht van approbatie en improbatie, den voornoemden Oudt-Raede competerende, blijvende het verdere van de voorschreve Kerckelijcke Ordonnantie in zijn geheel ende volkomen vigeur, met bevel aen den gemelden Kerckenraede, van sich daer exactelyck na te reguleren.

"Waer op gedelibereert sijnde, is goedtgevonden ende verstaen, dat den voorschreven Kerckenraedt, ende de Gedeputeerden van den selven, in het voorschreve *Collegium Mixtum*, sullen werden belast ende bevolen, soo als de selve belast ende bevolen werden mits desen, de voorschreve lootinge aen te nemen. ende daer toe binnen den tijdt van [87] aght dagen, na dato desen tot hare kennisse sal wesen gekomen, te procederen, of dat bij gebreecke van dien, de Persoon bij de vier Gecommitteerden van den Oudt-Raede der Stadt Dordrecht voorgedragen, sal werden gehouden voor verkooren bij het voorschreve *Collegium Mixtum*, behoudens die van den voorschreven Oudt-Raede het recht van approbatie en improbatie, de selve competerende, ende blijvende het verdere van de Kerckelijcke Ordonnantien in zijn geheel en vigeur; Lastende en bevelende die van den Kerckenraede voornoemt, haer daer naer exactelyck te reguleren."

Bostaande is maar één staaltjie van hoe plaaslike magistrate en "Edele Groot Mog." ('n mens dink onwillekeurig aan Mogols) die kerk in Nederland "beskerm" het en hoe pogings van die "kerklikes" wat in daardie ongunstige omstandighede gepoog het om nog iets (hoe min ook al) van die kerklike vryheid te red, beskou is as "seer surprenant," as "soo ongerijmde saecken" en as "soo contrarie aen het respect, dat de selve aen haere Magistraet schuldigh is." Die *Placaatboek* wemel van sulke dinge, wat getuig hoe daar van die rasegte Calvinistiese kerk-inrigting niks meer nie as net "sweem en schaduw" oorgebly het onder die hande van Zwingliaanse owerhede wat in hul hoogheidswaan heerskappy gevoer het oor die erfdeel van die Here.

Nou wil ek maar net aan prof. Engelbrecht vra: Is bostaande u begrip en opvatting van Gereformeerde kerkreg? Is dit u opvatting van 'n kerk, ingerig volgens Calvinistiese kerkregtelike beginsels?

As prof. Engelbrecht na sulke dinge kan verwys as bronne vir die kennis van die Gereformeerde kerkreg, is dit 'n wonder dat hy egte Calvinistiese beginsels van kerkregering bestempel as Independentisties? Maar hoe kan hy dan ook anders, as hy ons verwys na 'n Zwingliaanse en Erastiaanse toedrag van sake as bron om die kerkreg van die Nederlandse kerke van die 16e en die 17e eeu te ken? Want dit is duidelik dat hy hierdie toedrag van sake aansien vir die regte toepassing van Calvinistiese [88] beginsels en die idee van die vrye kerk beskou as Neo-Calvinistiese "afwyking"!

Voordat prof. Engelbrecht hom weer uitspreek oor Calvinisme en Neo-Calvinisme en 'n "gecorrigeerde" brosjure die wêreld instuur oor "Neo-Calvinistiese afwyking", moet hy maar eers sy Zwingliaanse en Erastiaanse kerkregtelike bril aflê, sodat hy tog reg kan sien.

Wat nou prof. Kleyn se uitsprake aanbetref, waarop prof. Engelbrecht hom in verband met Voetius beroep, daarvoor hoef ons, ná wat voorafgegaan het, nie lank uit te wei nie.

Dit is volkome waar, soos prof. Kleyn gesê het, dat die *Politica Ecclesiastica* handel nie oor die bestaande inrigting van die Nederlandse kerke in die 17e eeu nie, maar oor die *jus constituendum*; sodat Voetius se uitsprake uitdruk, nie hoe die toestand daadwerklik is nie, maar hoe dit, volgens Gereformeerde kerkreg, behoort te wees. Verder is dit ook volkome waar dat die *Politica Ecclesiastica* van Voetius geen wetboek is nie, ook geen verklaring van 'n wetboek nie, maar 'n regstelsel. Dit is die Calvinistiese kerkregtelike stelsel wat deur Voetius in die vier dele van daardie werk uiteengesit en ontwikkel is. Maar verder is dit nie volkome waar dat die stelsel, soos deur Voetius uiteengesit en ontwikkel, nie aangekleef is deur die manne wat die Hervormde Kerk in Nederland geplant het nie. Want hier kom die vraag op: Watter manne word deur prof. Kleyn as die kerkplanters in Nederland beskou? As dit Maarten Luther was, dan het prof. Kleyn heeltemal gelyk. Ook as dit Desiderius Erasmus van Rotterdam en Ulrich Zwingli van Zürich of hul volgelinge was, dan bly die uitspraak van prof. Kleyn staan. Dit bly ook nog staan as die staatsgesinde party van ná 1574 en sy leiers as die kerkplanters van Nederland gesien word. Maar sy uitspraak val teen die grond as die verstrooides van die in 1567 deur Alva verwoeste kerke van Suid-Nederland, as die manne van Wesel (1568), van die Sinode van Emden (1571) en van die partikuliere Sinode van Dordrecht (1574), kortom as die sg. "Kerckelijken" of Calviniste as die kerkplanters gesien word. Voetius was in die 17e eeu [89] een van die canonici van hierdie mense, die Calviniste, wat gedurig teen die staatsgesinde Zwingliane gebots het en geworstel het vir 'n gereformeerde kerkinrigting en -regering, volgens Calvinistiese model, getrek uit en gegrond op die Heilige Skrif.

Hierdie kerkplanters het wél die stelsel aangekleef wat deur Voetius in die 17e eeu op so 'n meesterlike manier behandel, bepleit, verdedig en ontwikkel is. En hy was ongetwyfeld die beste kenner van die Gereformeerde kerkreg in die 17e eeu. Dat daar van hul Skriftuurlike kerkregtelike stelsel in die Nederlandse kerk ten slotte "niets meer dan alleen zweem en schaduw" oorgebly het, was nie die skuld van die Calviniste nie. Die skuld daarvan moet gelê word voor die deur van die Zwingliaansgesinde State en van die "Staatse" party van die 16e en die 17e eeu. En hulle verkeerdheid was oorsaak dat dit in Nederland tot in die 19e eeu geduur het voordat die Calvinistiese gedagtes omtrent vrye kerke verwesenlik is ná baie stryd, moeilike worstelinge, harde woorde en bittere onaangenaamhede.

[90] Hoofstuk VI

PROF. ENGELBRECHT OOR DR. A. KUYPER

In *Die Hervormer* van 21 Mei 1943 het professor Engelbrecht geskrywe: "Die kerkverband is dan (d.w.s. volgens die Neo-Calviniste) van vrywillige aard, en die belydenis is dan die kontrak waarop hierdie kerkverband vrywillig aangegaan is en waarop die verskillende kerke hulle grond. Hierdie Neo-Calvinistiese dwaling is afkomstig van die Engelse Independenten van die sewentiende eeu. Die kerkregtelike opvattinge van hierdie Independenten is nie alleen gedeeltelik deur Voetius oorgeneem nie, maar ook deur dr. Kuyper, soos hy self erken in sy *Confidentie* van 1873 en in sy baie opsigte pragtige studie van 1874 oor *Het Calvinisme, Oorsprong en Waarborg onzer Constitutioneele Vrijheden*."

In my werkie *Neo-Calvinisme — Verbastering of Regte Ontwikkeling?* het ek die geagte professor toe gevra om vir ons die bladsy en die betrokke paragraaf van *Confidentie* te noem waar ons hierdie "erkenning" van dr. A. Kuyper kan vind. So het ek eweneens versoek in verband met Kuyper se lesing van 1874: "Het Calvinisme" ens.

In sy "gecorrigeerde brochure" *Neo-Calvinisme — Ontwikkeling en Afwyking* het prof. Engelbrecht nou 'n poging aangewend om aan hierdie versoek te voldoen en die betrokke paragraaf en bladsy van elkeen van hierdie geskrifte van Kuyper te noem waar die beweerde "erkenning" te vinde sou wees.

Wat prof. Engelbrecht alles geskrywe het in hoofstuk 4 van sy oorspronklike of ongekorrigeerde brosjure, en vernameamlik aan die end van daardie hoofstuk, gaan ons nou maar stilswygend verby, sowel wat die toon as die inhoud daarvan betref. Dit is nie nodig om dit in besonderhede te behandel nie. Die geagte professor het [91] dit, soos ons reeds weet, self haastig teruggeroep, op grond daarvan dat dit 'n "ongekorrigeerde" uitgawe was, en hy het gevra dat ons maar so vriendelik moes wees om dit te beskou as "nie-bestaande nie." Dit is ook maar goed dat hy dit gedoen het. Want dat hy in staat was om die onwetenskaplike bewerings neer te pen wat hy daar ten beste gegee het, en pas tot die ontdekking van sy flaters gekom het nadat sy aandag deur ander mense daarop gevestig was, is erg genoeg. Dit is nie nodig om verder openbaarheid daaraan te verleen nie.

Maar nou het prof. Engelbrecht in die "gecorrigeerde" uitgawe 'n poging aangewend om die betrokke bladsye en paragrawe van *Confidentie* en van *Het Calvinisme, Oorsprong en Waarborg onzer Constitutioneele Vrijheden* aan te dui waarin dr. A. Kuyper dan sou erken dat hy sy kerkregtelike beskouinge gedeeltelik oorgeneem het van die Engelse Independenten van die sewentiende eeu.

'n Mens sou dink dat as dr. Kuyper sodanige "erkenning" gedoen het en 'n uitspraak ten effekte dat hy sy kerkregtelike beskouinge gedeeltelik van die Engelse Independenten oorgeneem het in die genoemde geskrifte neergepen het, dit betreklik maklik sou wees om die paragraaf en pagina aan te wys. Prof. Engelbrecht het egter in albei gevalle 'n groot omhaal van woorde nodig om sodanige "erkenning" van dr. Kuyper te bewys. Hieruit is dit duidelik dat 'n mens daardie geskrifte met 'n sekere bril op jou oë moet lees om die "erkenning" daarin te vind. Vir 'n klaarblyklike, duidelike erkenning is nie so 'n omslagtige redenasie nodig nie.

Waarom bestaan daardie beweerde "erkenning" van dr. Kuyper nou?

Ons begin met die *Confidentie*. Die erkenning dat hy sy kerkregtelike beskouinge deels van die Engelse Independenten van die sewentiende eeu oorgeneem het, sou dan hieruit duidelik wees dat dr. Kuyper 'n voorstander was van die "vrye kerk." Eers probeer prof. Engelbrecht om 'n oop deur in te slaan deur die bewys te lewer dat dr. Kuyper 'n voorstander was van die vrye kerk — iets wat glad nie nodig was om te bewys nie, aangesien niemand [92] dit betwis nie. Om hierdie "bewys" te lewer, word dan aangehaal uit 'n hele reeks geskrifte, asook uit geskrifte en preke van dr. Kuyper self. Wanneer hy

dan by *Confidentie* kom, sê prof. Engelbrecht:

"Dr. Kuyper trek in *Confidentie* hewig te velde teen die Volkskerkideaal. Op bls. 83 sê hy dat dit Rome was wat die eerste van die Christelike gemeente 'n Volkskerk gemaak het. *'Een Volkskerk is tegen de analogie des geloofs, en weerspreekt de groote tegenstelling tusschen Christus en de wêreld, die van Genesis drie tot Openbaring negentien de hoofgedachte der Schrift vormt.'* Die Volkskerk sou dan volgens hom nooit gebloei het nie, behalwe in Engeland en Skotland omdat dit daar *'door krachtige concurrentie uit haar tragen aard werd geprikkeld en slechts Volkskerk voor een deel kon zijn,'* waardeur die bloei van die Christendom nog daar die sigbaarste was (bls. 84). Nou weet ons dat daardie concurrentie waar die Volkskerk in Engeland en Skotland mee te doen gehad het, en waardeur daar volgens dr. Kuyper nog 'n mate van bloei was, die Vryekerke van die Independentente was. Baie van hierdie Independentente is later na Amerika en het daar hulle Vryekerk-ideaal verwesenlik. Daarom wil dr. Kuyper van die Volkskerk in Nederland, nl. die Hervormde Kerk, *'dat men haar afbreke'* en voorspel hy tewens *'dat haar dagen geteld zijn.'* Van *'de sjplitsing in vrije kerken'* verwag hy dan ook alleen heil. Vir hom is die keuse tussen Vryekerk of Volkskerk 'n keuse tussen Amerika en Rome, soos hy op bls. 85 sê: *'Dien dubbelen drang volgend, moeten dus de volkskerken zich in kleine kerken splitsen, of zich op een stuwen tot één alles omvattende massaliteit. Amerika of Rome. Een derde is er voor onze toekomst niet.'* En dan omskryf hy hierdie keuse 'Amerika of Rome' nader as 'n keuse tussen *'La multitude des Eglises'* en *L'èglise de la totalité,'* d.w.s. die keuse tussen 'n menigte van kerke en die kerk van die geheel."

Tot sover prof. Engelbrecht. Die gekursiveerde sinsnedes of gedeeltes van sinsnedes in die bostaande is aangehaal uit *Confidentie* van dr. Kuyper. Die verdere [93] daarby is nie van dr. Kuyper nie, maar van prof. Engelbrecht self. Wanneer hy nou op blss. 33 en 34 van sy *Neo-Calvinisme — Ontwikkeling en Afwyking* daardie paar sinsnedes of gedeeltes van sinsnedes tussen sy eie redenasie en omhaal van woorde ingelas het, roep hy triomfantelik uit: "nou het ds. Coetzee die bladsy en betrokke paragraaf van die *Confidentie*."

Nou wil ek nie herhaal wat ek in 'n vorige hoofstuk geskrywe het oor prof. Engelbrecht en die vrye kerk nie. Maar ek laat dit aan elke leser oor om self te oordeel of hy in daardie gekursiveerde gedeeltes hierbo enige "erkenning" van dr. Kuyper kan lees dat laasgenoemde sy kerkregtelike denkbeelde en beskouinge gedeeltelik aan die Engelse Independentente van die 17e eeu ontleen het. Daarom het ek gesê dat 'n mens *Confidentie* met 'n sekere bril op jou oë moet lees om sodanige "erkenning" daarin te vind as wat prof. Engelbrecht vir dr. Kuyper aangevrywe het. Wie daardie bril nie op het, ontdek nie die sg. "erkenning" nie. En ná die hele groot omhaal van woorde betreffende *Confidentie* en die poging van prof. Engelbrecht om vir sy eie satisfaksie daaruit so 'n "erkenning" te distilleer, kan ons maar nog net sê: ds. Coetzee (en elke ongebrilde leser) het nog nie die bladsy en betrokke paragraaf uit *Confidentie* waarin dr. Kuyper die "erkenning" gedoen het dat hy sy kerkregtelike beskouinge gedeeltelik van die Engelse Independentente oorgeneem het nie. Dat prof. Engelbrecht uit wat dr. Kuyper in *Confidentie* geskrywe het, tot sy eie satisfaksie, met 'n soort redeneer-gimnastiek so 'n gevolgtrekking distilleer, is vir sy eie rekening en hy is daar self alleen voor verantwoordelik. Niemand sal hom seker wel die reg wil betwis om hom met sodanige tydverdryf onledig te hou as hy daar vermaak in vind nie. Dit is sy eie saak as hy hom op hierdie manier wil amuseer. Toe ons kinders was, het ons baiekeer rietperd gery en niemand het ons die reg betwis om ons met hierdie kinderspel te vermaak nie. Waarteen 'n mens wel beswaar moet maak, is dat prof. Engelbrecht 'n kaartjie aan sy rietperd vasbind, daarop skrywe: "Dr. A. Kuyper se perd" en nou probeer [94] om mense te laat glo dat dr. Kuyper op die dingetjie gery het!

Ons het die geagte professor ook uitgenooi om uit dr. Kuyper se geskrif *Het Calvinisme, Oorsprong en Waarborg onzer Constitutioneele Vrijheden* paragraaf en pagina aan te haal waar dr. Kuyper die bostaande erkenning sou gedoen het, soos die professor beweer het.

Die poging wat Syhooggeleerde in sy "gecorrigeerde" brosjure gedoen het om hierdie "erkenning" van dr. Kuyper in *Het Calvinisme*, ens., te vind, het nie beter geslaag as die in verband met *Confidentie* nie. Ook hier kon hy dit hoogstens regkry om so 'n "erkenning" met 'n hele ingewikkelde redenering te distilleer uit wat dr. Kuyper geskrywe het omtrent die stryd van die Independentente (beter gesê: Dissenters) van die 17e eeu vir kerklike en godsdienstige vryheid. (Ons spreek liefs van Dissenters. Alle Independentente was wel Dissenters, maar nie alle Dissenters of Nonkonformiste was Independentente nie. Afgesien van die feit dat daar onder die Independentente allerlei groepe was, van baie radikaal tot baie gematig, was daar vernaamlik in Engeland baie egte Calviniste onder die Dissenters, soos reeds in 'n vorige hoofstuk aangetoon.) Dat dr. Kuyper in 1874 nie skerp tussen die rasegte of radikale Independentente en die Calviniste in die groot groep Dissenters onderskei het nie, maar hulle almal onder die versamelnaam "Independentente" saamgevat het, is waar. Maar hy het trouens ook nie onderskei tussen radikale en meer gematigde Independentente nie. Ons het reeds in 'n vorige hoofstuk gesien dat John Robinson gaandeweg meer en meer deur die Calvinisme beïnvloed is. Dat die verskillende Dissenter-groepe, wat deur dr. Kuyper almal saamgevat word onder die versamelnaam Independentente, vir die verwesenliking en toepassing van denkbeelde van Calvyn self gestry het, ontgaan prof. Engelbrecht geheel en al. Alleen die feit dat dr. Kuyper met waardering melding maak van hul stryd vir kerklike en godsdienstige vryheid, is vir prof. Engelbrecht van belang. Daaruit distilleer hy dan dat dr. Kuyper sy kerkregtelike denkbeelde deels van die Independentente oorgeneem het.

[95] In 'n voetnoot op bls. 35 van sy brosjure konstateer prof. Engelbrecht dat dr. A. Kuyper met reg daarop gewys het dat ons demokratiese instellinge en konstitusionele vryhede te danke is aan die opkoms van die Calvinisme. Blykbaar is prof. Engelbrecht dus ook van beskouing dat die Calvinisme die gedagte van kerklike en gewetensvryheid in die wêreld ingedra het. Maar dit het telkens geblyk dat die vrye kerk vir prof. Engelbrecht 'n anti-Calvinistiese, onreformatoriese en onskriftuurlike gedagte is. Hy beskou dit as afwyking van die Calvinistiese spoor. Vir hom is dit 'n bedenklike iets wat afkomstig is van die Independentente. Dit is só bedenklik dat die geagte professor dit as plig beskou om nou nog gedurig die gedagte van die vrye kerk met krag te bestry. Maar hoe kan hy dan sê dat dr. Kuyper *met reg* daarop gewys het dat ons demokratiese instellinge en konstitusionele vryhede (waaronder kerklike vryheid nie die minste is nie) te danke is aan die opkoms van die *Calvinisme*? Indien Calvyn nie die saad van die vrye kerk in die wêreld geplant het nie; indien dit 'n bedenklike vinding is van die Independentente van die 17e eeu, soos prof. Engelbrecht gedurig te kenne gee, dan kan hy mos nie die stelling beaam dat ons konstitusionele vryhede aan die opkoms van die Calvinisme te danke is nie. Dan moes hy tog gesê het dat dr. Kuyper dit *verkeerdelik* daaraan toegeskrywe het. Dit is tog duidelik.

Indien die Independententisme in sy stryd vir kerklike vryheid in die 17e eeu nie die draer was van Calvyn se gedagtes nie, maar van eie gedagtes wat anti-Calvinisties, onreformatories en onskriftuurlik is, soos prof. Engelbrecht dit tipeer, dan is dit mos histories verkeerd om die Calvinisme te sien as oorsprong en waarborg van ons konstitusionele vryhede. En dan moes prof. Engelbrecht mos die hele lesing van dr. Kuyper gesignaleer het as 'n historiese misgreep! Dan het hy mos verkeerdelik aan die Calvinisme dinge toegeskrywe wat die wêreld van die Independententisme ontvang het. Want hier is net een van twee moontlik: òf die Independententisme van die 17e eeu het die stryd gevoer vir verwesenliking en toepassing van denkbeelde van Calvyn, òf hy het gestry vir 'n eie stel denkbeelde wat in die grond [96] van die saak van Calvyn syne afgewyk het. Dr. Kuyper was oortuig van die eerste en het daarom sy lesing gehou oor die *Calvinisme*, "oorsprong en waarborg onser constitutioneele vryheden." Prof. Engelbrecht sê dat hy oortuig is van die tweede; dat die vrye kerk 'n bedenklike vinding is van die Independententisme; dat dr. Kuyper sy idee van 'n vrye kerk oorgeneem het, deels van die Independentente en deels van Vinet; dat hierdie beskouing oncalvinisties, onreformatories en onskriftuurlik is. Nieteenstaande dit alles sê hy dat dr. Kuyper met reg daarop wys dat ons konstitusionele vryhede aan die opkoms van die Calvinisme te danke is! Hier staan ons voor 'n sielkundige raaisel van prof. Engelbrecht se

"gecorrigeerde" brosjure. Is daardie twee woordjies "met reg" in die voetnoot op bls. 35 van die gekorrigeerde brosjure nie miskien 'n ongekorrigeerde iets van die ongekorrigeerde oorspronklike publikasie wat by die korreksie sy aandag ontglip het nie? Moes dit nie lui nie dat dr. Kuyper *ten onregte* daarop gewys het dat ons konstitusionele vryhede aan die opkoms van die Calvinisme te danke is en dat dit in werklikheid te danke is aan die Independentisme van die 17e eeu en dat dr. Kuyper aan sy lesing 'n ander opskrif moes gegee het om histories juis te wees?

Dat dr. Kuyper in hierdie geskrif te min die nadruk gelê het op die feit dat die Independentente van die 17e eeu hul denkbeelde oor kerklike en gewetensvryheid aan Calvyn ontleen het, stem ons geredelik toe. Hierdeur het hy wel die skyn op homself gelaai dat hy deur die Independentisme sterk beïnvloed was en het hy sy teenstanders 'n stok in die hand gegee om hom mee te slaan. Maar ons mag nie vergeet nie dat dr. Kuyper hierdie lesing gehou het betreklik aan die begin van sy loopbaan, as jong man. Dat sy oordeel destyds nog nie tot volle rypheid gekom het nie, is verstaanbaar. Dat sy siening van die geskiedenis egter in beginsel reg was, blyk wel ten volle hieruit dat hy die *Calvinisme* geteken het as die geestelike krag waaraan die wêreld die skatte van kerklike, burgerlike en gewetens' vryheid te danke het, en nie die sewentiende-eeuse Independentisme as oorsprong hiervan gesien het nie.

[97] Niemand wat ter sake kundig is, sal wil betwis dat die *Calvinisme* oorsprong en waarborg van ons vryhede is nie.

Prof. Engelbrecht het hoofstuk 5 van sy *Neo-Calvinisme — Ontwikkeling en Afwyking* gewy aan 'n bespreking van die optrede van dr. A. Kuyper. Dit beslaan ruim 'n kwart van die brosjure van 90 bladsye, nl. van bls. 42 tot en met bls. 66. Ons gaan dit stilswygend verby, omdat dit met die punte wat deur die geagte professor oorspronklik in geding gebring is in sy artikels in *Die Hervormer*, en waarop ons geantwoord het, niks te doen het nie. Dit gee die indruk dat die geagte professor alles waarop hy die hand kon lê, bygesleep het om dr. Kuyper en die "Neo-Calviniste" te beswadder en te verkleineer. Hierdie hoofstuk is geskrywe na aanleiding van 'n opmerking wat ek gemaak het op bls. 11 van die boekie *Neo-Calvinisme — Verbastering of Regte Ontwikkeling?* ten effekte dat dr. Kuyper se teenstanders van naam in Nederland hom nie van *onopregtheid* beskuldig het nie. Toe het die geagte professor hierdie uitgebreide hoofstuk geskrywe om aan te toon dat my bewering histories onjuis is en dat teenstanders dr. Kuyper nie alleen van *onopregtheid* beskuldig het nie, maar nog van heelwat erger dinge ook. Hier gee ons dit aan die geagte professor gewonne en erken eerlik dat ons dit in hierdie verband mis gehad het. Ons gee nou geredelik toe dat ons oorspronklik in hierdie opsig misgetas het en dat dr. Kuyper wel baie smadelik deur teenstanders bejeën is, van wie sommige, soos dr. Bronsveld, leermeester van prof. Engelbrecht, hom nie ontsien het om dr. Kuyper se karakter aan te tas nie. Maar ons gaan dit verder stilswygend verby, omdat hoofstuk 5 van prof. Engelbrecht se boek nie die kwessies raak waaroor die geding tussen ons gaan nie. Daar is egter nog een kwessie in die geding, wat deur prof. Engelbrecht self aangeroen is in die laaste hoofstuk van sy boek, nl. "Slotopmerkings." Hieroor in die volgende hoofstuk.

[98] Hoofstuk VII

PROF. ENGELBRECHT OOR DIE KONFESSIONELE PRAKTYK VAN DIE NED. HERVORMDE KERK

In die slothoofstuk van sy gekorrigeerde brosjure het prof. Engelbrecht die kwessie van *konfessionele praktyk* te berde gebring na aanleiding van wat ek geskrywe het in my boekie oor die weiering van die kant van die Hervormde professore van Pretoria om mee te werk aan 'n voorgenome Bybelverklaring (bls. 71 van *Neo-Calvinisme — Verbastering of Regte Ontwikkeling?*).

Prof. Engelbrecht haal die geskrif aan van dr. J.J. van Toorenenbergen: *De Symbolische Schriften der Nederlandsche Hervormde Kerk*. Hy verwys na die Voorberig by hierdie uitgawe en na die opstel van dr. Van Toorenenbergen op blss. vii—xxxix oor "De Confessioneele Praktijk in de Nederlandsche Hervormde Kerk, 1561—1619." Prof. Engelbrecht noem hierdie opstel 'n "mooi en voortreflike opstel" (bls. 87). En dan gaan hy voort: "Wat dr. Van Toorenenbergen daarin skryf, kan nog altyd die 'Confessioneele Praktijk' van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika genoem word, soos dit meermaal deur die hoë kerkvergaderings en by monde en in geskrifte van verskillende evangeliedienaars uitgespreek is." Dan word daar verwys na ds. M.J. Goddefroy, na *Die Hervormer* en die Almanak van die Hervormde Kerk, na artikels en redevoeringe van ds. L.E. Brandt en na die *Handboek der Dogmatiek* van prof. dr. P.J. Muller. (In bostaande aanhaling is die kursivering van my. — J.V.C.)

Ek het nie alles wat prof. Engelbrecht op bls. 87 van sy gekorrigeerde brosjure opgenoem het, gekontroleer om vas te stel of dit wel met dr. Van Toorenenbergen saamstem of nie. Op gesag van prof. Engelbrecht neem ek aan dat dit wel saamstem en dat die Voorberig en opstel [99] van dr. Van Toorenenbergen by sy uitgawe van *De Symbolische Schriften*, ens., wél die konfessionele praktyk van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika goed en suiwer vertolk. Daarom sal ek my tot hierdie stukke beperk in my bespreking van hierdie saak. As Van Toorenenbergen se opvattinge nie deur prof. Engelbrecht en die Hervormde Kerk van Afrika gedeel word nie, dan moet die geagte professor maar bedink dat hy ons dan verkeerd ingelig het. (Ek maak gebruik van die tweede hersiene uitgawe van die *Symbolische Schriften* van dr. Van Toorenenbergen, wat in 1895 verskyn het by Kemink en Zoon, Utrecht.) Om tot helderheid te kom, sal dit nodig wees dat ons aan prof. Engelbrecht sekere vrae stel oor die "Voorbericht" en die "mooi en voortreflike opstel" van dr. Van Toorenenbergen. Ek doen dit nie graag nie, omdat ek weet dat prof. Engelbrecht sterk eksepsie teen sodanige vrae neem, soos blyk uit wat ons op bls. 24 van sy gekorrigeerde brosjure kan lees. Toe ek destyds aan die professor gevra het: "Is dit u te doen om verswakking van die sekundêre binding, nl. die aan die Belydenisskrifte?" en gesê het: "Die Hervormde Kerk van Afrika sal seker wel 'n ondubbelsinnige antwoord van u kant op hierdie vraag verwelkom," het die geagte professor in groot verontwaardiging opgestuif en gevra: "Waar kom ds. Coetzee, wat predikant in die Gereformeerde Kerk is, aan die reg om my so 'n vraag te stel en dit nogal indirek namens die Hervormde Kerk? Wie het ds. Coetzee die bevoegdheid gegee om in die Hervormde Kerk te kom kyk of alles in orde is?" Op gevaar af dat die geagte professor weer so in verontwaardiging sal opstuif, sal ons egter verplig wees om in die volgende bladsye meermale aan hom vrae te stel. Ons wil hom verseker dat ons dit nie doen om hom, soos hy dink, verdag te maak nie, maar alleen ter wille van helderheid. Vir inligting omtrent die konfessionele praktyk van die Hervormde Kerk van Afrika het prof. Engelbrecht ons immers self verwys na die Voorberig en opstel van dr. Van Toorenenbergen. En omdat ons graag wil weet of prof. Engelbrecht die draagwydte van die uitsprake en betoog van dr. Van [100] Toorenenbergen aanvaar en of die Hervormde Kerk van Afrika daarmee saamstem, stel ons die vrae in die volgende bladsye.

Wat ds. Coetzee se *reg* aanbetref om sulke vrae te stel, wil ek slegs opmerk dat die geagte professor self daardie "reg" verleen as hy ons na Van Toorenenbergen verwys om geïnformeer te word en op die hoogte te kom omtrent die konfessionele praktyk van die

Hervormde Kerk van Afrika. En aangesien die Hervormde Kerk van Afrika nie 'n Vrymesselaarslosie is waarvan die teologiese professore van Pretoria grootmeesters is en waarin nie-lede geen reg van navraag en ondersoek het nie, maar 'n openbare instelling wat die Woord preek en die sakramente bedien, sal die geagte professor ons dit wel ten goede hou as ons hom 'n paar vrae stel, sodat hy die geleentheid het om moontlike misverstand by ons weg te neem, of ook sodat ons vir die toekoms presies kan weet wat ons aan mekaar het.

Nog 'n ander opmerking: Ons sal nie gaan aantoon dat dr. Van Toorenenbergen hom verkeerdelik beroep het op Ursinus en Trigland ter staving van sy besondere konfessionele praktyk nie. Dit is nie moeilik om aan te toon dat Van Toorenenbergen se konfessionele praktyk nie die konfessionele praktyk van die Gereformeerde Kerke van die 16e en die 17e eeu was nie. Maar dit sal ons te ver wegvoer van die punt wat nou onder bespreking is. Slegs as prof. Engelbrecht volhou dat die konfessionele praktyk van die Hervormde Kerk van Afrika is soos Van Toorenenbergen dit voorgestel het, sal ons verplig wees om aan te toon dat dit 'n "konfessionele praktyk" is wat myle ver afwyk van die van die Gereformeerde Kerke van die 16e en die 17e eeu.

In die bogemelde "Voorbericht" sê Van Toorenenbergen: "*Al de stukken der leer in alles te handhaven, is zonder de vernieuwing van het actueel verband tusschen de gemeente en de voor haar nooit onverschillig of onnoodig te achten oorkonden van haar wezen als Hervormde Kerk* ^[101] (nl. die Nederl. Geloofsbelydenis en die Kategismus) *eenvoudig onmogelijk*" (bls. v).

Ons sal aan die einde sien wat dr. Van Toorenenbergen verstaan het onder "de vernieuwing van het actueel verband." Maar ons wil hier aan prof. Engelbrecht die vraag voorlê: *Stem u hiermee saam* dat dit in ons tyd eenvoudig onmoontlik is om "al de stukken der leer in alles" te handhaaf, soos hulle vervat is in die Drie Formuliere van Enigheid van ons drie Hollands-Afrikaanse Kerke? Is dit die uitgangspunt van die konfessionele praktyk van die Hervormde Kerk van Afrika dat dit "eenvoudig onmogelijk is om al de stukken der leer in alles te handhaven"? Is dit die rigting van die teologiese opleiding aan Afdeling A van die teologiese fakulteit van die Universiteit van Pretoria?

Ons, d.w.s. Christene en Gereformeerde belyders wat nie aan die Ned. Herv. Kerk van Afrika behoort nie, sal seker wel ter wille van klaarheid 'n ondubbelsinnige antwoord op hierdie vrae verwelkom.

In sy gemelde "Voorbericht" sê dr. Van Toorenenbergen ook "*dat het der Gereformeerde Kerk steeds te doen is geweest om 'de substantie der leer' die zij belijdt te bewaren en niet om de handhaving van de oudheid der letter*" (blv). En waar dr. Van Toorenenbergen pertinent uitspreek dat dit vandag eenvoudig onmoontlik is om "al de stukken der leer" te handhaaf en daarteenoor stel dat dit die Geref. Kerk steeds te doen was om "de substantie der leer die zij belijdt" te bewaar, daar is dit; sonneklaar dat "al de stukken der leer" en "de substantie der leer" volgens dr. Van Toorenenbergen mekaar nie dek nie, maar twee verskillende groothede is.

En nou sal prof. Engelbrecht, wat ons self na die "Voorbericht" verwys het om op die hoogte te kom van die konfessionele praktyk van die Hervormde Kerk van Afrika, ons dit seker vergewe as ons hom andermaal vra: *Stem u saam* dat "al de stukken der leer" iets anders is as "de substantie der leer"? Dat dit ons alleen om laasgenoemde te doen is en dat dit eenvoudig onmoontlik ^[102] is om al die stukke van die leer te handhaaf, soos dit in ons Belydenisskrifte vervat is?

Ook hieroor sal 'n ondubbelsinnige antwoord welkom wees vir gereformeerde belyders wat nie aan die Ned. Hervormde Kerk van Afrika behoort nie — 'n antwoord wat terselfdertyd buite twyfel stel of *dit* die konfessionele praktyk van die Hervormde Kerk in Afrika is.

In sy "Voorbericht" sê dr. Van Toorenenbergen verder: "*Het is in het voetspoor der vaderen voortgaan wanneer wij er rekening mede houden dat twee en eene halve eeuw lang* (vandag reeds meer as drie eeue — J.V.C.) *iedere opzettelijke, officiële*

'herziening' van de Symbolische Schriften onzer Kerk is achterwege gebleven. Daardoor is de betrekking der Kerk tot hare Formulieren noodwendig gewijzigd."

Weer moet ons aan prof. Engelbrecht die vraag voorlê: Stem u hiermee saam? Is dit ook u opvatting dat die betrekking van die Kerk tot die Formuliere van Enigheid noodwendig gewysig is omdat die Belydenisskrifte gedurende meer as drie eeue nie elke drie jaar aan "hersiening" of revisie onderwerp is nie? Sinds 1618 tot nou is dit byna 330 jaar. Stem u saam dat die feit dat die Formuliere van Enigheid nie honderd-en-tien maal aan "herziening" onderwerp is nie, die gevolg gehad het dat die betrekking van die Kerk tot die Formuliere "noodwendig gewijzigd" is, sodat die Kerk vandag nie meer "al de stukken der leer" kan handhaaf nie, en dat dit daarom vir ons vandag slegs aankom op "de substantie der leer"?

In sy opstel oor die konfessionele praktyk in die Nederlandse Hervormde Kerk stel dr. Van Toorenenbergen die vraag: *"Hoe zijn de oorkonden van ons kerkelijk bestaan nu nog te gebruiken?"* en dan antwoord hy *dat hy nie bedoel "hetgeen men gewoonlijk onder handhaving der Formulieren verstaat."* Wat hy dan wêl bedoel, so sê hy, is: *"Hoe hebben wij de Belijdenisschriften onzer Kerk te gebruiken als leuzen van samenwerking ook voor desen tijd, en tot aanwijzing van hetgeen in de Kerk nog altijd gehandhaafd worden moet?"* Dan gaan hy voort om te sê: *"Het antwoord op deze vraag wordt met recht gevorderd [103] van hen, die genoegsaam den moed van hunne overtuiging hadden, om voor vriend en vijand uit te spreken, dat niet de geheele Symbolische Schrift als zoodanig de blijvende belijdenis der Kerk kan zijn* en die niet minder beslist, met de oorkonden van het aanzijn en wezen der Kerk in de hand, aandrongen op handhaving van hetgeen de Kerk niet versaken kan sonder zich te dooden" (bls. x).

Ook in verband met die bo-aangehaalde wil ons aan prof. Engelbrecht die vraag voorlê: Stem u saam met wat dr. Van Toorenenbergen in die aangehaalde sitaat geskrywe het? Is u ook van oordeel dat ons Formuliere van Enigheid vandag nog net gebruik kan word as "leuzen van samenwerking ook voor desen tijd" en as "aanwijzing" van die substansie wat nog in die kerk moet gehandhaaf word, maar dat hulle self nie meer as Formuliere van Enigheid kan gehandhaaf word nie? Is u ook daarvan oortuig en sal u genoegsaam die moed van u oortuiging hê "om voor vriend en vijand uit te spreken dat niet de geheele Symbolische Schrift als zoodanig de blijvende belijdenis der Kerk kan zijn"? En is dit alles die oortuiging van die Hervormde Kerk van Afrika, van sy predikante en ouderlinge en diakens, en is *dit* sy konfessionele praktyk?

In sy opstel sê dr. Van Toorenenbergen verder: *"Die ons de Belijdenisschriften zou willen voorleggen als den Codex, naar welks letter de geloofsrechter heeft te oordeelen, hij zou een onzinnig werk doen, dat vooraf geslagen zou wezen met den ban van eene volstreckte onmogelijkheid en onprofijtelijkheid (Hebr. 7:18)."*

As ons nou Hebr. 7:18 opslaan, dan lees ons daar: *"Want aan die een kant is daar die opheffing van die voorafgaande gebod weens die swakheid en nutteloosheid daarvan."* En as ons nou noukeurig lees, dan sien ons in die verband dat die aangehaalde Bybelteks betrekking het op die opheffing van die Levitiese priesterskap, volgens die wet van Moses, as swak en onprofytelik en nutteloos, om plek te maak vir die ware priesterskap van Christus wat volgens die ordening van Melgisédék is. Die bestempeling van die Belydenisskrifte as "onprofytelik" of "nutteloos" en die vergelyking daarvan met die oorbodig-geworde [104] Levitiese priesterskap, noop ons om aan prof. Engelbrecht die vraag voor te lê: Stem u saam met die uitspraak hierbo aangehaal? Stem u saam dat die Belydenisskrifte van ons drie Hollands-Afrikaanse Kerke in Suid-Afrika nie meer die reël kan wees nie waarvolgens die geloofsregter (d.w.s. die bevoegde kerklike vergaderinge, kerkrade, klassisse en sinodes) mag oordeel oor wat suiwere Bybels-regsinne leer is en wat afwykende en valse leer uitmaak? Stem u saam dat die Belydenisskrifte vir hierdie doel nutteloos en onprofytelik is en dat die geloofsregter 'n onsinnige werk sou doen as hy daarvolgens wil oordeel? Stem u saam dat die Belydenisskrifte van die Kerk in ons tyd net so nutteloos en onprofytelik geword het as die Levitiese priesterskap in die volheid van die tyd? En dat hulle "opgehef" moet word

soos met die Levitiese priesterskap en die seremoniële geboorte van Moses gebeur het?

Ook hierop sal ons 'n ondubbelsinnige antwoord van u kant verwelkom.

Ons gaan verder. Spreekende oor die Leerreëls of Canones van Dordt, 1618, 1619 (ook bekend as die Vyf Artikels teen die Remonstrante) sê dr. Van Toorenenbergen: *"Die merkwaardige leerregels hebben als theologisch betoog met slechts een tijdelijk, maar ook een schoolsch karakter. Daarom behooren zij tot de Symbolische apocrypha en moeten als een bijzonder deel van het corpus doctrinae worden aangemerkt"* (bls. xxii).

Volgens dr. Van Toorenenbergen besit die Canones van Dordt geen kerklike outoriteit nie. "Zij kunnen niet op eenen zoo ouden, zoo echt confessioneelen adel bogen; zij staan ook naar hun aard en oorsprong niet op dezelfde lijn met de Confessie en den Catechismus" (bls. xxii).

Die Leerreëls sou dan 'n *tydelike* en skoolse karakter dra. Tydelik, d.w.s. hulle is opgestel teen 'n sekere soort kerkvyande uit die 17e eeu. Met die afsterwe van daardie vyande sou hulle, goed besien, hul toepaslikheid en krag verloor en nutteloos geword het.

Om in ons eeu die kerk te wil bind aan die Dordtse Leerreëls is in stryd met die bedoeling van die vaders. Dr. Van Toorenenbergen sê: "Het is daarom met de ^[105] bedoeling van de vaders weinig strookende, wanneer sommige moderne orthodoxisten de tegenstellingen, in de Canones voorkomende, nu nog voetstoots willen gebruiken tegen hetgeen buiten verband met de Arminiaansche grondstelling van den vrijen wil geleerd wordt."

Om ons nou goed te laat voel hoe ongeskik, ondergeskik, onbeduidend en sonder gesag die Canones van Dordt sou wees, bestempel dr. Van Toorenenbergen hulle keurig en skerp as "simboliese apokriewe."

Net soos die apokriewe Bybelboeke volstrek minderwaardig is vergeleke met die kanonieke boeke, so is dit met die Leerreëls, vergeleke met die Konfessie en die Kategismus.

Op Gereformeerde standpunt besit die apokriewe boeke van die Bybel glad geen gesag nie, maar ken ons *al* die gesag toe alleen aan die kanonieke boeke. Die bestempeling van die Leerreëls as "simboliese apokriewe" wil dus sê dat daar op konfessionele terrein aan die Canones van Dordt glad geen gesag toekom nie, en dat alleen die Konfessie en die Kategismus kerklike gesag besit.

Weer is ons verplig om aan prof. Engelbrecht die vraag voor te lê: Stem u saam dat die Dordtse Leerreëls "simboliese apokriewe" is?

Ook hierop sal gereformeerde belyders in Suid-Afrika wat nie tot die Ned. Hervormde Kerk van Afrika behoort nie 'n ondubbelsinnige antwoord verwelkom.

Ook die Hervormde Kerk van Afrika sal daar seker prys op stel as prof. Engelbrecht hom hieroor duidelik en ondubbelsinnig wil uitspreek.

Te meer sal so 'n antwoord verwelkom word as ons onthou dat in die Dordtse Leerreëls die leer van die goddelike verkiesing en verwerping noukeurig uiteengesit is — daardie kenmerkende leerstuk van die Gereformeerde Kerke — en, in verband daarmee, die leer omtrent die dood van Christus en die versoening van die mense deur sy dood, die leer omtrent die mens se verdorwenheid en sy bekering tot God en dat in verband met die ewige verkiesing daar ook belydenis gedoen word van die volharding van die gelowiges.

Moet die uiteensetting en belydenis van die ewige predestinasie van God en van die ander leerstukke in ^[106] verband daarmee nou gesien word as "simboliese apokriewe"? Stem u, prof. Engelbrecht, saam met hierdie uitspraak en moet ons op u gesag aanneem dat die Hervormde Kerk van Afrika se konfessionele praktyk is om die belydenis van die goddelike verkiesing en verwerping en die aanverwante waarhede te beskou as "simboliese apokriewe"?

"SIMBOLIESE APOKRIEWE." Só spreek dr. Van Toorenenbergen van die Canones van Dordt in sy opstel. En prof. Engelbrecht sê: "Wat dr. Van Toorenenbergen daarin skryf, kan nog altyd die 'konfessionele praktyk' van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika genoem word."

Het die Hervormde Kerk van Afrika al ooit geweet dat hy die Dordtse Leerreëls, wat die ewige predestinasie van God so uitnemend bely, as "simboliese apokriewe" beskou? Is hy op die hoogte daarvan dat aan hom 'n konfessionele praktyk toegeskrywe word waarin die Canones van Dordt, met die belydenis van die goddelike verkiesing en verwerping, tot "simboliese apokriewe" gemaak word? Stem die predikante en die ander ampsdraers van die Hervormde Kerk almal hiermee saam dat *dit* die konfessionele praktyk van hul kerk is? Dit sal baie goed wees as ons nou eenmaal hieroor tot helderheid kom en dat dit duidelik word of prof. Engelbrecht al of nie die konfessionele praktyk van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika reg vertolk.

"SIMBOLIESE APOKRIEWE." Nou word dit ook duidelik waarom van Hervormde kant samewerking geweier is aan 'n Bybelverklaring wat gebonde moes wees aan die Belydenisskrifte van die Kerke en wat 'n "uiteensetting van die gereformeerde verklaring van die Skrif" moes bring. Want as 'n deel van die gereformeerde Belydenisskrifte en die kenmerkende gereformeerde leerstuk — die belydenis van die verkiesing en verwerping van God — as "simboliese apokriewe" beskou word, dan *kan* teoloë wat daardie beskouing huldig nie aan so 'n Bybelverklaring meewerk nie. Maar die hele groot omhaal van woorde waarmee die weiering om saam te werk goedgepraat is (blss. 82–85 van *Neo-Calvinisme — Ontwikkeling en Afwyking*), was dan ook oorbodig. Dit was genoeg as [107] daar gesê was: "Ons konfessionele praktyk, waarvolgens die Canones van Dordt as 'simboliese apokriewe' beskou word, belet ons om saam te werk."

Dan was daar ten minste klare wyn geskink en was daar geen vertroebeling van die teëstelling nie.

"SIMBOLIESE APOKRIEWE." Hier is ook die sleutel om vir ons dr. Van Toorenenbergen se bedoeling te ontsluit as hy spreek van "de substantie der leer" in teëstelling met "al de stukken der leer in alles" van die Dordtse ondertekeningsformulier. Hy het dit uitgespreek dat 'niet de geheele Symbolische Schrift als soodanig de blijvende belijdenis der Kerk kan zijn', maar dat dit aankom op "de substantie der leer". En onder die term "substantie" verstaan hy dan die "Credo" wat uit die Formuliere te voorskyn tree tot 'n voortdurende en wettige evangeliese gebruik (bls. vi), die "fundamenteele" in die leer in teëstelling met die minder gewigtige, die eintlike gesagvolle of kern in die Formuliere (bls. xxx) in teëstelling met die aksidentele. Hy sê dan ook: "De bruikbaarheid van hare oude oorkonden hangt af van de wettigheid en de juistheid der onderscheiding tusschen het blijvend Credo en het aan verandering onderworpen dogmatisch samenstel" (bls. xxxvii). Om nou nader te laat verstaan wat hierdie "substantiële," hierdie "fundamenteele," hierdie "kern" of "Credo" is, bied dr. Van Toorenenbergen as maatstaf vir ons 'n uitspraak van die Lutheraan dr. E. Sartorius (blss. xxxvii en xxxviii), waarin doop en Nagmaal as toetssteen van daardie "substantie" geneem word. En dan werk dr. Van Toorenenbergen aan die hand hiervan dit só uit dat die ewige predestinasie glad geen plek kry onder die "substantie" of "Credo" van die gereformeerde Kerk-, belydenis nie. Dit behoort natuurlik tot die "simboliese apokriewe".

Sy uitspraak lui as volg: "Bij de erkenning van desen maatstaf is de vraag naar hetgeen der Kerke als het wezen des Christendoms en dus als hoofzaak in hare belijdenis gelden moet, niet moeilijk te beantwoorden. Het is de leer der dingen, die onmiddellijk met onse behoudenis in [108] verband staan: de leer van God, den Vader en den Zoon en den Heiligen Geest, tot wiens erkenning in de ondeelbare eenigheid van het wesen Gods, als de drievuldige oorzaak van onse behoudenis, wij allen gedoopt zijn; van den eenigen Middelaar, in wiens dood wij gedoopt zijn; en van den weg der behoudenis in de offerande zijns lichaams en in het bloed der verzoening, dien wij verkondigen aan het Avondmaal totdat Hij komt" (bls. xxxiv).

Hieruit blyk dat die predestinasie, die leerstuk van die genaderyke verkiesing en die

vrymagtige verwerping van God, deur dr. Van Toorenenbergen nie gereken word tot "de leer der dinge, die onmiddellik met onze behoudenis in verband staan" nie. Dit hoort nie tot die substantie, die fondament of Credo of kern nie. Dit is heeltemal in ooreenstemming met sy standpunt dat die Canones waarin hierdie leerstuk besonderlik bely en verklaar is, behoort tot 'n soort "simboliese apokriewe."

Op bls. xxxv sê dr. Van Toorenenbergen weer: "En de Gereformeerde Kerk heeft, door de genade aan haar geschonken, eene belijdenis, die op dit hoofpunt (nl. insake die Credo of substansie — J.V.C.) geen 'onseker geluid' geeft. Zij wijst ons den 'eenigen troost' bij de erkenning van de ellende der sonde (nie: "des zondaars" nie — J.V.C.), in de volkomenheid der verlossing en de dankbaarheid voor haar besit met klaarheid aan. Daarin ligt hetgeen in de Confessie niet veranderen mag, omdat het Evangelie eeuwig is. Dat staat altijd vast, altijd helder, altijd bruikbaar, altijd onmisbaar voor het oog."

Hieruit is duidelik dat dr. Van Toorenenbergen die kenmerkende Credo van die Gereformeerde Kerke soek in die belydenis van die drie stukke van "ellende, verlossing en dankbaarheid," sonder die minste poging tot dogmatiese uitwerking; sonder die minste poging om die diepte, die omvang en die volstrekteid van die ellende van die sondaar Skriftuurlik te peil, of die ewige, oorsaaklike Vrederaad en verkiesing van God in Christus Jesus, waaruit die verlossing ons toekom, op die voorgrond te stel, of ook die oorsprong van die krag van die dankbaarheid, die maatstaf en die doel waaraan dit gebonde is, in die oog te vat.

[109] In hierdie bepaling van die Credo, wat dan die kenmerkende van die belydenis van die Geref. Kerke sou wees, moet, volgens dr. Van Toorenenbergen, *die dogmatiese uitwerking* van die stukke in die Belydenisskrifte nie geld nie. Die is van minder belang, slegs aksidenteel en behoort nie tot die "fundamentele" of "substantie" nie. Immers, op bls. xv sê hy: "niet om het uitwerken van dogmatiese stellingen, maar om het *Credo*, de substantie der leer die men beleed, was het te doen." En op bls. xxxii haal hy dr. Sartorius met instemming aan waar hy sê: "Daartoe (d.w.s. tot die Simbool — J.V.C.) behooren wel de dogmatiese, argumenteerende, apologetiese en polemiese bestanddeelen, zonder dat zij evenwel daarom de eigenlijke, verbindende substantie der Symbolen vormen."

Dr. Van Toorenenbergen kon die dogmatiese uitwerking nie reken as behorende weselik by die Belydenisskrifte nie, maar moes dit beskou as aksidenteel en van minder belang, omdat hy anders sy eie doel sou verydel het, nl. om uit die Belydenisskrifte 'n kern of Credo uit te skei.

Maar as dit nou so is dat die dogmatiese uitwerking van die stukke van ellende, verlossing en dankbaarheid, soos die Geref. Kerke dit in hul Belydenisskrifte gegee het, aksidenteel, verbygaand en van minder betekenis is, dan wil ons hier slegs vra: Hoe is die leerstukke van ellende, verlossing en dankbaarheid dan kenmerkend van die Geref. Kerke? Waarin is die Geref. Kerke dan onderskeie van bv. die Roomse, die Remonstrante en die Wederdopers, wat almal eweneens hierdie drie stukke bely?

En aan prof. Engelbrecht wil ons in hierdie verband die vraag voorlê: Stem u saam dat daar onderskei moet word tussen "het blijvend Credo en het aan verandering onderworpen dogmatisch zamenstel" van die Belydenisskrifte van die Geref. Kerke? Stem u saam dat die dogmatiese uitwerking van die Belydenisskrifte aksidenteel is en van minder belang? Is dit werklik die konfessionele praktyk van die Hervormde Kerk van Afrika om 'n sg. "substantie" af te skei uit die Belydenisskrifte, die "dogmatiese uitwerking", wat die Kerk self daaraan gegee het, as "van minder belang" opsy te sit en die dogmatiese uitwerking **[110]** of "zamenstel" aan elkeen se vryheid oor te laat? Is dit die "konfessionele praktyk" van die Hervormde Kerk van Afrika om dit van minder belang en aksidenteel te ag *hoe* die Vader en die Seun en die Heilige Gees bely en verkondig word, solank daar maar net oor die Vader en die Seun en die Heilige Gees gepreek word? Ag die Hervormde Kerk van Afrika dit waarlik aksidenteel en van minder belang *hoe* die ellende, die verlossing en die dankbaarheid van die sondaar bely en voorgestel word, solank daar maar nog net in die verkondiging van hierdie drie stukke

sprake is? Ag die Hervormde Kerk waarlik die dogmatiese uitwerking of "zamenstel" onbelangrik? Is dit volgens die konfessionele praktyk van die Hervormde Kerk van Afrika onverskillig en van minder belang of die drie stukke van ellende, verlossing en dankbaarheid in Roomse, Remonstrantse of Metodistiese sin, dan wel in Gereformeerde sin bely en gepreek word?

Ons het gesê dat ons aan die einde sou terugkom op wat dr. Van Toorenenbergen verstaan het onder "de vernieuwing van het actueel verband" waarsonder dit dan nie moontlik sou wees om in ons tyd nog die Belydenisskrifte van die Kerk te handhaaf nie. Volgens sy "Voorbericht" en sy "mooi en voortreflike opstel" het dr. Van Toorenenbergen nog kans gesien om in ons tyd 'n Credo of substansie van die leer te handhaaf onder die volgende voorwaardes en beperkinge:

(a) Dat die Kerk deur sy sinode van sy oorgelewerde Belydenisskrifte of "oorkonden zijns aanzijns" slegs soveel goedkeur en aanvaar as wat daarin in ooreenstemming is met die belydenisse van ander Kerke met wie daar saam 'n "harmonia confessionum" (harmonie van konfessies) onderteken word;

(b) dat die Kerk die tekste van sodanige konfessie(s) wat aan hom voorgelê word, voortdurend baie noukeurig ondersoek en soveel as wat nodig is, korrigeer; ^[111]

(c) dat die Belydenisskrifte elke drie jaar op elke nasionale sinode aan revisie of hersiening onderwerp sal word.

Ons gaan hier nie nader in op die onhistoriese "revisie-storie" wat dr. Van Toorenenbergen in sy opstel geskiedkundig wou bewys nie. Dit is voldoende en ten voete uit weêrlê deur wyle dr. A. Kuyper in sy *Revisie der Revisie-legende* — 'n geskrif wat dr. Van Toorenenbergen nooit kans gesien het om te weêrlê nie. Hierop sal ons alleen nader ingaan indien prof. Engelbrecht die stelling wil verdedig dat dit histories die goeie gereformeerde konfessionele praktyk is om die Belydenisskrifte om die drie jaar aan revisie te onderwerp. Hier wil ons slegs aan die geagte professor vra, ter wille van helderheid en die goeie ontwikkeling van die gereformeerde teologie in Suid-Afrika, en met die oog op die handhawing van die Belydenisskrifte: Stem u saam dat enige handhawing daarvan alleen kan plaasvind onder beding dat daar "vernieuwing van het actueele verband" kom, onderworpe aan die bogestelde drie voorwaardes en beperkinge? Kan die Hervormde Kerk van Afrika alleen onder sulke bedinge, voorwaardes en beperkinge van sy Belydenisskrifte "leuzen van samenwerking" maak? En, so ja, wanneer gaan die Hervormde Kerk van Afrika klaarkom met belydenishersiening sodat mense kan weet wat hy bely en watter "leuzen van samenwerking" hy aanvaar?

Ons vind dit moeilik om te glo dat die konfessionele praktyk van dr. Van Toorenenbergen die konfessionele praktyk van die Hervormde Kerk van Afrika is en neem aan dat prof. Engelbrecht die draagwydte van dr. Van Toorenenbergen se uitsprake nie ten volle besef het nie toe hy geskrywe het dat wat dr. Van Toorenenbergen daarvoor geskrywe het ook nog altyd die konfessionele praktyk van die Hervormde Kerk van Afrika is.

Het ons hier miskien ook nog te doen met 'n ongekorrigeerde deel van professor Engelbrecht se "gekorrigeerde" brosjure?